



**Wes-Kaapse  
Regering**

Vervoer  
en Openbare Werke



**Jaarverslag**  
2019/2020



**Wes-Kaapse  
Regering**  
Vervoer  
en Openbare Werke

DEPARTEMENT VAN VERVOER EN  
OPENBARE WERKE

Wes-Kaapse Regering

POS 10

JAARVERSLAG  
2019 /20

PR: 176/2020

ISBN: 978-0-621-48528

Teenstrydighede tussen verskillende tekste

In die geval van enige teenstrydigheid tussen die Engelse teks en sy Afrikaanse of isiXhosa vertalings, geniet die Engelse teks voorrang.

## Inhoud

Deel A: Algemene inligting.....	1
1 Departement se algemene inligting .....	1
2 Akronieme .....	2
3 Voorwoord deur die Provinsiale Minister .....	7
4 Verslag van die Rekenpligtige Beampte (RB) .....	10
4.1 Oorsig van die DVOW se bedrywe.....	10
4.2 Geleenthede .....	12
4.3 Oorsig van die DVOW se finansiële resultate .....	17
4.4 Viremente en oorgedraagde fondse .....	20
4.5 Behoud van inkomste .....	21
4.6 Ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes.....	22
4.7 DVOW se toekomsplanne .....	22
4.8 Gestaaakte aktiwiteite.....	24
4.9 Nuwe of voorgestelde aktiwiteite.....	24
4.10 Voorsieningskanaalbestuur (goedere en dienste) .....	24
4.11 Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is.....	25
4.12 Vrystellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun .....	25
4.13 Gebeure na verslagdatum .....	25
4.14 Ander.....	25
4.15 Erkennings .....	25
5 Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag .....	27
6 Strategiese oorsig .....	28
6.1 Visie .....	28
6.2 Misie .....	28
6.3 Waardes.....	28
7 Wetgewende en ander mandate .....	29
8 Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2020.....	40
9 Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen.....	45
Deel B: Prestasie-inligting.....	46
1 Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte.....	46
2 Oorsig van departementele prestasie .....	46
2.1 Diensleweringomgewing.....	46
2.2 Diensleweringverbeteringsplan (SDIP) .....	65
2.3 Organisasie omgewing.....	79
3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings.....	82
4 Prestasie-inligting per program .....	86
4.1 Program 1: Administrasie .....	86
4.2 Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur .....	94
4.3 Program 3: Vervoerinfrastruktuur .....	113
4.4 Program 4: Vervoerbedrywe.....	123
4.5 Program 5: Vervoerregulering .....	132
4.6 Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme.....	143
5 Oordragbetalings.....	148
5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite .....	148
5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies anders dan openbare entiteite .....	148
5.3 Begrote oordragbetalings wat nie uitbetaal is nie .....	154
6 Voorwaardelike toekennings .....	156
6.1 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse betaal.....	156
6.2 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse ontvang .....	156

7	Donateursfondse .....	160
8	Kapitaalbelegging .....	160
8.1	Provinsiale Openbare Werke: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur .....	160
8.2	Vervoerinfrastruktuur: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur .....	165
Deel C: Staatsbestuur .....		170
1	Inleiding .....	170
2	Risikobestuur .....	170
2.1	Verslag van die komitee vir etiek en ondernemingsrisikobestuur (ERMCO) .....	170
3	Bedrog en korrupsie .....	174
4	Minimalisering van botsing van belange .....	175
5	Gedragkode .....	176
6	Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies .....	176
7	Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke .....	177
7.1	Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke .....	177
8	Resolusies van die Komitee op Openbare Rekening (KOR) .....	181
8.1	Antwoord oor die verslag van die KOR oor die 2018/19-jaarverslag gedateer 05 Desember 2019 .....	181
8.2	Lys van inligting verlang .....	186
9	Vorige wysigings aan ouditverslae .....	186
10	Finansiële Bestuurstoelig .....	187
11	Hoofdirekoraat Voorsieningskanaalbestuur: Direkoraat Bestuurstoelig en Aanvraagbestuur .....	189
12	Interne Oudit .....	200
13	Ouditkomitees .....	201
13.1	Verslag van die Ouditkomitee .....	201
14	Verslag ingevolge artikel 13 (G) (1) van die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, soos gewysig deur Wet 46 van 2013 .....	204
Deel D: Mensehulpbronbestuur .....		206
1	Inleiding .....	206
2	Stand van mensebestuur by die Departement .....	206
2.1	Departementele werkmagbeplanning .....	206
2.2	Bestuur van werknemerprestasie .....	207
2.3	Werknemerwelstand .....	207
2.4	Mensebestuurmonitering .....	208
3	Oorsigtelike statistiek verwant aan mensebestuur .....	208
3.1	Personeelverwante besteding .....	208
3.2	Indiensneming en vakatures .....	210
3.3	Posevaluering .....	211
3.4	Veranderings in indiensneming .....	213
3.5	Diensbillikheid .....	217
3.6	Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede .....	221
3.7	Vulling van SBD-poste .....	221
3.8	Werknemerprestasie .....	222
3.9	Buitelandse werkers .....	225
3.10	Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019 .....	225
3.11	Gesondheidsbevorderingsprogramme met inbegrip van MIV en VIGS .....	229
3.12	Arbeidsverhoudinge .....	234
3.13	Vaardigheidsontwikkeling .....	235
3.14	Besering aan diens .....	236
3.15	Benutting van konsultante .....	237
Deel E: Finansiële inligting .....		243
1	Verslag van die Ouditeur-Generaal .....	243

2	Bylae – ouditeur-generaal se verantwoordelikhede vir die oudit .....	248
3	Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2020 .....	250

## Verslagtabelle

Tabel 2: Departementele ontvangstes .....	17
Tabel 4: Viremente vir 2019/20 .....	20
Tabel 5: Versoek vir oordra van fondse vanaf 2019/20 tot 2020/21 .....	21
Tabel 7: Provinsiale waardes en verklarings oor gedrag .....	28
Tabel 8: Entiteite wat aan die Provinsiale Minister verslag doen .....	45
Tabel 9: Padsterftes 2018/19 en 2019/20 .....	61
Tabel 10: Vergelykende provinsiale en munisipale padsterftes: 2018/19 en 2019/20 .....	62
Tabel 11: Inbeslagneming en arrestasies vir die besit van onwettige dwelms en mariene lewe wat onwettig gevang is .....	63
Tabel 12: Hoofdienste verskaf en standaarde .....	67
Tabel 13: Diens een: Batho Pele-reëlings met begunstigdes (agt beginsels: oorlegpleging, toegang, ens.) .....	68
Tabel 14: Diensinligtingsinstrument .....	70
Tabel 15: Klagtemeganisme .....	70
Tabel 16: Diens Twee: Dienste verskaf en standaarde .....	73
Tabel 17: Diens Twee: Batho Pele-reëlings met begunstigdes (agt beginsels) .....	74
Tabel 18: Diens Twee: Diensinligtingsinstrument .....	75
Tabel 19: Diens Twee: Klagtemeganisme .....	75
Tabel 20: Aansoeke ingevolge Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting ingevolge artikel 46 vergun .....	76
Tabel 21: Diensbillikheidsteikens 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	80
Tabel 22: Gevalle van bedrog en korrupsie .....	81
Tabel 23: Program 1: Administrasie: Strategiese doelwitte .....	90
Tabel 24: Program 1: Administrasie: Prestasie-aanwysers .....	92
Tabel 25: Program 1: Administrasie: Subprogrambesteding .....	93
Tabel 26: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Strategiese doelwitte .....	97
Tabel 27: Program 2: Openbare werke-infrastruktuur: Prestasie-aanwysers .....	99
Tabel 28: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Subprogramme .....	112
Tabel 29: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Strategiese doelwitte .....	117
Tabel 30: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Prestasie-aanwysers .....	118
Tabel 31: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Subprogrambesteding .....	122
Tabel 32: Program 4: Vervoerbedrywe: Strategiese doelwitte .....	126
Tabel 33: Program 4: Vervoerbedrywe: Prestasie-aanwysers .....	128
Tabel 34: Program 4: Vervoerbedrywe: Subprogrambesteding .....	131
Tabel 35: Program 5: Vervoerregulering: Strategiese doelwitte .....	136
Tabel 36: Program 5: Vervoerregulering: Prestasie-aanwysers .....	138
Tabel 37: Program 5: Vervoerregulering: Subprogrambesteding .....	142
Tabel 38: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Strategiese doelwitte .....	145
Tabel 39: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Prestasie-aanwysers .....	146
Tabel 40: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Subprogrambesteding .....	147
Tabel 41: Program 1: Oordragbetalings .....	149
Tabel 42: Program 2: Oordragbetalings ten opsigte van eiendomsbelasting .....	150
Tabel 43: Program 3: Vervoerinfrastruktuur oordragbetalings .....	151
Tabel 44: Program 4: Oordragbetalings .....	152
Tabel 45: Program 4: Oordragbetalings na private ondernemings .....	154
Tabel 46: Program 2: Begrote oordragbetalings .....	154
Tabel 47: Program 3: Begrote oordragbetalings .....	155
Tabel 48: Kapitaalbelegging .....	160



Tabel 49: Program 2: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur .....	161
Tabel 50: Program 2: Kapitaalprojekte tans in aanbou .....	163
Tabel 51: Program 2 instandhoudingsbegroting oor die MTUR-tydperk 2020.....	165
Tabel 52: Program 3: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur .....	165
Tabel 53: Program 3: Kapitaalprojekte tans onder konstruksie .....	167

## Mensehulpbronsbestuurtabelle

Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program, 2019/20 .....	209
Tabel 3.1.2: Personeelbesteding per salarisband, 2019/20.....	209
Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per program, 2019/20.....	210
Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese hulp per salarisband, 2019/20 .....	210
Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2020 .....	211
Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures per salarisbande, soos op 31 Maart 2020 .....	211
Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2020 .....	211
Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	212
Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is weens die feit dat hul poste opgegradeer is, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	212
Tabel 3.3.3: Werknemers per vername beroep aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as dié wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	213
Tabel 3.3.4: Werknemers aan wie hoër salarisse toegestaan is anders as daardie wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	213
Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	213
Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoerse per kritieke beroep, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	214
Tabel 3.4.3: Personeel wat die DVOW se diens verlaat, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	215
Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	215
Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020	215
Tabel 3.4.6: Werknemergeriniseerde skeidingspakkette .....	216
Tabel 3.4.7: Promotions by salary band, 1 April 2019 to 31 March 2020.....	216
Tabel 3.4.8: Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	216
Tabel 3.5.1: Totale aantal werknemers (ingeslote werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2020 .....	217
Tabel 3.5.2: Totale aantal werknemers (slegs dié met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2020 .....	218
Tabel 3.5.3: Werwing, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	218
Tabel 3.5.4: Bevorderings, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	219
Tabel 3.5.5: Beëindigings, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	219
Tabel 3.5.6: Dissiplinêre optrede, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	220
Tabel 3.5.7: Vaardigheidsontwikkeling, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	220
Tabel 3.6.1: Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede, soos op 31 Mei 2019.....	221
Tabel 3.6.2: Waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede teen 31 Mei 2019 aangegaan is nie	221
Tabel 3.6.3: Dissiplinêre stappe teen SBD-lede geneem omdat prestasie-ooreenkomste nie teen 31 Mei 2019 aangegaan is nie .....	221
Tabel 3.7.1: Inligting oor SBD-poste, soos op 30 September 2019 .....	221
Tabel 3.7.2: Inligting oor SBD-poste, soos op 31 Maart 2020.....	221
Tabel 3.7.3: Advertering en vulling van SBD-poste, soos op 31 Maart 2020.....	222

Tabel 3.7.4:	Redes waarom vulling van aktiewe vakante SBD-poste nie nagekom is nie – geadverteer binne 6 maande en gevul binne 12 maande nadat hulle oopval.....	222
Tabel 3.7.5:	Dissiplinêre stappe geneem vir nienakoming van die voorgeskrewe tydraamwerk vir die vulling van SBD-poste binne 12 maande .....	222
Tabel 3.8.1:	Kerfbevorderings per salarisband, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	222
Tabel 3.8.2:	Kerfprogressies per kritieke beroep, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	223
Tabel 3.8.3:	Prestasiebelonings per ras, geslag en gestremdheid, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	223
Tabel 3.8.4:	Prestasiebelonings (kontantbonusse) per salarisband vir personeel onder die vlak van senior bestuursdienste, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	224
Tabel 3.8.5:	Prestasieverwante belonings (kontantbonusse) per salarisband vir senior bestuursdienste, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	224
Tabel 3.8.6:	Prestasiebelonings (kontantbonusse) per kritieke beroepe, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020	224
Tabel 3.9.1:	Buitelandse werkers per salarisband, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	225
Tabel 3.9.2:	Buitelandse werkers per vername beroep, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	225
Tabel 3.10.1:	Siekteverlof, 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019.....	226
Tabel 3.10.2:	Ongeskiktheidsverlof, 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019.....	226
Tabel 3.10.3:	Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019 .....	227
Tabel 3.10.4:	Beperkte verlof, 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019 .....	227
Tabel 3.10.5:	Verlofuitbetalings, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	228
Tabel 3.11.1:	Gesondheidsbevorderingsprogramme, insluitend MIV en VIGS .....	229
Tabel 3.11.2:	Besonderhede rakende programme om gesondheid te bevorder en bewusmaking rondom MIV en VIGS te skep, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	229
Tabel 3.12.1:	Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	234
Tabel 3.12.2:	Wangedrag en dissiplinêre verhore gefinaliseer, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	234
Tabel 3.12.3:	Tipe wangedrag wat by dissiplinêre verhore geadresseer is, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020	234
Tabel 3.12.4:	Griewe ingedien, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	234
Tabel 3.12.5:	Griewe ingedien by rade, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	235
Tabel 3.12.6:	Stakingsoptrede, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	235
Tabel 3.12.7:	Voorsorgskorsings, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	235
Tabel 3.13.1:	Opleidingsbehoefte geïdentifiseer, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 .....	235
Tabel 3.14.1:	Besering aan diens, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020.....	236
Tabel 3.15.1:	Benutting van konsultante.....	237

## Lys van syfers

Figuur 1: Netwerktoestandnommer op geteerdenetwerk .....	114
Figuur 2: Dikte van gruis op grondpadnetwerk .....	115



**A** Algemene  
Inligting



# Deel A: Algemene inligting

---

## 1 Departement se algemene inligting

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

FISIESE ADRES: HOOFKANTOOR

Dorpstraat 9

Kaapstad

8001

POSADRES: HOOFKANTOOR

Privaat sak X9185

Kaapstad

8000

TELEFOONNOMMER: 0860 212 414

FAKSNOMMER: 021 483 9851

E-POSADRES: [transport.publicworks@westerncape.gov.za](mailto:transport.publicworks@westerncape.gov.za)

WEBTUISTE: [www.westerncape.gov.za/dept/tpw](http://www.westerncape.gov.za/dept/tpw)

---

## 2 Akronieme

---

AARTO	Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe, 1998
ACFE	Vereniging van gesertifiseerde bedrogondersoekers
ADG	Adjunk-direkteur-generaal
AJV	Algemene jaarvergaderings
BAS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BBSEB	Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
BCP	Besigheidskontinuiteitsplan / besigheidskontinuiteitsbeplanning
BLMEP	Better Living Model Exemplar Project
bn	biljoen
C-AMP	Bestuursplan vir die bewaring van onroerende bates
CATA	Cape Amalgamated Taxi Association
CDC	Gemeenskapsdagsentrum
C-el	Sentrum vir e-vernuwing, DvdP
CETA	Konstruksie Onderwys- en Opleidingsowerheid
CFO	Hoof finansiële beampte
CIDB	Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf
CIPC	Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie
CITP	Omvattende ITP
CoCT	Stad Kaapstad
CODETA	Congress of Democratic Taxi Associations
COE	Vergoeding van werknemers
CRM	Kliëntverhoudingsbestuurstelsel
CSC	Sentrum vir korporatiewe dienste (DvdP)
CSD	Sentrale verskaffersdatabasis
CSIR	Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing
CUTA	Central Unity Taxi Association
CYCC	Kinder- en jeugsorgsentrum
DCGIP	Departementele Korporatiewe Bestuursverbeteringsplan
D: ERM	Direktoraat: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)
DEOET	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
DITP	Distriks-ITP
DLTC	Bestuurderslisensietoetsentrum
DMN	Departement van Menslike Nedersettings
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste (Jaarliks)
DvdP	Departement van die Premier
DPI	Distrikpadingenieur
DPSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DRDLR	Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming
DRTMCC	Koördinerende Komitee vir Distrikspadverkeersbestuur
DTIC	Departement van Handel, Nywerheid en Kompetisie
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
DVP	Distriksveiligheidsplan
ECSA	Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurs

EDL	Eksaminatore vir bestuurslisensies
EE	Diensbillikheid
EFO	Elektroniese fondsoorplasing
EG4C	e-Government 4 Citizens
EIM	Ondernemingsinligtingbestuur
EMPIA	Bemagtigingsimpakassessering
EOV	Eksaminator van voertuie
ERM	Ondernemingsrisikobestuu
ERMCO	Komitee vir Etiek en Ondernemingsrisikobestuur
ETIR	Bemagtigingsteikens-implementeringsverslag
FB	Finansiële bestuur
FCA	Evaluerings op die toestand van geboue
FETC	Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat
FIDPM	Raamwerk vir aflewering en verkryging van infrastruktuur
FPS	Forensiese Patologiedienste
FTE	Voltydse ekwivalent
FTEC	Voltydse werknemerskoste
FV	Fotovoltaiese
FWE	Vrugtelose en verkwistende uitgawes
GABS	Golden Arrow-busdienste
GBCSA	Suid-Afrikaanse raad vir groen boupraktyke
GIPTN	George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk
GLTC	Gene Louw Verkeerskollege
GOP	Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne
GPEP	Graadprogram vir professionele ingenieurs
GPS	Globale posisioneringstelsel
GVP	Geïntegreerde vervoerplanne
HBI	Histories benadeelde individue
HCT	MIV/VIGS-berading en -toetsing
HD	Hoofdirekteur
HIA	Erfenisimpakstudie
HR	Menslike hulpbronne
HvD	Hoof van die Departement
IAR	Register van Onroerende Bates
ICAS	Independent Counselling and Advisory Services
IDMS	Infrastruktuurloweringsbestuurstelsel
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
IT	Inligtingstegnologie
ITH	Integrated Transport Hub (voorheen bekend as Integrated Transport Intelligence Hub)
JFS	Jaarlikse Finansiële State
JPI	Gesamentlike beplanningsinisiatiewe
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
JTTC	Sentrum vir junior verkeersopleiding
KIS	Konstruksie-inligtingsessies
KOR	Komitee vir Openbare Rekeninge
LTP	Plaaslike ITP

LOGIS	Logistieke inligtingstelsel
LRA	Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995
m	miljoen
m <sup>2</sup>	Vierkante meter
MBT	Minibustaxi
MERSETA	Sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir vervaardiging-, ingenieurs- en verwante dienste
MH	Mensehulpbronbestuur
MR	Hoofweg
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
NaTIS	Nasionale Verkeersinligtingstelsel
NGV	Nie-gemotoriseerde vervoer
NJD	Nasionale Jeugdiens
NLTA	National Land Transport Act, 2009
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NOS	Nywerheidsontwikkelingsone
NQF	Nasionale kwalifikasieraamwerk
NRTA	Nasionale Padverkeerswet, 1996
NT	Nasionale Tesourie
NVG	Nasionale vervolgingsgesag
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
OHS	Beroepsgesondheid en -veiligheid
OPV	Openbare-private-vennootskappe
OSD	Beroepspesifieke bedeling
OU	Onreëlmatige uitgawes
PAIA	Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000
PAJA	Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000
PAY	Premier se bevordering van die jeug (program)
PERMIS	Performance Management Information System
PERSAL	Personnel and Salary Information System
PET	Deelnemende Opvoedkundigetegniek
PFD	Provinsiale forensiese diens
PFMA	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
PLTF	Provinsiale raamwerk vir landvervoer
POP	Professionele Ontwikkelingsprogram
POPI-wet	Wet op die beskerming van persoonlike inligting, 2013
PPC	Provinsiale Eiendomskomitee
PPRs	Voorkeur-verkrygingsregulasies
PRASA	Passasierspooragentskap van Suid-Afrika
PRE	Provinsiale Regulerende Entiteit
PRMG	Provinsiale paaie-onderhoudstoekenning
PRSO	Provinsiale padveiligheidsbeamptes
PSCBC	Koördinerende Staatsdiensbedingingsraad
PSD	Provinsiale Strategiese Doel
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PSR	Staatsdiensregulasies

PSRMF	Raamwerk vir openbaresektor-risikobestuur
PSTP	Provinsiale program vir volhoubare vervoer
PTOG	Toelae vir openbarevervoerbedrywe
PTRS	Provinsiale Vervoersregulasiestelsel
PVB	Direktoraat: Padveiligheidsbestuur
QME	Kwaliteitsbestuur en -evaluering afdeling van die DVOW verkeersopleiding en -ontwikkeling
RAMP	Bestuursplan vir toegang tot paaie
RAMS	Bestuurstelsel vir padbates
RB	Rekenpligtige Beampte
RBT	Random breath testing
RCAM	Padklassifikasie- en -toegangsbestuur
REU	Spoortoepassingseenheid
RISFSA	Suid-Afrika se Strategiese Raamwerk vir Padinfrastruktuur
RNIS	Inligtingstelsel vir die padnetwerk
RTMC	Padverkeersbestuurskorporasie
RTMS	Padvervoerbestuurstelsel
RWOPS	Beleid op teen vergoeding buite die staatsdiens
SALTA	South African Long-Distance Truckers' Association
SANRAL	Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap
SANTACO	Suid-Afrikaanse Nasionale Taxiraad
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SARS	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SASSETA	Onderwys- en opleidingsowerheid vir die veiligheid- en sekuriteitsektor
SBD	Seniorbestuursdiens
SBPs	Spesiale behoeftes passasiers
SDF	Raamwerk vir Ruimtelike Ontwikkeling
SDIP	Diensleweringverbeteringsplan
SEB	Swart ekonomiese bemagtiging
SG	Staatsgarage
SHEQ	Veiligheid, gesondheid, omgewing, en gehalte
SITA	Staatsagentskap vir Inligtingstechnologie
SLA	Diensvlakooreenkoms
SME	Klein- en mediumondernemings
SMME	Klein-, medium- en mikro-onderneming
SMV	Staatsmotorvervoer
SOI	Seksueel oordraagbare infeksies
SOPs	Standaardbedryfsprosedures
SSC	Gedeelde Dienssentrum
SSK	Sentrale sakekern
STEP	Opleidingsprogram vir Verkeersveiligheid
TB	Tuberkulose
TETA	Vervoer Onderwys- en Opleidingsowerheid
TLE	Direktoraat: Verkeerswetstoepassing
TMH	Tegniese metodes vir hoofweë
TOR	Terme van verwysing



TR	Hoofpad
TRUP	Two Rivers Urban Park
U-AMP	Gebruiker onroerende batebestuursplanne
UOWP	Uitgebreide openbare werkeprogram
VKB	Hoofdirektoraat: Voorsieningskanaalbestuur
VSSC	Vangate Shared Services Centre
VTS	Toetsstasies vir voertuie
VUCA	Wisselvalligheid, onsekerheid, kompleksiteit en dubbelsinnigheid
WCBD	Wes-Kaapse tenderdokument
WCFDM	Wes-Kaapse Model vir die Aanvraag na Vrag
WCPRE	Wes-Kaapse Provinsiale Regulerende Entiteit
WCSEB	Wes-Kaapse verskaffersbewysbank
WGW	Werknemergesondheid en -welstand
WGWP	Program vir werknemergesondheid en -welstand
WKOD	Wes-Kaapse Onderwys Departement
WKR	Wes-Kaapse regering

---

### 3 Voorwoord deur die Provinsiale Minister

---

Hierdie verslag dek die eerste jaar van my termyn sedert ek in Mei 2019 die Uitvoerende Gesag vir die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) geword het. Ek kan sonder vrees vir teenstrydigheid sê dat die Departement uitstekend presteer het in baie uitdagende omstandighede. Dit was geen verrassing dat die Departement weer vir die **agste agtereenvolgende jaar daarin geslaag het om 'n skoon ouditverslag te bereik** en byna 99,9 persent van sy begroting bestee het nie. Dit is geen geringe prestasie nie, gegewe die breër konteks van beduidende druk op dienslewering, 'n **toenemende tekort aan vertroue tussen die regering en die gemeenskap**, en 'n **voortdurende agteruitgang** in die instellings van regering. Hiermee wens ek die bestuur en personeel geluk met die uitstekende werk wat gedurende die verslagtydperk gedoen is.

Aan die begin van my termyn het ek vier belangrike prioriteite gestel, naamlik om:

- Saam met die Stad Kaapstad en ander munisipaliteite regoor die provinsie te werk om padveiligheid en padinfrastruktuur te verbeter;
- Saam met ander regeringsfere te werk om openbare vervoer te verbeter, insluitende spoor-, minibustaxi's, metertaxi's en e-aanroepdienste;
- Saam met die nasionale regering, munisipaliteite en ander belanghebbendes aan ruimtelike integrasie te werk;
- Saam met alle relevante belanghebbendes te werk om vaardighede te ontwikkel en ondernemings en opkomende kontrakteurs te bemagtig.

Ek is bly om te rapporteer dat daar goeie vordering gemaak is met die progressiewe verwesenliking van hierdie prioriteite.

Op die gebied van padveiligheid word ek deur die positiewe resultate aangemoedig wat die Departement behaal het om data-gedrewe tegnologie en ander metodes te gebruik om padveiligheid te verbeter en die hoë aantal padsterftes op ons provinsiale paaie te verminder. Daarby gesê, die stelsel is afhanklik van amptenare van die provinsiale **verkeersdienste met integriteit, wat 'n regverdige, billike en ferm toepassingsfunksie bied**. Om ons doelwitte te bereik, nodig ons **egter 'n ooreenkoms tussen diegene wat die wet toepas en diegene wat die reëls van die pad moet gehoorsaam**.

Ons **verkeerswetstoepassingsvermoë word omskep in 'n sterk mag wat afreken met onverantwoordelike oortreders van die padreëls en diegene wat die integriteit van ons vervoerruimte wil ondermyn**. Ek wil die meerderheid padgebruikers bedank; daardie wetsgehoorsame burgers wat ons pleidooi vir verantwoordelike gedrag ter harte geneem het.

Ek het, en sal aanhou om, met die leierskap van die minibustaxi (MBT)-industrie, spoorbestuur, e-aanroepdienste en metertaxi-groeperings, en die gesubsidieerde busoperateur Golden Arrow-busdienste, te ontmoet en skakel. Hierdie skakelinge versterk ons vennootskappe en ons algemene begrip van die stand van die algehele stelsel en die uitdagings en geleenthede wat openbare vervoer in die gesig staar. Ek kan rapporteer dat ons almal van mening is dat ons burgers meer verdien uit ons huidige diensaanbod en dat ons voortgaan om aan gesamentlike programme te werk om dit moontlik te maak.

Gedurende hierdie verslagperiode het ons spesifiek op spoorveiligheid klem gelê. Die vennootskap tussen die DVOW, die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (PRASA) en die Stad Kaapstad het die Eenheid vir Spoortoepassing (REU) gestig en het 'n belangrike bydrae gelewer tot die verbetering van veiligheid en sekuriteit op die pendelstelsel. In ooreenstemming met die regering se verbintenis tot bewysgebaseerde beleide, sal ons die impak van die werk van die REU beoordeel en sy bedrywighede waar nodig aanpas.

Taxigeweld bly 'n plaag in sekere dele van die provinsie. Ek en my Departement, asook die nasionale Minister van Vervoer, het baie met die Suid-Afrikaanse Nasionale Taxieraad (SANTACO) en geaffekteerde taxiverenigings vergader om die oorsake van hierdie geweld te verstaan en na moontlike oplossings te soek. Nietemin is 'n aantal taxileiers gedurende die jaar in aanvalle dood. Onskuldige pendelaars is gereeld in sulke aanvalle beseer. Ons sal voortgaan om met taxileiers te ontmoet om die oorsake van geweld aan te spreek, insluitend die oorlading van roetes en geskille in leierskap. Dit is tyd dat die nasionale regering die ekonomiese dryfveer vir konflik in die MBT-sektor aanspreek deur 'n volhoubare subsidiepakket in te stel wat op vervoerplanne gebaseer is wat die aanbod van die operateur en die vraag na pendelaars balanseer. My Departement het voorstelle in hierdie verband aan die nasionale regering vir oorweging voorgelê.

Ek is trots dat die Departement steeds bydra tot die grondrestitusieprogram wat daarop gemik is om die waardigheid van die mense van die Wes-Kaap te herstel deur saam te werk in die afhandeling van bewese restitusie-eise. In so 'n geval het lede van die Ou Tuin-gemeenskap in die Paarl die terugkeer van hul land tydens 'n seremonie op 12 Maart 2020 gevier. Erf 14407 is 'n stuk grond wat ingevolge die grondrestitusieprogram deur die gemeenskap tereg geëis was. Die Wes-Kaapse kabinet het hierdie grond sonder enige kostes aan die nasionale Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DRDLR) oorgedra om die eis af te handel. Ek kon 'n bewys van eienaarskap aan die regmatige eienaars oorhandig.

Die Wes-Kaapse regering (WKR) het grond en eiendom teruggegee om meer as 60 persent van die vereiste restitusie-eise op provinsiale regeringsgrond af te handel. Dit sluit grond op prima plekke in, byvoorbeeld 95 000 m<sup>2</sup> in die middel van Constantia. Tot op hede is sewe grondeise wat tot 16.79 ha beloop, afgehandel en die eiendomme aan DRDLR oorgedra. 'n Verdere vyf grondeise is besig om afgehandel te word.

Ek het met die nasionale Minister van Openbare Werke en Infrastruktuur vergader om die oorhandiging van nasionale openbare werke-eiendomme aan verskillende munisipaliteite en 'n moontlike vennootskap tussen al drie regeringsfere, te bespreek.


'n Belangrike doelwit van die Departement is die voortgesette beskerming van ons kernbates - ons uitgebreide padnetwerk en eiendomsportefeulje. Die finansiering wat ons ontvang het om ons infrastruktuurprogram te bevorder, bly onvoldoende om die provinsiale batebasis op die vereiste standarde te handhaaf. As gevolg hiervan is hierdie strategiese provinsiale bates in gevaar. Op lang termyn kan hierdie agteruitgang die ekonomiese en sosiale volhoubaarheid van die Wes-Kaap in die gedrang bring.

Die konstruksiebedryf bly 'n kritieke vennoot vir die Departement, om die ekonomie te laat herleef, en om die nalatenskap van apartheidsruimtelike beplanning, vaardigheidsontwikkeling en ekonomiese bemagtiging aan te spreek. Ons bied 'n

verskeidenheid ingrypings aan om opkomende kontrakteurs te bemagtig. Deur middel van die Nasionale Jeugprogram, wat deel uitmaak van die Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP), bied die Departement opleiding vir manlike en vroulike jeugdige aan in verskillende ambagte, insluitend messelwerk, elektrisiteit, skrynwerk en loodgieterswerk. Gedurende die oorsigjaar is daar ook vordering gemaak met die toekenning van formele aanbiedings aan maatskappye wat bydra tot breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging (BBSEB) wat wissel van vlak 1 tot vlak 4.

My Departement het in die oorsigjaar voortgegaan daarmee om die burger in die middel van sy strategie en programme te plaas. Dit gaan voort om sy 20-jaar-visie te verfyn en na te streef om 'n veerkragtige organisasie te word wat opkomende uitdagings en ontwrigtings kan hanteer. Dit het die DVOW in 'n goeie posisie geplaas om effektief op die COVID-19-pandemie te reageer en strategieë te ontwikkel om die impak daarvan op ons werk te versag.

Ek wil die bestuur en personeel aanmoedig om voort te gaan met die goeie werk wat hulle doen. Ek wil al ons vennote bedank vir hul toewyding en deelname. Ek verbind my daartoe om die nodige leierskap te gee en die nodige vennootskappe moontlik te maak om te verseker dat ons ons visie bereik.



Bonginkosi Madikizela  
Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke  
Datum: 12 Oktober 2020

---

## 4 Verslag van die Rekenpligtige Beampte (RB)

---

### 4.1 Oorsig van die DVOW se bedrywe

In die skepping van sy 20-jaar visie, het die Departement van Vervoer en Openbare Werke die burger in die middel van sy mandaat vir dienslewering geplaas. Binne hierdie konteks is dit toegewyd om die doelwitte en doelstellings wat op nasionale vlak gestel is, te verwerklik, soos vervat in byvoorbeeld die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), en die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk, asook dié wat op provinsiale vlak in die Provinsiale Strategiese Plan gestel word, en dit streef daarna om die gees van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, konkreet uit te voer.

Die Departement het 'n Massiewe Transformiewe Doel (MTD) opgestel wat belangrike klem lê op die verwesenliking van hierdie doelwitte. "Gemeenskappe wat in staat is om waardige lewens te lei" is 'n vergestaltung van die etos van etiese gedrag, burgergerigtheid en die opstel van 'n ooreenkoms tussen die staat en burgers wat die optrede van die Departement deur die volgende strategiese beplanningsperiode 2020 tot 2025 sal lei.

As 'n Departement het ons bepaal dat die beskerming van die provinsiale infrastrukturebatesbasis, die gebruik van tegnologie en die welstand van ons personeel as kernkomponente van ons algemene strategiese strewes is om die impak van ons dienste te maksimeer. In 'n omgewing wat toenemend wisselvallig, onseker, kompleks en dubbelsinnig is, het ons daarna gestreef om ons behendigheid te verbeter, eenheid rondom die doel te skep en kreatief en vernuwend te wees. Ons MTD van gemeenskappe wat in staat is om waardige lewens te lei, moet uiteindelik #JUSTdignity meebring. Gedurende hierdie verslagtydperk is vordering gemaak met ruimtelike integrasie en die verskaffing van grond vir bekostigbare menslike nedersettings. Die ontwikkeling van die voormalige Conradie-hospitaal as die "Better Living Model exemplar Project" (BLMEP) is aan die suksesvolle tenderaar toegeken. Toepaslike goedkeurings vir terreinbeplanning is van die Stad Kaapstad verkry. Daar word beraam dat die waarde van hierdie ontwikkeling ongeveer R5.5 miljard behoort.

Werk word gedoen om die ontwikkelingsoproep vir die Founders' Garden / Kunstekaap-gebied voor te berei, wat 'n fokus op maatskaplike en bekostigbare behuising in die middestad insluit. Professionele diensverskaffers is aangestel om die departementele span te ondersteun. Die geraamde waarde wat hierdie ontwikkeling sal meebring, is R2.5 miljard.

Daarbenewens is verskeie terreine vir ontwikkeling aan die Departement van Menslike Nedersettings beskikbaar gestel. Hierdie terreine is in goed geleë gebiede in George en Kaapstad.

Die Departement is van plan om die desentralisering van kantoorruimte van belangrike regeringsdepartemente aan te dryf ten einde ruimtelike transformasie te ondersteun en die reisafstand vir die burgers wat ons bedien, asook die werknemers van die Wes-Kaapse Regering, te verminder. Dit is ook daarop gemik om die koste van verhuur van akkommodasie te verlaag ten gunste van fasiliteite wat in staatsbesit is. Ons het dus begin

met die Meesterakkommodasieplan wat sal aanpas by die veranderende omstandighede van ons interne en eksterne omgewings.

As die provinsiale departement van infrastruktuur, wat infrastruktuur aan die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) en die provinsiale Departement van Gesondheid lewer, het die DVOW kritieke kapitaalwerke en geskeduleerde instandhouding gelewer, wat die onderwysuitkomste en welstand verbeter. Die strategiese besluite oor hierdie onderwys- en gesondheidsinfrastruktuurprojekte bly by die lyndepartemente.

Drie noukeurige prioriteitsprojekte wat daarop gemik is om openbare vervoer te verbeter, is aan die gang.

Die Provinsiale Program vir Volhoubare Vervoer (PSTP) is daarop gemik om 'n bekostigbare, effektiewe benadering tot verbeterde mobiliteit in metro's, stede en dorpe te ontwikkel. Die hoofdoel daarvan is om die basiese beginsels van vervoer vas te stel, met die fokus op openbare vervoer, insluitende trein-, bus- en minibustaxi's, terwyl die voordele van bevorderde tegnologie gebruik word.

Die Departement het voortgegaan om in openbare vervoer te belê deur onder meer die lewering van vervoerinfrastruktuur, die bestuur van gesubsidieerde buskontrakdienste en die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk (GIPTN). Om vervoer in landelike gebiede te verbeter, subsidieer die Departement geproklameerde munisipale paaie, verbeter openbare en nie-gemotoriseerde vervoer (NGV) deur die PSTP, belê in die Saldanha-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) en onderneem arbeidsintensiewe provinsiale padonderhoud.

Om vervoer in die Wes-Kaap te verbeter en veiliger gemeenskappe te skep, het die Departement die eerste fase van die "Integrated Transport Hub" (ITH) geïmplementeer, voorheen bekend as die "Integrated Transport Intelligence Hub". Hierdie vernuwende, slim stede-benadering benut die potensiaal van tegnologie om: beter data en geïntegreerde inligting aan besluitnemers te gee; intydse monitering van padverkeer, openbare vervoer en misdaad moontlik te maak; die onmiddellike ontplooiing van wetstoepassing moontlik te maak; te help met die identifisering van die oorsaak van probleme; en selfregulering aan te spoor. 'n Proef word in die Overstrand Munisipaliteit uitgerol om tegnologie te gebruik om 'n hoofrol in vervoerbeplanning, monitering en wetstoepassing te speel. Opbouende betrokkenheid by die vervoerbedryf het begin. Dit sal gevolg word deur die model oor die hele provinsie in werking te stel en die voortgesette betrokkenheid by vervoerverenigings.

Provinsiale Verkeersdienste het 'n proses van herstrukturering begin om padveiligheid te verbeter, misdaad aan te spreek en wetstoepassing op openbare vervoer te verbeter. Die eerste sleutelement is die gebruik van tegnologie om bedryfseffektiwiteit te versterk, padveiligheid te verbeter en 'n proaktiewe benadering tot misdade waarby voertuie betrokke is, moontlik te maak. Ons bewyse toon dat daar in hierdie verband goeie vordering gemaak word. Die tweede sleutelement is die herskepping van bedrywighede deur die oprigting van drie komponente binne die provinsiale Verkeersdienste:

- 'n Gespesialiseerde Onderskeppingseenheid om op moontlike hoërisiko-gebeure te reageer;



- 'n Snelwegpatroolie wat beter daartoe in staat is om misdaad aan te spreek; en
- 'n Inspektoraat vir openbare vervoer wat fokus op wetstoepassing op openbare vervoer.

Om bemagtiging en vaardigheidsontwikkeling in die konstruksie- en siviele-ingenieursektor te versterk, bied die Departement verskillende ingrypings aan om opkomende kontrakteurs te bemagtig, die vaardighede van die jeug in konstruksie-relevante bedrywe te ontwikkel, beurse aan te bied in konstruksie- en tegniese rigtings en ondersteun gegradueerdes om professioneel geregistreer te word.

Ondanks hierdie beduidende positiewe ontwikkelinge, is die realiteit dat die Suid-Afrikaanse konstruksiebedryf onder ernstige spanning verkeer. Selfs Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB) graad 9-ondernemings, het misluk of is in sakeredding geplaas. Wat gelyk is daaraan, indien nie groter nie, is die impak van hierdie uitdagings op ons kleiner vennote in die konstruksiebedryf en die risiko vir baie se lewensbestaan. Die Departement het tydens sy samesprekings met die sektor die noodsaaklikheid beklemtoon om ywerig te werk aan die beskerming van ons klein, medium en mikro-onderneming (SMME)-sektor. Ons sal voortgaan om ons Voorsieningskanaalbestuur (SCM)-stelsel en Program vir Kontrakteurontwikkeling (CDP)-strategieë vir kontrakteursontwikkeling hiertoe te benut. In 'n konteks van dalende infrastruktuurbegrotings en algemene fiskale nood, vereis dit 'n nuwe vlak van vennootskap ('n kontrak) tussen die Departement en sy belangrikste gespreksgenote.

As 'n Departement is dit in krisistye dat ons op ons stelsels en ons personeel sal staatmaak om ons skaars hulpbronne te benut om die voordele van die burger te maksimeer. In die infrastruktuurruimte beteken dit 'n **gesamentlike fokus** op "graafwaardige"-projekte, eerder as "graafgereed".

## 4.2 Geleenthede

Tabel 1 beskryf vername departementele geleenthede wat gedurende 2019/20 gehou is.

Tabel 1: Vername departementele geleenthede

	Datum	Geleenthede	Beskrywing
1	16 April 2019	Langdiens-toekennings vir DVOW Kaapstad	Die provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke, Donald Grant, het langdienssertifikate aan personeel met 10, 20, 30 en 40 jaar diens oorhandig en hul verbondenheid en toewyding aan die inwoners van die Wes-Kaap erken.
2	30 April 2019	Amptelike opening van die verlenging van die 3 <sup>de</sup> baan op Hoofpad 9/1 (roete N1 vanaf die westelike Durbanwegwisselaar tot die begin van die nasionale roete N1/1 anderkant Old Oak-wisselaar	Die N1 / Old Oakbrug-projek van R558 miljoen het gelei tot die toevoeging van 'n ekstra baan langs die N1 in albei rigtings om die opeenhoping op een van die stad se besiger paaie te verminder. Nou dat die projek afgehandel is, kan motoriste 'n gemakliker vloeï van verkeer op beide die inkomende en die uitgaande bane verwag.
3	4 Mei 2019	Masakh'Isizwe-beurse	Die Departement het Masakh'Isizwe-beurse aan 127 studente toegeken wat aan verskillende Wes-Kaapse universiteite in die ingenieurs- en konstruksievelde studeer. Die provinsiale Minister Donald Grant en Richard Petersen, Hoofdirekteur: Uitgebreide Openbare Werke-program het op 4 Mei 2019 sertifikate aan beursontvangers oorhandig tydens 'n seremonie wat in Bellville gehou is.
4	27 Mei 2019 – deurlopend	Westelike Provinsie donasieklinieke vir bloedoortappingsdienste	DVOW-personeel en hul kollegas in ander Wes-Kaapse regeringsdepartemente geskenk by gereelde klinieke in die voorportaal van Dorpstraat 4 bloed.
5	14 Junie 2019	Vier 16 Junie – Jeugdag	Die DVOW-direktoraat: Padveiligheidsbestuur (RSM) het op Jeugdag die opedag-geleentheid vir verkeersveiligheid by Killarney Renbaan gereël om verantwoordelike, verdedigende bestuur aan te moedig. Versekeringsmaatskappye, motorhandelaars, wetstoepassingsagentskappe en 240 studente van tersiêre instellings het die geleentheid bygewoon.
6	25 Julie 2019	Vervoer Onderwys- en Opleidingsowerheid (TETA) "Empowerpreneurship"-beraad	Die DVOW-tak: Vervoerbestuur het 'n aantal vroue uit die Wes-Kaapse vervoerbedryf (taxi, bus, vrag en spoor) bygestaan om hierdie geleentheid by te woon om vroue in die vervoersektor te bemagtig.

	Datum	Geleentehede	Beskrywing
7	27 Julie 2019	Deelnemende onderrigtegnieke	DVOW-verkeersveiligheidsbestuur het 'n opedag vir deelnemende onderwystegnieke (PET) by Gene Louw-verkeerskollege (GLTC) aangebied vir graad 10 en 11-leerders wat hul vaardighede en kennis oor padveiligheid wil verbeter. Deelnemers vorm spanne om navorsing te doen oor padveiligheidskwessies in hul gemeenskappe en hul oplossings aan te bied. Die beste PET-spanne regoor Suid-Afrika verteenwoordig hul provinsies in die jaarlikse nasionale kompetisie.
8	8 Augustus 2019	Gradeplegtigheid vir verkeersbeamptes	Altesaam 52 studente van die Gene Louw-verkeerskollege wat die 12-maande sertifikaat vir verdere onderwys en opleiding (FETC): Padverkeerswet suksesvol voltooi het, het by 'n geleentheid in Augustus 2019 gegradueer.
9	14–30 Augustus 2019	Vrouemaand	Die DVOW het vroue gevier deur baie opwindende geleentehede, waaronder die ontbyt vir vroue in leierskap en twee motiveringsprekers. Die Departement het die felheid van 'n vroulike DVOW-werknemer wat kanker oorleef, beklemtoon. Die Hoof van die Departement (HvD), Jacqui Gooch, het haar jaarlikse vergadering vir Openbare Diens: Vroue in Bestuur gehou wat op die 8 beginsels van die HvD fokus. Dr Liana Roodt, stigter van Project Flamingo, het die groep toegesprek. Op die DVOW se Welweesdag, het 'n span kundiges gesondheidsverwante aangeleentehede met die personeel kom bespreek. Motiveringspreker, Ellen Pakkies, het haar lewensverhaal kom deel. Karin Kortje het Vrouemaand afgesluit deur vermaak aan die skare te bied.
10	27 Augustus 2019	Opening van die gerehabiliteerde Goudaweg R44	'n Projek van R190 miljoen vir die rehabilitasie van 12 km van Hoofpad 23, afdeling 3 en die Kleinberggrivier-brug, wat in Junie 2017 begin het, is in 2019 voltooi. Die provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke, Bongingkosi Madikizela, was op 27 Augustus 2019 saam met die uitvoerende burgemeester van Drakenstein, Conrad Poole, by die openingseremonie by Gouda.
11	11–12 September 2019	Kaapse Konstruksie Expo	Die DVOW en die provinsiale Departement van Menslike Nedersettings het op 11 en 12 September 2019 'n gesamentlike interaktiewe uitstalling by die Kaapse Konstruksie Expo in Kaapstad gehad. Die expo het die werk van ongeveer 77 uitstallers ten toon gestel en vir belanghebbendes in die bedryf die geleentheid gebied om met diensverskaffers en professionele binne die bousektor van regoor die Wes-Kaap te skakel. Ongeveer 4 000 klein en medium kontrakteurs het die geleentheid bygewoon.

	Datum	Geleentede	Beskrywing
12	4 Oktober 2019	Gene Louw-verkeerskollege (GLTC) 30 <sup>ste</sup> herdenkingsvieringe en land aanvoer vir binnenshuise skietbaanprojek	<p>GLTC het op 15 September 1989 geopen en bied al meer as dertig jaar uitstekende opleiding aan duisende verkeersbeamptes, munisipale polisiebeamptes, eksaminatore van voertuie (EOV) en eksaminatore vir bestuurslisensiebeamptes (EDL) aan. GLTC is geakkrediteer as 'n opleidingsdiensverskaffer deur die Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Veiligheid en Sekuriteit (SASSETA) en die Kwaliteitsraad vir ambagte en beroepe (QCTO). Dit is ook by die Padverkeersbestuurskorporasie (RTMC) as 'n fasiliteerder van EOV- en EDL-opleiding geregistreer.</p> <p>As deel van die feesvieringe is praktiserende verkeerswetstoepassingsbeampes by die geleentheid sterre toegeken ter erkenning van diens, een ster vir elke vyf jaar diens. Die provinsiale Minister, Bonginkosi Madikizela, het gesê dat die Departement besig is om sy eie binnenshuise skietbaan by die Kollege te bou, wat beteken dat amptenare nie meer elders hoef te gaan vir skietopleiding nie.</p>
13	16 Oktober 2019	Betrokkenheidsessie vir belanghebbendes van die vragindustrie	<p>Die DVOW was gasheer van 'n betrokkenheidsessie vir belanghebbendes van die vragindustrie wat gefokus het op die ontwikkeling van 'n samewerkende benadering om die veiligheid in die vragbedryf te verbeter. Insette is gelewer deur verteenwoordigers van vragmotorbestuurders, DVOW-verkeerswetstoepassing, die Suid-Afrikaanse polisie diens, TETA en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR). Belangrike oplossingsgerigte ingrypings wat op die dag geïdentifiseer is, het effektiewe wetstoepassing, opleiding, ondersteuning vir bestuurderswelstand en vrywillige nakoming deur vlooteienaars met die WNNR se RTMS vir veiliger vervoer van padvrag ingesluit.</p>
14	25 Oktober 2019	UOWP-sertifikaatseremonie vir die kontrakteurontwikkelingsprogram	<p>Altesaam 38 vakstudente het 'n sertifikaat vir die kontrakteur-ontwikkelingsprogram van die DVOW se uitgebreide openbare werke-program behaal. Deelnemers het 'n gestruktureerde opleidingsprogram van tien maande vir geregistreerde vlak 1-CIDB vir kleinbou- en siviele ingenieurskontraakteurs, suksesvol voltooi. Die doel van die program is om die CIDB-gradering van deelnemers te verhoog, sodat hulle vir groter en ingewikkelder kontrakte kan tender.</p>

	Datum	Geleentede	Beskrywing
15	31 Oktober 2019	Saldanhabaai-sirkel- en padopening	Die provinsiale Minister, Bonginkosi Madikizela, het saam met Premier Alan Winde, die kabinetsministers en die munisipale burgemeester van Saldanhabaai, Marius Koen, by die amptelike opening van die Saldanhabaai-sirkel en -weg byeengekom. Die bou van die R187 miljoen-projek het in Januarie 2017 begin. Die doel was om Hoofweg 559 met Hoofweg 238 te verbind deur 'n verbeterde direkte skakel tussen Langebaan en die Saldanha-sentrale sakegebied aan te bied. Hierdie ontwikkeling verlig swaar verkeersvloei vanaf die residensiële aansluitingspad. Hierdie projek het bygedra tot die langtermyn-beplanning van die padmeesternetwerk vir die Saldanhabaai-nywerheidsontwikkelingsone en word ondersteun deur die nasionale regering se infrastruktuurontwikkelingsplanne vir NOS's regoor Suid-Afrika.
16	5 Desember 2019	Bekendstelling van Wes-Kaapse plan vir padveiligheid vir die feesseisoen	Die provinsiale Minister, Bonginkosi Madikizela, het die Wes-Kaapse plan vir padveiligheid vir die feesseisoen bekendgestel. Die plan is 'n gekoördineerde reeks interprovinsiale planne wat die pogings van verskillende wetstoepassingsagentskappe bymekaarbring om te verseker dat alle voertuig- en bestuursveiligheidsvereistes nagekom word deur die toepassing van "random breath testing (RBT)" die beheer van moegheid en die verbod op bestuur onder die invloed van alkohol. Verskeie inligtings-tegnologie (IT)-strategieë is begin om die nakoming van die wet op padveiligheid af te dwing.

### 4.3 Oorsig van die DVOW se finansiële resultate

#### Departementele ontvangstes

Tabel 2 verskaf inligting oor departementele ontvangstes.

Tabel 1: Departementele ontvangstes

Departementele ontvangstes	2019/20			2018/19		
	Beraamde bedrag R'000	Werklike bedrag gein R'000	(Over)/under collection R'000	Beraamde bedrag R'000	Werklike bedrag gein R'000	(Over)/under collection R'000
Belastingontvangstes						
Motorvoertuiglisensies	1 617 482	1 804 408	(186 926)	1 601 767	1 684 941	(83 174)
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates	103 037	145 681	(42 644)	97 573	119 028	(21 455)
Rente, dividende en verhuring van grond	-	281	(281)	-	142	(142)
Verkoop van kapitaalbates	-	29	(29)	-	6 283	(6 283)
Transaksies in finansiële bates en laste	7 151	14 417	(7 266)	380	15 641	(15 261)
Oordragte ontvang	-	-	-	-	7 000	(7 000)
Boetes, strafboetes en verbeurings	273	3 810	(3 537)	258	2 409	(2 151)
<b>Totaal</b>	<b>1 727 943</b>	<b>1 968 626</b>	<b>(240 683)</b>	<b>1 699 978</b>	<b>1 835 444</b>	<b>(135 466)</b>

'n Oorinvordering van R240.683 m of 13.93 persent is op departementele ontvangste vir die 2019/20-boekjaar gerealiseer. In die vorige boekjaar het die oor-invordering van ontvangste R135.466 m of 7.97 persent beloop. Die toename in oor-invordering in vergelyking met die vorige jaar beloop R105.217 m of 77.67 persent.

Die inkomste uit motorvoertuiglisensies oorheers steeds departementele eie ontvangste (91.7 persent) met die res wat hoofsaaklik uit abnormale vraglisensies, bedryfslisensies, spesiale motorvoertuig-nommerplate, kursusgelde, huur van kantoorgeboue en boetes en verbeurings bestaan. Die inskrywing in die itemtransaksies in finansiële bates en laste wat ontvang is, is die terugbetaling wat van die Staatsadvokaat ontvang is vir die aankoop van Erf 1936 Zwelihle, asook die invordering van huurkontrakte van vorige jare. Die aantal geregistreerde voertuie het toegeneem van 2 033 704 op 31 Maart 2019 tot 2 067 700 op 31 Maart 2020 'n netto toename van motorvoertuie of 1.67 persent.

Daar was 'n netto toename in die aantal spesiale nommerplate van 1 551 of 19.85 persent van 7 813 op 31 Maart 2019 tot 9 364 op 31 Maart 2020. Die aantal abnormale



vragpermitte wat in die boekjaar uitgereik is, het met 2 099 of 27.97 persent gestyg van 7 504 op 31 Maart 2019 tot 9 603 op 31 Maart 2020.

Die belangrikste redes vir die verbetering in die verwagte prestasie in 2019/20 is:

- Motorvoertuiglisensies:
  - 'n Gemiddelde verhoging van 3 persent op lisensiegelde vir motorvoertuie vanaf 1 April 2019;
  - Vrywillige betaling van voorgeskrewe motorlisensiegelde deur voertuigeienaars; en
  - Toename in die getal van motorvoertuie.
- Die invordering van agterstallige huur.
- Verkoop van eiendom.

Erf 3035 Constantia – eiendom is aan die Nasionale Regering van die Republiek van Suid-Afrika oorgedra vir die spesifieke doel van die afhandeling van die grondrestitusie-eis van die Constantia Group-eisers.

Afskrywings ter waarde van R0.996 m is vir die verslagjaar gedoen, hoofsaaklik as gevolg van skade aan staatsmotorvoertuie (SMV), konstruksie van paaie en toerusting vir instandhouding.

### Besonderhede oor tariewe gehef deur die DVOW

Tariewe wat op provinsiale vlak bepaal word, word hieronder beskryf.

- Motorvoertuiglisensiegelde: Hierdie fooie word deur die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996) (NRTA) beheer. In ooreenstemming met die Provinsiale Tesourie het die Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke vanaf 1 April 2019 'n gemiddelde tariefverhoging van 3 persent ingestel.
- Skutgelde: Hierdie fooie word deur die the "National Land Transport Act, 2009" (Wet 5 van 2009) (NLTA)(nasionale wet op landvervoer) en NRTA beheer. Die tariewe wat vanaf 21 April 2011 deur die Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke bepaal is, het onveranderd gebly.
- Gene Louw Verkeerskollege (GLTC) kursusgelde: Hierdie fooie word deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (PFMA) beheer.'n Gemiddelde tariefverhoging van 5.3 persent is vanaf 1 April 2019 geïmplementeer.
- Huur van staatsbehuising: Die voorgeskrewe tariewe word toegepas soos in die PFMA beoog.
- Huur van staatsgeboue: Soos beoog in die PFMA, word ooreenkomste aangegaan teen markverwante tariewe of soos anders deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur word.

Tariewe wat op nasionale vlak bepaal word, word hieronder beskryf.

- Koste vir vrystellingspermitte: Hierdie gelde word deur die NRTA beheer.
- Diskrete motorvoertuig- en persoonlike nommerplaatgelde: Hierdie gelde word deur die NRTA beheer. Die tariewe wat die Minister van Vervoer bepaal en op 1 Februarie 2003 in werking getree het, het onveranderd gebly.

- Diverse gelde: Hierdie gelde word deur die Wes-Kaapse Padverkeerswet, 1998, en die NRTA beheer. Die tariewe wat deur die Minister van Vervoer bepaal is en op 1 April 2010 in werking getree het, het onveranderd gebly.
- Bedryfslisensiegelde: Hierdie gelde word deur die NLTA beheer. Die tariewe wat die Minister van Vervoer bepaal en op 17 Desember 2009 in werking getree het, het onveranderd gebly.
- Koste vir provinsiale verkeersbegeleiding (abnormale vragte): Hierdie gelde word deur die NRTA beheer.

## Programbesteding

Tabel 3 verskaf besonderhede oor programbesteding.

Tabel 3: Besteding per program

Naam van program	2019/20			2018/19		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor) / onder besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor) / onder besteding R'000
Administrasie	305 611	305 611	-	196 359	194 823	1 536
Openbare Werke-infrastruktuur	2 152 964	2 146 723	6 241	1 919 926	1 910 819	9 107
Vervoer-infrastruktuur	3 639 441	3 635 613	3 828	3 529 135	3 526 655	2 480
Vervoerbedrywe	1 518 321	1 517 921	400	1 325 089	1 325 087	2
Vervoerregulering	884 319	884 319	-	842 634	841 049	1 585
Gemeenskaps-gebaseerde Programme	56 932	56 932	-	55 878	55 875	3
<b>Totaal</b>	<b>8 557 588</b>	<b>8 547 119</b>	<b>10 469</b>	<b>7 869 021</b>	<b>7 854 308</b>	<b>14 713</b>

Die DVOW het 99.9 persent van sy begrotingstoewysing vir die boekjaar bestee. In die vorige boekjaar was die besteding 99.8 persent van die begrotingstoewysing. Die groei in werklike besteding, in vergelyking met die besteding van die vorige jaar, is 8.8 persent.

Besparings op goedere en dienste-items ten bedrae van R9 miljoen is gebruik om die uitgawes vir die vergoeding van werknemers (COE) -item met 0.9 persent te verhoog. Redes vir afwykings in ander uitgawe-items word hieronder per program uiteengesit.

### Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur

'n Memorandum van ooreenkoms met die Saldanha Munisipaliteit om die ontwerp en konstruksie van die toegangspad wat die Louville-gemeenskap met die Gemeenskapsdagsentrum verbind, te finansier, is nie voor die finansiële jaareinde afgehandel nie.

### Program 3: Vervoerinfrastruktuur

Sommige munisipaliteite het nie hul infrastruktuurprojekte afgehandel soos beplan nie en kon dus nie hul subsidies vir die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur gedurende die 2019/20-boekjaar opeis nie. Dit het gelei tot geringe onderbesteding in die program.

### Program 4: Vervoerbedrywighede

Die skakelproses met die Overstrand-taxivereniging het langer geduur as wat beplan is, wat gelei het tot 'n vertraging met die implementering van die provinsiale program vir volhoubare vervoer in die Overstrand Munisipaliteit.

## 4.4 Viremente en oorgedraagde fondse

### Viremente

Tabel 4 verskaf besonderhede oor viremente wat vir die boekjaar aangebring is.

Tabel 2: Viremente vir 2019/20

Hoofverdeling vanaf	Aan	R'000	Rede
2. Openbarewerke-infrastruktuur	1. Administrasie	811	COE herbelyning.
		73	Verloftoelae.
	3. Vervoerinfrastruktuur	158	Verloftoelae.
	5. Vervoerregulering	3 817	COE herbelyning.
		21 118	Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies.
		253	Verloftoelae.
	6. Gemeenskaps-gebaseerde Programme	21	Ontwikkeling van UOWP-vaardighede.
1		Verloftoelae.	
3. Vervoerinfrastruktuur	1. Administrasie	1 674	Rekenaartoerusting.
	2. Openbarewerke-infrastruktuur	8 974	Bouprojekte en verkryging van eiendomme.
	5. Vervoerregulering	13 929	Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies.
		5 381	Landvervoer-permitstelsel en sagteware vir Provinsiale Vervoerreguleringstelsel.
4. Vervoerbedrywighede	1. Administrasie	3 221	Safely Home padveiligheids-bemarkingsveldtog.

Hoofverdeling vanaf	Aan	R'000	Rede
	5. Vervoerregulering	7 060	Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglissensies, Distriksveiligheidsplan en Landvervoer-permitstelsel en sagteware vir Provinsiale Vervoerreguleringstelsel.
6. Gemeenskaps-gebaseerde Programme	1. Administrasie	24	COE herbelyning.
	3. Vervoerinfrastruktuur	552	COE herbelyning.
	4. Vervoerbedryghede	543	COE herbelyning.
	5. Vervoerregulering	128	Finansiële huurkontrak.

## Oorgedraagde fondse

Tabel 5 verskaf besonderhede oor versoeke vir die oordra van fondse vanaf 2019/20 tot 2020/21.

Tabel 3: Versoek vir oordra van fondse vanaf 2019/20 tot 2020/21

Program	R'000	Purpose
Program 5: Vervoer-regulering	10 231	Om voorsiening te maak vir agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite ten opsigte van die invordering van gelde vir motorvoertuiglissensies.
	1 200	Om voorsiening te maak vir regskoste in verband met die arbitrasie tussen die regering en die minibustaxibedryf.
	3 250	Om voorsiening te maak vir bedryfskoste en die verbetering van databasisse ten grondslag aan reguleringsfunksies op stelsels in die vervoerreguleringsomgewing, soos die Landvervoer-permitstelsel (LTPS) en Provinsiale Vervoerreguleringstelsel (PTRS).
Totaal	14 681	

## 4.5 Behoud van inkomste

Tabel 6 verskaf details oor inkomste wat van 2018/19 tot 2019/20 behou is.

Tabel 6: Inkomste behou van 2018/19 tot 2019/20

Program	R'000	Doel
Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur	5 725	Om die ontwerp en konstruksie te finansier van die toegangspad in Saldanha wat die Louville-gemeenskap met die Gemeenskapsdagsentrum verbind.
	6 969	Om voorsiening te maak vir die opknapping van kantooruimtes.
Program 3: Vervoer-infrastruktuur	7 000	Vir opgraderings aan die provinsiale Hoofweg 201 (HW201).
Program 4: Vervoerbedrywe	91 379	Om die Integrated Transport Hub te finansier, wat 'n vernuwend staatsbenadering tot slimstede is, wat die potensiaal van tegnologie benut om vervoer in die Wes-Kaap te verbeter deur beter data en geïntegreerde inligting aan besluitnemers te bied, wat intydse monitering van padverkeer, openbare vervoer en misdaad toelaat en die onmiddellike en vinnige ontplooiing van wetstoepassingsbeamptes moontlik.

Program	R'000	Doel
Program 5: Vervoer- regulering	2 393	Om voorsiening te maak vir regskoste ten opsigte van die arbitrasie tussen die regering en die minibustaxibedryf vir bedryfskoste (R1 000 000) en vergoeding van die Wes-Kaapse provinsiale taxieraad (R643 000) en die provinsiale vervoerregulasiesstelsel (PTRS), wat deel uitmaak van die breër Integrated Transport Hub wat bedoel is om die databasisse wat die reguleringsfunksies van die program ondersteun, te verbeter (R750 000).
	22 000	Om voorsiening te maak vir agentskapsgelede wat aan munisipaliteite betaal moet word ten opsigte van die invordering van motorvoertuiglisensiegelede.
<b>Totaal</b>	<b>135 466</b>	

#### 4.6 Ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die redes vir ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in 2019/20 geïdentifiseer is, die bedrae betrokke en stappe wat geneem is om herhaling te voorkom, word hieronder uiteengesit.

##### Ongemagtigde uitgawes

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
-	-	Nul	-

##### Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
-	-	Nul	-

##### Onreëlmatige uitgawes

Die tabel hieronder wys die sake wat in 2019/20 na vore gekom het.

Lêernommer	Beskrywing	Bedrag	Korrektiewe stappe
FC 3/6/1/4/157	Nie-nakoming van regulasie 8 (5) van die Voorkeur-verkrygingsregulasies (PPR), 2017 wat plaaslike inhoud betref.	R117 881.44	Waarskuwingsbriewe aan die betrokke amptenare uitgereik. SCM-instruksie 5 van 2019/20 is uitgereik en versprei.

#### 4.7 DVOW se toekomsplanne

Die volgende wetgewende en beleidsaangeleenthede sal nagestreef word:

- Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Onroerende Bate en regulasies word opgestel om die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie te vervang;
- Wes-Kaapse Provinsiale Padverkeerswet word gewysig om die minister in staat te stel om regulasies, met inbegrip van skutting, uit te vaardig;
- Die finale konsep van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur is deur die Kabinet goedgekeur en vir openbare kommentaar geadverteer. Daar word gewerk aan die wysiging van die konsepregulasies.

Verder sal die DVOW:

- Binne die infrastruktuurafleweringsruimte, bates wat die dienslewering aan burgers maksimeer, prioritiseer;
- Voortgaan met die ontwikkeling van die Meesterakkommodasieplan;
- 'n Geïntegreerde batebestuursbestuurstelsel ontwikkel om batebestuur in die provinsie te verbeter;
- Voortgaan met die implementering van die provinsiale program vir volhoubare vervoer wat daarop gemik is om aan mobiliteitsbehoefes in geprioritiseerde munisipaliteite te voldoen;
- Voortgaan om vernuwing en nuwe tegnologie op die gebied van vervoer, ITIH, sowel as onroerende bates te gebruik om doeltreffendheid te verbeter en om vinnig meer bestuursinligting te versamel; en
- Voortgaan om die interne tegniese kapasiteit en bekwaamheid binne die Departement te bevorder.

### Openbare-private-vennootskappe (OPV'e)

OPV'e ondersteun die openbare en private sektore om saam daaraan te werk om infrastruktuur te befonds en te bou. OPV'e word deur Tesourieregulasie 16 en die PFMA geregleer. Die OPV-projeksiklus omvat vier stadiums en goedkeuring vanaf die Nasionale Tesourie (NT) moet in elke stadium verkry word.

Goedkeuringsfase	Beskrywing
TA I	NT-goedkeuring vir die projekuitvoerbaarheidstudie.
TA II A	NT-goedkeuring vir die verkrygingsdokumentasie, insluitend die konsep OPV-ooreenkoms
TA II B	NT-goedkeuring van die verslag wat wys hoe die drie OPV-kriteria toegepas is in die evaluering van die tenders, hoe die voorkeurtender daaraan voldoen het, en enige ander inligting wat die NT mag verlang.
TA III	NT-goedkeuring van die OPV-ooreenkoms wat sertifiseer dat die projek aan al die vereistes van Tesourieregulasie 16 voldoen.

Let wel: Skedule van NT-goedkeurings vir openbare-private-vennootskappe

Projek	Stadium van Tesouriegoedkeuring				Opmerking
	TA I	TA IIA	TA II B	TAIII	
Chapmanspiek-rylaan				X	Chapmanspiek-rylaan word steeds as 'n tolpad bedryf ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999). Die konsessie-ooreenkoms duur tot 2033.

### Eiendomsvennootskappe

Verskeie scenario's vir grondgebruik is in Februarie 2019 afgehandel en opsies is aan die kabinet voorgelê vir alle projeklewerings vir die Founders' Garden Kunstekaap. 'n Bywerking oor die Conradie BLMEP word hieronder verskaf.

**Founders' Garden Kunstekaap** – Die kabinet het in April 2019 'n voorkeuropisie ondersteun wat die fokus op grondgebruik van gemengde gebruik, kommersieel gelei na gemengde gebruik, bekostigbare residensieel gelei verskuif. 'n Hersiende konsep is in Augustus 2019



ontwikkel en aangebied, wat ooreenstem met 'n residensiële ontwikkeling vir gemengde gebruik wat maatskaplike en bekostigbare akkommodasie insluit. Die hersiende konsep ondersteun die verkrygingsdokumentasie vir die aanstelling van finansiële, regs- en tegniese spesialiste wat nodig is om: 1) grondgebruiksregte te wysig, te maksimeer en te beveilig; 2) die finansiële uitvoerbaarheid van die ontwikkeling te ontwikkel en te modelleer; en 3) 'n geskikte ontwikkelaar vir die terrein te bekom. Die spesialiste is in Maart 2020 aangestel en het aan al die projeklewerings begin werk.

Conradie – Nadat die aangestelde ontwikkelaar formeel beheer oor die terrein geneem het, het hy ook verantwoordelikheid oor die veiligheid en instandhouding daarvan geneem. Die ontwikkelaar het voortgegaan met die ontwikkeling van die eerste terreinplan en nadat dit deur die Departement goedgekeur is, aan die Stad Kaapstad (CoCT) voorgelê. Vervolgens het die CoCT die terreinplan goedgekeur. Net so is die terreinontwikkelingsplanne vir die eerste blok van maatskaplike behuising ingedien, asook die eerste ope markbehuisingblok. Die Stad het ook die grootmaat-infrastruktuur-opgraderingsontwerpe en eksterne pad- en brugopgraderings goedgekeur.

In Januarie 2020 het die ontwikkelaar die siviele kontrakteur aangestel wat met die skoonmaak van die terrein, pypafleidings en pale vir die nuwe voetgangerbrugge begin het.

#### 4.8 Gestaakte aktiwiteite

Daar is geen gestaakte aktiwiteite om te rapporteer nie.

#### 4.9 Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Daar is geen nuwe of voorgestelde aktiwiteite om te rapporteer nie.

#### 4.10 Voorsieningskanaalbestuur (goedere en dienste)

Geen ongevraagde tenders is in die loop van die oorsigjaar aangegaan nie.

'n Nuwe gestandaardiseerde kontrak vir goedere en dienste is ontwikkel en word reeds in die Departement gebruik. Die proses van ondersoek deur Regsdienste vir moontlike toepassing regdeur die Wes-Kaapse Regering met die goedkeuring van die provinsiale Tesourie, is reeds in 'n gevorderde stadium en verbeterings en verfynings word van tyd tot tyd aangebring om te verseker dat die jongste wetgewing, regulasies en instruksies nagekom word. Alhoewel die gestandaardiseerde kontrakdokument in alle opsigte aan die voorskrifte van die nasionale Tesourie voldoen, sal dit eers aan ander Departemente en staatsorgane beskikbaar gestel word sodra die goedkeuring van die regsdienste/provinsiale Tesourie verseker is.

Die RB se VKB-delegasies is hersien, sal met die nuwe provinsiale Tesourie instruksies belynd word, asook die bestuursraamwerk vir die lewering en verkryging van infrastruktuur wat deur die nasionale Tesourie uitgereik is. Hierdie afvaardigings sal in die 2020/21-boekjaar uitgereik word.

Die vernaamste uitdagings verwant aan VKB sluit in:

- Die dwarsliggende geïntegreerde finansiële bestuurstelsel se ontwikkeling is nog nie afgehandel nie;
- Die gebrek aan 'n funksionele gestandaardiseerde projekbestuurstelsel wat vir die Departement gekonfigureer is;
- Die wetgewende raamwerk vir VKB word tans hersien en daar is potensiële risiko's wat met die veranderingsbestuursproses verband hou; en
- Die implementering van die Wes-Kaapse verskaffersbewysbank (WCSEB) as 'n dokumentbewaarplek, (wat die Wes-Kaapse verskaffersdatabasis vervang het), benewens die nasionale Tesourie se sentrale verskaffersdatabasis (CSD) en die implikasies daarvan vir verskaffers en kontrakteurs.

Hierdie uitdagings wek veral kommer gegewe die feit dat die Departement beide voorsieningskanaal- en projekintensief is. Hierdie uitdagings is intussen versag deur:

- Ontwerp van gestandaardiseerde werktuie en sjablone;
- Die gebruik van elektroniese toepassings en dienste;
- Die verdere ontplooiing in die lynfunksie van 'n gebruikersvriendelike Ondernemingsbestuurstelsel gegrond op die vereistes van die Bestuursraamwerk vir Infrastruktuurlewering (IDMS);
- Hanteer die uitdagings wat met die SVD en WCSEB ervaar word, van geval tot geval.

#### 4.11 Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is

Geen geskenke en donasies in natura is van onverwante partye ontvang nie.

#### 4.12 Vrstellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun

Die aangepaste kontantstandaarde stel 'n Departement vry van die aantekening van oploring in belastinginkomste. By implikasie hoef 'n Departement nie enige ontvangbare of betaalbare rekeninge soos rente of ander veranderings wat regstreeks verband hou met die heffing of vordering van belastinginkomste in te reken nie.

#### 4.13 Gebeure na verslagdatum

Die Departement het die impak van die COVID-19-pandemie, wat tot 'n landwye nasionale ramptoestand gelei het, geassesseer. Geen verdere verslagdoening van inligting as gevolg van COVID-19 word as wesenlik beskou in die 2019/20 finansiële jaarstate (JFS) nie.

#### 4.14 Ander

Daar is geen ander sake om aan te meld nie.

#### 4.15 Erkenning

Ons jaarlikse Langdiens-toekenning is die geleentheid om die fenomenale bydraes van ons jarelange en toegewyde personeel te erken en te vier. Die aanbieding van die Langdiens-toekenningseremonie vir amptenare wat 10, 20, 30 en 40 jaar aaneenlopende

diens gelewer het vir die periode 1 April 2019 tot 31 Maart 2020, is ongelukkig weens die COVID-19 Nasionale Ramptoestand gekanselleer. Die Departement wil hierdie amptenare bedank vir hul harde werk en hul toegewyde diens. Hulle was van onskatbare waarde vir die voortgesette sukses van die DVOW en die Wes-Kaapse Regering as geheel.

Kategorieë	10 jaar	20 jaar	30 jaar	40 jaar	Totaal
Aantal ontvangers	108	55	55	5	223

Hoewel dit buite die verslagtydperk val, is dit ook met groot hartseer dat ons verneem dat COVID-19 die lewens geëis het van Kenneth Baron (33 jaar diens) wat by ons Belville-werkswinkel gewerk het en op 18 Junie oorlede is, Mark Jansen (17 jaar diens), Direkteur: Padveiligheidsbestuur, wat op 8 Julie 2020 oorlede is en Gert Cloete (32 jaar diens), wat in ons Ceres-padinstandhoudingspan gewerk het en op 9 Julie 2020 oorlede is.

Die finansiële jaarstate, soos op bladsye 243 tot 350 uiteengesit, word hiermee goedgekeur.



---

JT Gooch  
Rekenpligtige Beampte  
Departement van Vervoer en Openbare Werke

Datum: 20.10.2020

---

## 5 Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

---

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Dat alle inligting en bedrae wat deurlopend in hierdie jaarverslag openbaargemaak word, konsekwent is.
- Dat die jaarverslag volledig, akkuraat en vry van enige weglatings is.
- Dat die jaarverslag in ooreenstemming met die riglyne vir só 'n verslag, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die finansiële jaarstate (Deel E) ooreenkomstig met die aangepaste kontantstandaarde en die tersaaklike raamwerke en riglyne, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die RB verantwoordelik is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Dat die RB daarvoor verantwoordelik is om 'n stelsel van interne beheer daar te stel en te implementeer, welke stelsel ontwerp moet wees om redelike sekerheid ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die finansiële jaarstate en, in lyn met 'n raamwerk vir bestuurstoetsing waaroor met die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (CSC) in die DvdP ooreengekom is, vir inligting oor Mensehulpbronbestuur (MH).
- Dat die eksterne ouditeure betrek is om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.
- Dat hierdie jaarsverslag, na my mening, 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die MH-inligting en die finansiële aangeleenthede van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2020 is.

Die uwe



---

JT Gooch  
Rekenpligtige Beampte  
Departement van Vervoer en Openbare Werke  
Datum: 20.10.2020

## 6 Strategiese oorsig

### 6.1 Visie

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) ondersteun die Wes-Kaapse Regering se visie, soos vervat in die provinsiale strategiese plan 2014 – 2019, ten volle:

*“'n Opegeleentheid-samelewing vir almal”.*

Die DVOW se visie stem ooreen met die visie van die Wes-Kaapse Regering:

*““Om die pas aan te gee in die aflewering van regeringsinfrastruktuur en verwante dienste”.*

### 6.2 Misie

*“Die DVOW lewer infrastruktuur en dienste ter bevordering van sosio-ekonomiese uitkomste en veilige, bemagtigde en verbindende gemeenskappe.”*

### 6.3 Waardes

Die DVOW onderskraag die kernwaardes van die WKR ten volle:



Hierdie waardes word almal deur spanwerk onderskraag. Hier volg 'n verduideliking van die betekenis van elk van hierdie kernwaardes:

Tabel 4: Provinsiale waardes en verklarings oor gedrag

Waarde	Verklaring oor gedrag
Sorgsaamheid	<p>Ons sal poog om mense se behoeftes te verstaan en aandag daaraan te skenk.</p> <p>Ons sal respek teenoor ander betoon.</p> <p>Ons sal personeellede as meer as blote werkers behandel en hulle as mense na waarde ag.</p> <p>Ons sal empatie teenoor personeellede toon.</p> <p>Ons sal die positiewe kenmerke van die werkplek beklemtoon.</p> <p>Ons sal opbouwende kritiek lewer wanneer nodig.</p>
Bevoegdheid	<p>Ons sal poog om te verseker dat personeellede altyd daartoe in staat is om die take te verrig waarvoor hulle aangestel is, dat hulle die DVOW se waardes internaliseer, en dat hulle altyd uitnemendheid nastreef.</p> <p>Ons sal met gehaltewerk, binne begroting en betyds ons gestelde uitkomste en teikens behaal.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal.</p> <p>Ons sal saam daaraan werk om ons konstitusionele verpligtinge sowel as die verpligtinge van ons verkose mandaat na te kom.</p>

Waarde	Verklaring oor gedrag
Aanspreeklikheid	<p>Ons verstaan ons doelwitte, rolle, delegasies en verantwoordelikhede ten volle.</p> <p>Ons is daartoe verbind om alle ooreengekome uitsette betyds te lewer.</p> <p>Ons hou mekaar aanspreeklik in die gees van onderlinge vertrouwe en gestanddoening van al ons verpligtinge.</p> <p>As individue sal ons verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar vir die resultate van ons werk en die gevolge dra wanneer ons nie hieraan voldoen nie.</p>
Integriteit	<p>Ons sal daarna streef om die ware toedrag van sake in elke situasie te verstaan en ten alle tye met integriteit optree.</p> <p>Ons sal eerlik wees, respek betoon en positiewe waardes beoefen.</p> <p>Ons sal ten alle tye betroubaar en vertroubaar wees deur te doen wat ons beloop het om te doen.</p> <p>Ons sal ten alle tye in alle gevalle met integriteit optree en sodoende verseker dat ons korrupsie-vry bly.</p>
Vernuwing	<p>Ons streef daarna om nuwe idees te implementeer, dinamiese diensopsies te skep en dienste te verbeter.</p> <p>Ons streef daarna om kreatiewe denkers te skep wat uitdagings en geleenthede vanuit alle moontlike perspektiewe beskou.</p> <p><b>Ons is burgersentries en het die vermoë om alle opsies te oorweeg en 'n vindingryke oplossing te vind.</b></p> <p>Ons waardeer werknemers wat bestaande praktyke bevraagteken met die oog daarop om hulle te hersien, te vernuwe en te verbeter.</p> <p><b>Ons kweek 'n omgewing waarbinne innoverende idees aangemoedig en beloon word.</b></p> <p>Ons het begrip vir foute wat in goedertrou begaan is en laat toe dat werknemers daaruit leer.</p> <p>Ons werk saam daaraan om probleme op te los sodat ons strategiese organisatoriese doelwitte verwesenlik kan word.</p>
Responsiwiteit	<p>Ons neem die openbare mening ernstig op deur te luister na en die stem van die mense te hoor (luister meer en praat minder).</p> <p>Ons sal tydig op alle situasies reageer en onself altyd afvra of dit die regte antwoord is, waar dinge dalk skeef kan loop en hoe ons 'n beter diens kan lewer.</p> <p><b>Ons sal op 'n samewerkende wyse met mekaar, ons belanghebbers en die media in gesprek tree deur al die inligting te verskaf.</b></p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal en om op hulle terugvoer te reageer.</p>

## 7 Wetgewende en ander mandate

Die DVOW se mandaat word ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna verwys na as die Grondwet) en die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998). Sekere mandate is gelyklopende verantwoordelikhede, terwyl ander die uitsluitlike verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfeer is. Hierdie mandate, asook dié wat uit funksionele wetgewing en beleide ontleen is, word in hierdie afdeling uiteengesit.

Funksie	Wetgewing
Vervoer	<p>Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998) (AARTO)</p> <p>Bevorder gehalte van padverkeer deur bepalings neer te lê vir 'n skema om padverkeeroortredings te ontmoedig, om die beregting van padverkeeroortredings te fasiliteer, om die vervolging van oortreders ingevolge nasionale en provinsiale wette verwant aan padverkeer te ondersteun, om 'n strafpuntstelsel te implementeer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n agentskap om die skema te administreer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n raad om die agentskap te verteenwoordig, en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p>Wet op Advertering Langs Paaie en Strookbebouing, 1940 (Wet 21 van 1940)</p> <p>Plaas die verantwoordelikheid op die DVOW om die vertoon van advertensies te reguleer in sekere buitestedelike gebiede waar hierdie liggings sigbaar is vanaf geproklameerde provinsiale paaie asook om die deponering of agterlating van ongebruikte masjinerie of afval en die oprigting, konstruksie of neerlê van strukture en ander dinge in die omstreke van sekere geproklameerde provinsiale paaie te beheer sowel as die toegang wat tot sekere grond via sodanige paaie verleen word.</p>
	<p>Nasionale wet op landvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009)</p> <p>Bepaal die proses vir die transformering en herstrukturering van die nasionale landvervoerstelsel wat geïnisieer is deur die National Land Transport Transition Act, 2000 (Wet 22 van 2000) deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die formulering en implementering van provinsiale landvervoerbeleid en -strategie;</li> <li>• die beplanning, koördinerende en fasiliterende van landvervoerkoninkasies;</li> <li>• samewerking tussen munisipaliteite; en</li> <li>• skakeling met ander regeringsdepartemente.</li> </ul>
	<p>Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)</p> <p>Die DVOW, met die LUR [Provinsiale Minister] as aangewese gesaghebber, moet verseker dat alle funksies verwant aan die registrasie en lisensiering van motorvoertuie, die toetsing van bestuurders se bevoegdheid en die toetsing van voertuie se bevoegdheid uitgevoer word. Voorts is die DVOW ook daarvoor verantwoordelik om enige geleentheid te beheer wat op openbare paaie aangebied word.</p> <p>Die NRTA reguleer die registrasie en lisensiering van motorvoertuie, vervaardigers, bouers en invoerders; bevoegdheid van bestuurders; operateurbevoegdheid; padveiligheid; padverkeerstekens; spoedgrense; ongelukke en ongelukverslae; roekelose of nalatige bestuur; onbedagsame bestuur; bestuur onder die invloed van bedwelmende drank of 'n dwelm wat 'n narkotiese effek het; en diverse padverkeeroortredings.</p>
	<p>National Qualifications Framework Act, 2008 (Wet 67 van 2008)</p> <p>Lê bepalings neer vir die verdere ontwikkeling, organisering en beheer van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.</p> <p>Van toepassing op: onderrigprogramme of leerprogramme wat lei tot kwalifikasies of gedeeltelike kwalifikasies wat binne die Republiek deur onderwysinstansies aangebied word; en op aanbieders van vaardigheidsontwikkeling.</p>
	<p>Wet op Nasionale Verkeersveiligheid, 1972 (Wet 9 van 1972)</p> <p>Om padveiligheid te bevorder; vir die doel om 'n nasionale padveiligheidsraad en 'n sentrale padveiligheidsfonds in te stel; tot intrekking van die Wet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1960; en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op die Padverkeerbestuurskorporasie, 1999 (Wet 20 van 1999)                      Lê bepalings, in openbare belang, neer vir koöperatiewe en koördinerende strategiese beplanning, regulering, fasilitering en wetstoepassing ten opsigte van padverkeeraangeleenthede deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; reguleer die uitkontraktering van padverkeerdienste; lê bepalings neer vir die infasering van private belegging in padverkeer en, met die oog daarop, lê bepalings neer vir die vestiging van die Padverkeerbestuurskoöperasie en verwante aangeleenthede.</p>
	<p>Nasionale Padvervoerwet, 1997 (Wet 74 van 1977)                      Lê bepalings neer vir die beheer van sekere tipes padvervoer en aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Padverkeeradministrasie, 2012 (Wet 6 van 2012)                      Reguleer sekere padverkeeraangeleenthede in die provinsie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wysigingswet op die Wet op Padvervoer (Wet 8 van 1996)                      Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n provinsiale vervoerregistrator en die registrasie van minibustaxiverenigings, -operateurs en -voertuie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999)                      Lê bepalings neer vir die heffing van tolgeld op provinsiale openbare paaie in die Wes-Kaap en vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, bedryf, bestuur, beheer, instandhouding en rehabilitering van provinsiale tolpaaie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Vervoerinfrastruktuur, 2013 (Wet 1 van 2013)                      Maak voorsiening vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, instandhouding, beheer, bestuur, regulering, opgradering en rehabilitasie van paaie, spoorlyne en ander vervoerinfrastruktuur in die Wes-Kaap. Hierdie wet is nog nie in werking gestel nie.</p>
	<p>Wes-Kaapse Konsepwetsontwerp op Spoorvervoer, (2019)                      Die konsepwetgewing reageer op die baie ernstige en dringende behoefte om die kwessies wat spoorvervoer in hierdie provinsie teister, aan te spreek. Die konsepwetsontwerp poog om spoorveiligheid en spoorwegdiensstandaarde in die Wes-Kaap te verbeter en maak voorstelle oor hoe dit bereik kan word.</p>
	<p>Kaapse Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976)                      Bepaal dat die provinsie die uitsluitlike mag het om die statutêre boulyne synde 5.0 m en 95 m te verswak in soverre dit met die onderskeie provinsiaal geproklameerde paaie verband hou, en lê bepalings neer vir die wysiging/verandering van paaie se klassifikasie (artikel 4). Sodanige aansoeke word gewoonlik vanaf die tersaaklike distriksmunisipaliteit via die distrikpadingenieur ontvang, maar hulle kan ook vanuit die DVOW se hoofkantoor ontstaan.</p>
<p>Openbare Werke en Eiendomsbestuur</p>	<p>Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975)                      Voorsien die onteiening van grond en ander eiendom vir openbare en sekere ander doeleindes.</p>



Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 1997 (Wet 62 van 1997)                      Om voorsiening te maak vir maatreëls met staatshulp om langtermynbeveiliging van grondbesit te vergemaklik; om die verblyfvoorwaardes op sekere grond te reguleer; om die voorwaardes en omstandighede waaronder die reg van persone om op grond te woon, te beëindig te reguleer; om die voorwaardes en omstandighede te reguleer waaronder persone wie se verblyfreg beëindig is, van grond uitgesit kan word; om die voorsiening van subsidies te vervang deur verblyftoelae; om die regte van besetters verder te reguleer; om voorsiening te maak vir regsverteenvoordinging vir besetters; om die uitsetting van besetters verder te reguleer deur die toepassing van alternatiewe resolušiemeganismes soos bepaal in die Wet; om voorsiening te maak vir die instelling en bedryf van 'n Raad vir die bestuur van grondregte; en voorsiening te maak vir die instelling en werking van komitees vir die bestuur van grondregte om geskille oor grondregte te identifiseer, te monitor en te besleg.</p> <p>Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007)                      Het ten doel om die behaling van die staat se diensleweringsoogmerke op te skerp deur behoorlike bestuur van die onroerende bates te verseker wat deur staatsinstansies benut en beheer word. GIAMA stipuleer die verantwoordelikhede van die gebruiker en dié van die opsiener wat, in die Wes-Kaap, die DVOW Provinsiale Openbare Werke is.</p> <p>Nasionale Wet op Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977)                      Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerder van die beboude omgewing in die Wes-Kaap, moet verseker dat alle geboue en konstruksiewerk op staatseiendom aan wetgewing voldoen.</p> <p>Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)                      Stel 'n geïntegreerde en interaktiewe stelsel daar vir die bestuur van nasionale erfenishulpbronne, lê algemene beginsels neer vir die beheer van erfenishulpbronbestuur, stel 'n geïntegreerde stelsel in vir die identifisering, evaluering en bestuur van erfenishulpbronne, en stel die provinsies in staat om erfenisowerhede in te stel wat magte moet aanvaar om sekere kategorieë van erfenishulpbronne te beskerm en te bestuur. Vereis van die DVOW om sekere eiendomme wat vir ontwikkeling- of herlewingsaktiwiteite geïdentifiseer is aan 'n omvattende erfenisimpakevaluering- en goedkeuringsproses te onderwerp en om die erfenisaspekte van die ter sprake eiendomme te behou.</p> <p>Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998)                      Lê bepalings neer vir die verkryging van onroerende eiendom en die vervreemding van grond in besit van die WKR, en vir die bestuur van aangeleenthede wat hiermee verband hou. Derhalwe is die DVOW daarvoor verantwoordelik om die bate- en eiendomregister deurentyd by te werk, addisionele benodigde eiendomme te bekom en eiendomme wat in onbruik verval, af te staan of te herontwikkel.</p>
Transversale	<p>Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)                      Bring die reg tot billike arbeidspraktyke, soos na verwys in artikel 23(1) van die Grondwet, tot uitvoer en lê bepalings neer vir die regulering van basiese diensvoorwaardes, om sodoende aan die Republiek se verpligtinge as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie te voldoen.</p> <p>Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) Ministeriële bepaling 4: UOWP, geproklameer 4 Mei 2012                      Bevat die standaardbepalings en voorwaardes vir werkers wat in elementêre beroepe in 'n UOWP-projek aangestel word.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003)</p> <p>Stel 'n wetgewende raamwerk daar vir die bevordering van BBSEB; bemagtig die minister om kodes van goeie praktyk uit te reik en om transformasiemanifeste af te kondig; en rig die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging op; bevorder die nakoming van staatsorgane en openbare entiteite aan die wet; versterk die evaluering en monitering van nakoming; sluit aansporingskemas in om ondernemings in swart besit en bestuur te ondersteun in die strategie vir BBSEB; maak voorsiening vir die kansellering van 'n kontrak of magtiging; en stig die Kommissie vir Breëbasis vir Swart Ekonomiese Bemagtiging om die nakoming daarvan te hanteer.</p>
	<p>Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998)</p> <p>Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n Mededingingskommissie wat verantwoordelik is vir die ondersoek, beheer en evaluasie van beperkende praktyke, misbruik van dominante posisie, en samesmeltings; vir die daarstelling van 'n Mededingingstribunaal wat verantwoordelik is vir beregtiging in sulke aangeleenthede; vir die daarstelling van 'n Mededingingsappèlhof; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>
	<p>Construction Industry Development Board Act, 2000 (Wet 38 van 2000)</p> <p>Stel die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf (CIDB) daar wat, onder andere, verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die bedryf ter verbetering van die lewering van infrastruktuur aan die Suid-Afrikaanse publiek; om met alle belanghebbers saam te werk met die oog op die volhoubare groei van konstruksie-ondernemings en beste praktyke aan die kant van werkgewers, kontrakteurs en die beroepe; om beste praktyke te identifiseer en nasionale standaarde te bepaal; en om gemeenskaplike en etiese standaarde te bevorder vir die lewering van konstruksiewerke en kontrakte.</p>
	<p>Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)</p> <p>Kom neer op 'n oorkoepelende raamwerk vir verbruikerbeskerming. Alle ander wette wat bepalings vir verbruikerbeskerming neerlê (gewoonlik binne 'n bepaalde sektor) moet tesame met die CPA gelees word ten einde 'n gemeenskaplike standaard van beskerming te verseker. Die wet is van toepassing op alle goedere en dienste.</p>
	<p>Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985 (Wet 53 van 1985)</p> <p>Lê bepalings neer vir die beveiliging van sekere openbare persele en voertuie en vir die beskerming van mense daar op of daar in, en vir verwante aangeleenthede.</p>
	<p>Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)</p> <p>Lê bepalings neer vir prosedures en verwante aangeleenthede in strafsake.</p>
	<p>Wet op Rampsbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002)</p> <p>Voorsien 'n geïntegreerde en gekoördineerde beleid vir rampbestuur wat daarop fokus om die risiko van rampe te voorkom of te verminder; die versagting van die erns van rampe; noodgereedheid; vinnige en effektiewe reaksie op rampe; en herstel na die ramp.</p>
	<p>Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA) (Jaarliks)</p> <p>'n Jaarlikse wet uitgevaardig deur die parlement wat, onder andere, bepalings neerlê vir die billike verdeling van inkomste wat na verwagting nasionaal geeien sal word met die oog op verdeling tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere en vir voorwaardelike toekennings ten einde die regering se beleidsdoelwitte te behaal. Voorts werk dit voorspelbaarheid in die hand asook die versekering dat alle toewysings aan provinsies en munisipaliteite benut sal word ten einde die regering in staat te stel om sy multi-jaar-begroting saam te stel.</p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998)                      Het ten doel om billikheid in die werkplek te bewerkstellig deur: 1) gelyke geleenthede te bevorder asook die billike behandeling van werknemers ten einde onbillike diskriminasie uit die weg te ruim; en 2) maatreëls ten opsigte van regstellende aksie te gebruik met die oog daarop om die ervarings van diegene wat voorheen ten opsigte van indiensneming te nagekom is, reg te stel sodat billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op alle vlakke binne die werksmag bewerkstellig kan word.</p>
	<p>Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet 60 van 2000)  <b>Stel 'n omvattende, doeltreffende stelsel vir vuurwapenbeheer en verwante aangeleenthede saam.</b></p>
	<p>Intergovernmental Relations Framework Act, 2005 (Wet 13 van 2005)  <b>Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n raamwerk waarvolgens die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede interregeringsverhoudinge kan bevorder; lê bepalings neer vir meganismes en prosedures waarvolgens interregeringsgeskille opgelos kan word; en lê bepalings neer vir verwante aangeleenthede.</b></p>
	<p>Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) (LRA)                      Stel die DVOW in staat om ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek te bevorder deur <b>uitvoering te gee aan die doel van die Wet insluitend: om 'n raamwerk te verskaf</b> waarbinne werknemers en hul vakbonde, werkgewers en werkgewersorganisasies gesamentlik kan onderhandel om lone, diensvoorwaardes en ander sake van gemeenskaplike belang te bepaal; om arbeidsgeskille doeltreffend op te los en voorsiening te maak vir werknemers se deelname aan besluitneming in die werkplek.</p>
	<p>Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)                      Lê bepalings neer vir kernbeginsels, -meganismes en -prosesse wat nodig is sodat munisipaliteite progressief kan werk aan die maatskaplike en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe, en verseker dat universele toegang tot <b>noedsaaklike dienste bekostigbaar is vir almal; omskryf die regsraad van 'n munisipaliteit as iets wat die plaaslike gemeenskap binne die munisipale area insluit, in vennootskap met die munisipaliteit se politieke en administratiewe strukture werk; lê bepalings neer vir die manier waarop munisipale magte en funksies beoefen en uitgevoer word; lê bepalings neer vir</b> <b>gemeenskapsdeelname; stel 'n eenvoudige en bemagtigende stelsel</b> daar vir die kernprosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronmobilisering en organisatoriese verandering wat die nosie van ontwikkelingsgerigte plaaslike <b>regering ten grondslag lê; lê bepalings neer vir 'n raamwerk vir openbare administrasie en mensehulpbronontwikkeling; om die armes te bemagtig en te verseker dat munisipaliteite se tariewe en kredietbeheerbeleide hulle in ag neem deur 'n raamwerk daar te stel vir die lewering van dienste, diensleweringsooreenkomste en munisipale distrikte; lê bepalings neer vir kredietbeheer en skuldvordering; en stel 'n raamwerk daar vir ondersteuning, monitering en standaardstelling deur ander regeringsfere ten einde plaaslike regering progressief uit te bou tot doeltreffende frontlinie-ontwikkelingsagentskappe wat in staat is om die aktiwiteite van alle regeringsfere te integreer vir die algehele maatskaplike en ekonomiese opheffing van gemeenskappe in harmonie met hul natuurlike omgewing.</b></p>
	<p>Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998)                      Lê bepalings neer vir samewerkende bestuurtoesig oor omgewingskwessies <b>deur beginsels neer te lê vir besluitneming oor aangeleenthede wat 'n impak op die omgewing het, instansies daar te stel wat samewerkende bestuurtoesig sal bevorder en prosedures neer te lê om die omgewingsfunksies te koördineer wat deur staatsorgane uitgevoer word; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</b></p>

Funksie	Wetgewing
	<p>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)  <b>Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerder van die beboude omgewing, verseker dat alle bou- en konstruksiewerk op staatseiendom, ongeag deur wie dit onderneem word, onderneem word in nakoming van hierdie wetgewing en dat die strukture vir die duur van hul leeftyd steeds hieraan sal voldoen.</b></p>
	<p>Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000)  <b>Lê bepalings neer dat 'n staatsorgaan sy voorkeurverkrygingsbeleid moet bepaal en 'n voorkeerpuntestelsel moet implementeer waarvan die oogmerke kan insluit dat kontrakte aangegaan word met persone, of kategorieë van persone, wat histories deur onbillike diskriminasie op grond van ras, geslag of gestremdheid benadeel is.</b></p>
	<p>Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet 12 van 2004)  <b>Lê bepalings neer ter versterking van maatreëls om korrupsie en korrupte aktiwiteite te voorkom en te bestry</b></p>
	<p>Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (PAIA)  <b>Dié wet bevorder 'n kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid by openbare en private liggame deur die reg tot inligting te verwesenlik (soos bepaal in artikel 32 van die Grondwet) en aktief 'n samelewing te bevorder waarin mense doeltreffend toegang kan verkry tot inligting wat hulle in staat stel om hul regte meer doeltreffend uit te oefen en te beskerm.</b></p>
	<p>Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (PAJA)  <b>Verleen uitvoering aan artikel 33 van die Grondwet wat bepaal dat almal die reg het tot administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is. Enigeen wie se regte negatief beïnvloed is deur administratiewe optrede het die reg om redes daarvoor gegee te word. PAJA het te make met algemene administratiewe reg en is derhalwe bindend vir administrasie in sy geheel op alle regeringsvlakke.</b></p>
	<p>Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013)  <b>Bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word; stel sekere voorwaardes ten einde minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting daar te stel; lê bepalings neer vir die <b>daarstelling van 'n Inligtingregulator om sekere magte uit te oefen en sekere pligte en funksies</b> ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 te verrig; lê bepalings neer vir die uitreiking van gedragskodes; lê bepalings neer vir die regte van persone ten opsigte van ongevaagde elektroniese mededelings en geoutomatiseerde besluitneming; reguleer die vloeï van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek heen; en lê bepalings vir verwante aangeleenthede neer.</b></p>
	<p>Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005)  <b>Bewaar die argieferfenis vir gebruik deur die regering en mense van Suid-Afrika, en bevorder doeltreffende, aanspreeklike, deursigtige regering deur die behoorlike bestuur en versorging van staatsrekords.</b></p>
	<p>Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet 25 van 2004)  <b>Vestig en ken funksies toe aan die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA); maak voorsiening vir die ouditering van instellings in die openbare sektor; stel OGSA in staat om vermoedelike wesenlike onreëlmatighede as gevolg van 'n oudit na 'n relevante openbare liggaam te verwys vir ondersoek; bemagtig OGSA om gepaste regstellende stappe te neem, om 'n sertifikaat van skuld uit te reik waar 'n rekenpligtige nie die verliese van 'n verantwoordelike persoon verhaal nie, en om die betrokke uitvoerende gesag opdrag te gee om skuld in te vorder.</b></p>

Funksie	Wetgewing
	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) Ondersteun deursigtigheid, aanspreeklikheid en gesonde bestuur ten opsigte van die DVOW se inkomste, uitgawes, bates en laste.
	Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 soos op 3 Junie 1994 in Staatskoerant 15791 gepubliseer) Hierdie is die vernaamste Wet wat openbare administrasie beheer. Dit bepaal die administratiewe en operasionele raamwerk vir staatsdepartemente deur riglyne neer te lê sover dit die indiensneming van en praktyke verwant aan menshulpbronne betref, m.a.w. indiensnemingsvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en aangeleenthede wat hiermee verband hou.
	Wet op die Bestuur van Openbare Administrasie, 2014 (Wet 11 van 2014) Bevorder die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet; lê bepalings neer vir die verplasing en sekondering van werknemers in openbare administrasie; reguleer die doen van sake met die staat; lê bepalings neer vir kapasiteitsontwikkeling en opleiding; lê bepalings neer vir die daarstelling van die Nasionale Regeringskool; lê bepalings neer vir die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie in openbare administrasie; en lê bepalings neer waarvolgens die minister minimumnorme en -standaarde vir openbare administrasie kan stel.
	Wet op Vaardighedsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998) <b>Lê bepalings neer vir 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te ontwikkel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag te ontwikkel en te verbeter, en om daardie strategieë by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te integreer.</b> As toonaangewende werkgewer moet die DVOW nakoming van die werkgewer se verpligtinge verseker ten opsigte van die werkplekooreenkoms en verseker dat hierdie ooreenkoms in die werkplek geïmplementeer word. By wyse van die UOWP implementeer die DVOW leerlingskap- en vaardighedsontwikkelingsprogramme vir deelnemers in vakmanverwante velde.
	Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuurswet, 2013 (Wet 16 van 2013) <b>Om 'n raamwerk vir ruimtelike- en grondgebruikbestuur in die Republiek te bied;</b> om die verband tussen die ruimtelike beplanning en die grondgebruikbestuurstelsel en ander soorte beplanning te spesifiseer; om voorsiening te maak vir inklusiewe, ontwikkelings-, billike en doeltreffende <b>ruimtelike beplanning in die verskillende regeringsfere;</b> om 'n raamwerk te bied vir die monitering, koördinerende en hersiening van die ruimtelike beplanning en <b>grondbestuurstelsel;</b> om 'n raamwerk te bied vir <b>beleide, beginsels, norme en standaarde</b> vir ruimtelike en regulatoriese wanbalanse; om groter <b>konsekwenheid en eenvormigheid</b> in die aansoekprosedures en besluitneming deur owerhede wat verantwoordelik is vir grondgebruikbesluite en ontwikkelingsaansoeke te bevorder; om voorsiening te maak vir die instelling, funksies en werksaamhede van munisipale beplanningstribunale; en om voorsiening te maak vir die fasilitering en toepassing van grondgebruik- en ontwikkelingsmaatreëls.
	Radiowet, 1952 (Wet 3 van 1952) Beheer radio-aktiwiteite en verwante aangeleenthede.

Funksie	Wetgewing
	<p>Wes-Kaapse Wet op Grondgebruiksbeplanning, 2014 (Wet 3 van 2014)                      Ten einde wetgewing in die Provinsie met betrekking tot provinsiale beplanning, streeksbeplanning en -ontwikkeling, stedelike en landelike ontwikkeling, regulering, ondersteuning en monitering van munisipale beplanning en regulering van openbare plekke en munisipale paaie wat uit onderverdelings voortspruit, te konsolideer; om voorsiening te maak vir provinsiale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke; om minimum standarde vir, en die doelmatige koördinerings van, ruimtelike ontwikkelingsraamwerke te bepaal; om minimum norme en standarde vir doeltreffende munisipale ontwikkelingsbestuur te bepaal; om provinsiale ontwikkelingsbestuur te reguleer; om die uitwerking van grondontwikkeling op landbou te reguleer; om die uitwerking van grondontwikkeling op landbou te reguleer; om beginsels vir grondgebruikbeplanning te bepaal; en om sekere oubedelings-wette te herroep.</p>
	<p>Wes-Kaapse Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Wysigingswet), 2009 (Wet 1 van 2009)                      Reguleer grondgebruikbeplanning in die Wes-Kaap en verwante aangeleenthede.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op Verkryging (Sakebelange van Werknemers), 2010 (Wet 8 van 2010)                      Om die sakebelange van werknemers van die Provinsiale Regering en van provinsiale openbare instellings asook lede van die beheerliggame van sodanige instellings in instellings wat met die Provinsiale Regering en met provinsiale openbare instellings sake doen, te beperk; om voorsiening te maak vir die bekendmaking van sulke belange; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.</p>
	<p>Wes-Kaapse Wet op die Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2014 (Wet 4 van 2014)                      Bring artikels 154(1) en 155(6) van die Grondwet tot uitvoer deur verdere bepalings neer te lê vir maatreëls om munisipaliteite te ondersteun, munisipaliteite se kapasiteit te ontwikkel en te versterk en om hul prestasie te verbeter. Bring ook artikel 106(1) van die Wet op Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels tot uitvoer deur bepalings neer te lê vir monitering in gevalle waar gebrekkige prestasie en wanadministrasie in munisipaliteite vermoed word, en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>

Die nasionale en provinsiale beleide en strategieë wat hieronder beskryf word, begelei die DVOW in hoofsaak in die nakoming van sy verantwoordelikhede.

Funksie	Beleide
Vervoer	Nasionale Strategie vir Vraglogistiek, 2005 Verlaag binnelandse vragkoste deur laer stelselkoste wat voortspruit uit verhoogde doeltreffendheid, betroubaarheid en verlaagde vervoertye om sodoende haalbare modale opsies tussen pad- en spoorvervoer aan klante te bied.
	Nasionale Strategie vir Openbare Vervoer, 2007 Twee hooftrekke is hier ter sprake, naamlik: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Versnelde modale opgradering, wat ten doel het om nuwe, doeltreffender, universeel toeganklike en veilige openbare vervoer en bedrewe operateurs te verskaf; en</li> <li>• Geïntegreerde snelvervoernetwerke vir openbare vervoer, wat ten doel het om oplossings vir geïntegreerde openbare vervoer te ontwikkel en te optimaliseer.</li> </ul>
	Nasionale Padveiligheidsstrategie, 2011 – 2020 Informeër h nasionaal gekoördineerde poging om opvoeding en wetstoepassing ten opsigte van swak padgebruikgedrag te verbeter in lyn met internasionale beste praktyke en aanbevelings van die Wêreldgesondheidsorganisasie vir ontwikkelende lande.
	Nasionale Strategie vir Landelike Vervoer, 2007 Lê riglyne neer vir al drie regeringsfere om op h geïntegreerde, ooreenstemmende en gekoördineerde wyse werk te maak van die uitdagings verwant aan mobiliteit en toegang in landelike gebiede. Twee hoofstrome word in hierdie strategie uitgelig, naamlik die bevordering van gekoördineerde landelike nodale en koppelende ontwikkelings, en die ontwikkeling van vraag-responsiewe, gebalanseerde en volhoubare landelike vervoerstelsels.
	Witskrif oor Nasionale Vervoerbeleid, 1996 Handel oor veilige, betroubare, doeltreffende, doelmatige, ten volle geïntegreerde vervoerbedrywe en -infrastruktuur. Hierdie behoort aan die behoeftes van vrag- en passasierklante te voldoen op h wyse wat regeringstrategieë vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling sal ondersteun en omgewing- en ekonomiese volhoubaarheid in die hand sal werk.
	Witskrif oor Provinsiale Vervoerbeleid, 1997 Bou voort op die basis wat deur nasionale witskrif vir h vervoerbeleid daargestel is en verskaf meer detail oor spesifieke intervensies in reaksie op die behoeftes en geleenthede in die Wes-Kaap, met erkenning vir heersende en toekomstige bevoegdhede wat aan provinsies en ander regeringsfere ooreenkomstig die Grondwet toegewys kan word.
	Riglyne vir Bestuur van Toegang, 2020 Voorsien riglyne om praktiese ingenieurs en beplanners, sowel as eiendomsontwikkelaars, te help om aanvaarbare padtoegangstandaarde te ontwikkel.
	Suid-Afrika se Strategiese Raamwerk vir Padinfrastruktuur (RISFSA) Lê riglyne neer vir herdefiniëring van die Suid-Afrikaanse paale-netwerk, en help padowerhede om bestaande padnetwerke te herklassifiseer.
	Padveiligheidsstrategie vir die Wes-Kaapse Provinsie, 2005 Moedig h veiliger padomgewing aan deur padveiligheid oral in die provinsie te bevorder met h fokus op nasionale en provinsiale roetes; en is verantwoordelik vir die basiese opleiding van alle verkeersbeampterekruite in die provinsie ten einde eenvormigheid en professionaliteit te verseker.



Funksie	Beleide
	<p>Wes-Kaapse beleidsverklaring ten opsigte van die vervoer van passasiers met spesiale behoeftes (SBPs), 2009</p> <p>Plaas sekere verantwoordelikhede op die DVOW, met insluiting van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanmoediging van die inkrementele toeganklikheid van spoorinfrastruktuur en verskaffing van opleiding aan operateurs en hul personeel om sensitief op te tree teenoor persone met spesiale behoeftes;</li> <li>• Ondersteuning van die lewering van universeel toeganklike inligtingsdienste oor openbare vervoer;</li> <li>• Voorbereiding en publiserings, in samehang met Nasionale Departement van Vervoer, van riglyne verwant aan vereistes rakende die toeganklikheid van openbare vervoervoertuie;</li> <li>• Versekering dat alle nuwe fasiliteite vir openbare vervoer só beplan word dat dit toeganklik is vir persone met spesiale behoeftes; en</li> <li>• Versekering dat alle toekomstige gekontrakteerde openbarevervoerdienste in die provinsie progressief die bedryf van toeganklike dienste insluit tot tyd en wyl alle gekontrakteerde dienste of toeganklik is en/of 'n alternatiewe vraag-responsiewe diens beskikbaar is.</li> </ul>
<p>Openbare Werke en Eiendomsbestuur</p>	<p>Wes-Kaapse Provinsiale Verkrygingsbeleid</p> <p>Ten doel om die bewaarder(s), onder andere, te begelei in die verkryging van onroerende bates en om eenvormige kriteria en prosesse te bevorder en te spesifiseer.</p> <p>Wes-Kaapse Provinsiale Regering se witskrif oor die bestuur van provinsiale eiendom, 2004</p> <p>Lê 'n raamwerk neer vir die begeleiding van aktiwiteite verwant aan vaste eiendom behorende aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering en ander eiendom wat deur die provinsiale regering benut word; en dit dek ook koördinerings met die eiendomsbestuuraktiwiteite van ander openbare/burgerlike rolspelers in die provinsie.</p> <p>Wes-Kaapse Raamwerk vir Infrastruktuur, 2013</p> <p>Sorg dat die beplanning, lewering en bestuur van infrastruktuur wat aan alle belanghebbende (nasionale regering, provinsiale regering, plaaslike regering, semi-staatsorgane en die private sektor) verskaf word met die strategiese agenda en visie vir die provinsie ooreenstem.</p> <p>Wes-Kaapse Beleid op Vervreemding van Provinsiale Eiendom</p> <p>Lei ontwikkeling, dryf transformasie aan en wek vertroue in onderontwikkelde gebiede, veral om wanbalanse in die verlede reg te stel en ekonomiese aktiwiteite te bevorder.</p>
<p>Uitgebreide-openbare werke-program</p>	<p>Riglyne vir die implementering van die UOWP</p> <p>Die UOWP se oogmerk is om kort- en mediumtermyn-werksgeleenthede te skep vir die armes en werkloos, as deel van die regering se strategie om armoede te beveg. Hierdie werkgeleenthede word gekombineer met opleiding wat daarop gemik is om die laaggeskoolde begunstigdes se vooruitsigte op indiensneming binne die formele indiensnemingsmark te verhoog. Die program is afgestem op geleenthede in die volgende sektore: infrastruktuur, omgewing, kultuur, en maatskaplike en nie-regering.</p> <p>Riglyne vir die implementering van die Nasionale Jeugdiens (NJD)</p> <p>Bepaal dat implementering van jeugprogramme die verantwoordelikheid van alle staatsinstansies is. Verantwoordelikheid vir beplanning, koördinerings en inisiëring van doeltreffende en innoverende strategieë vir jeugontwikkeling berus dus eweneens by Nasionale Jeugkommissie en individuele staatsdepartemente op nasionale en provinsiale vlak.</p>



Funksie	Beleide
Transversale	Provinsiale Strategiese Plan (PSP), 2015/16 – 2019/20 'n Stel oorkoepelende strategiese doelwitte vir die WKR vir die huidige verkose termyn waarin gewenste uitkomst vir die mediumtermyn (vyf jaar) uiteengesit word. Hierdie doelwitte weerspieël die behoeftes en prioriteite van die provinsiale regering en bevorder tesame geïntegreerde, verbeterde prestasie oor die openbare sektor in die Wes-Kaap heen.
	Departementele raamwerk en handleiding vir monitering en evaluering Beskryf die monitering- en evalueringstelsels en -werktuie wat daargestel is vir resultaatgedrewe bestuur in die staatsdiens.
	Departementele beleid oor die bestuur van rekords Lê die grondslag vir 'n korporatiewe kultuur van verantwoordelikheid vir die bestuur van inligting en rekords as 'n noodsaaklike vereiste vir doeltreffende dienslewering.
	Wes-Kaapse beleid oor e-Mobiliteit Transversale beleid oor die gebruik van sellulêre datakaarte vir amptelike doeleindes. Dit reguleer en standaardiseer die praktyke en prosedures vir die verkryging, voorsiening en gebruik van datakaarte in die WKR en sy departemente en vir die doelmatige en kostedoeltreffende bestuur van hierdie noodsaaklike diens.
	Wes-Kaapse Regering se transversale bestuurstelsel Het ten doel om meetbare uitkomst te behaal deur die fasilitering van sektorale klusters wat transversaal van kwessies werk maak met individuele lyndepartemente as die implementeringsagente; en beheer die implementering van die provinsiale strategiese plan transversaal regdeur die WKR. Die "Executive Project Dashboard" word as inligtingbestuurwerktuig vir hierdie stelsel gebruik.
	Witskrif oor mensehulpbronbestuur, 1997 Fokus op noodsaaklikheid om mensehulpbronskapasiteit te ontwikkel en te transformeer ten einde die oogmerke van doeltreffende dienslewering en 'n getransformeerde staatsdiens te behaal.

## 8 Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2020

Die DVOW se makro-organisasoriese struktuur word op die volgende vier bladsye van hierdie verslag uiteengesit.



# Organisational Organogram


## Extended Top Management 19/20




Minister of Transport and Public Works  
**Bonginkosi Madikizela**



Head of Ministry  
SL 13  
**Clive Roos**



Head of Department  
SL 16  
**Jacqueline Gooch**




Office of the HoD  
**Sharonette Webb**



Road Network Management  
SL 15  
**Lenn Fourie**



Transport Management  
SL 15  
**Kyle Reinecke**



Provincial Public Works  
SL 15  
**Gavin Kode**



Strategy, Planning and Coordination  
SL 15  
**Gerrit van Schalkwyk (Act)**



Finance (Chief Financial Officer)  
SL 15  
**Chantal Smith**



Road Network Management  
SL 14  
**Anton Nell (Act)**




Traffic Management  
SL 14  
**Kenneth Africa**



Public Private Partnerships (PPP)  
SL 14  
**Joey Pillay**



Policy and Strategy Integration  
SL 14  
**Gerrit van Schalkwyk**



Financial Management  
SL 14  
**Vacant**



Transport Operations  
SL 14  
**Deidre Ribbonaar**



Immovable Asset Management  
SL 14  
**Ronel Judin**



EPWP  
SL 14  
**Richard Petersen**



Supply Chain Management  
SL 14  
**Vacant**



Transport Regulation  
SL 14  
**Yasir Ahmed**



General Infrastructure  
SL 14  
**Andrea Campbell**



Strategic Management and Operational Support  
SL 14  
**Ramesh Maharaj**



Government Motor Transport  
SL 14  
**Yasir Ahmed (Act)**




Health Infrastructure  
SL 14  
**René Kok**



Education Infrastructure  
SL 14  
**Liam Thiel**

# Organisational Organogram

## Senior Management



Provincial Public Works  
SL 15  
**Gavin Kode**

Government Motor Transport  
SL 14  
**Yasir Ahmed**

Public Private Partnerships (PPP)  
SL 14  
**Joey Pillay**

Immovable Asset Management  
SL 14  
**Ronel Judin**

General Infrastructure  
SL 14  
**Andrea Campbell**

Education Infrastructure  
SL 14  
**Liam Thiel**

Fleet Services  
SL 13  
**Anthonie Janse Van Rensburg (Act)**

Project Officer PPP  
SL 13  
**Neil Joseph**

Property Planning and Information  
SL 13  
**Ansa Ferreira**

Technical Support  
SL 13  
**Refiloe Monare**

Infrastructure Policies, Strategies and Systems: Education  
SL 13  
**Charles Croeser**

Fleet Finance  
SL 13  
**Riaan Wiggill**

Project Officer PPP  
SL 13  
**Vacant**

Property Management Region 1  
SL 13  
**Shane Hindley**

Programme/Projects Infrastructure Delivery  
SL 13  
**Catherine Skillicorn**

Programme/Projects Infrastructure Delivery: Education  
SL 13  
**Daniel Nugent (Act)**

Project Officer PPP  
SL 13  
**Vacant**

Property Management Region 2  
SL 13  
**Pakama Mlandu**

Health Infrastructure  
SL 14  
**René Kok**

Special Projects  
SL 13  
**Lindelwa Mabuntane**


Property Acquisition  
SL 13  
**Elzette van der Westhuizen**

Infrastructure, Policies, Strategies and Systems: Health  
SL 13  
**Jodie Thomas**

Programme/Project Infrastructure Delivery: Health  
SL 13  
**Lev Binkowski**

# Organisational Organogram

## Senior Management continued



## 9 Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen

Alhoewel die departement nie vir enige openbare entiteite verantwoordelik is nie, word SMV as 'n handelsentiteit binne sy administrasie bedryf.

Tabel 5: Entiteite wat aan die Provinsiale Minister verslag doen

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van bedrywe
SMV	Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies	SMV word ingevolge Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies as 'n handelsentiteit bedryf. Die RB van die departement is ook die RB van die handelsentiteit. Die RB rapporteer aan die provinsiale minister.	Voorsiening van staatsmotorvoertuie aan kliëntdepartemente vir diensleweringdoeleindes.



**B**

**Prestasie-inligting**

## Deel B: Prestasie-inligting

### 1 Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte

Die OGSA voer tans sekere ouditprosedures uit op die prestasie-inligting om redelike versekering in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te gee. Die ouditgevolgtrekking oor prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte is in die verslag aan die bestuur ingesluit, met enige wesentliche bevindings wat onder die opskrif Voorafbepaalde Doelwitte gerapporteer word in die Verslag oor ander wetlike en regulatoriese vereistes-afdeling van die ouditeursverslag.

Verwys na bladsy 243 vir die Ouditeur-generaal se verslag, wat as Deel E: Finansiële Inligting gepubliseer word.

### 2 Oorsig van departementele prestasie

#### 2.1 Diensleweringomgewing

Die hoofdienste van die Departement is:

Hoofdiens:	Sleutelfunksies
Administratiewe Dienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Verskaf strategiese, beleid- en operasionele ondersteuning binne die Departement.</li><li>• Verskaf finansiële bestuur- en voorsieningskanaaldienste binne die Departement.</li><li>• Verleen hulp aan munisipaliteite om geïntegreerde vervoerplanne te ontwikkel.</li><li>• Fasiliteer die ontwikkeling van provinsiale departementele strategieë, beleide en planne.</li><li>• Bestuur die POP om skaarsvaardighede te ontwikkel op die terreine van vervoer, die bou-omgewing en ingenieurswese.</li><li>• Verskaf beurse vir individue wat besig is met studies op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die bou-omgewing.</li></ul>
Openbare Werke- infrastruktuurdienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Verkry en vervreem onroerende bates.</li><li>• Verseker optimale benutting van eiendomme in die provinsiese besit.</li><li>• Huur eiendom om akkommodasie te verskaf.</li><li>• Verskaf akkommodasiedienste aan provinsiale departemente en entiteite.</li><li>• Bou en hou gesondheid-, onderwys- en algemene geboufasiliteite in stand.</li><li>• Skep werksgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li></ul>
Vervoerinfrastruktuurdienste	<ul style="list-style-type: none"><li>• Bou, rehabiliteer en hou die provinsiale padnetwerk in stand.</li><li>• Bied leerlingskappe en graadopleiding aan.</li><li>• Bied vakleerlingskappe vir dieselwerktuigkundiges aan.</li><li>• Verskaf tegniese ondersteuningsdienste.</li><li>• Skep werksgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li></ul>



Hoofdiens:	Sleutelfunksies
Vervoerbedryfdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestuur en monitor gesubsidieerde en gespesialiseerde openbare vervoerdienste.</li> <li>• Koördineer en fasiliteer landvervoerveiligheids- en -nakomingsprogramme.</li> <li>• Evalueer, ondersteun en kapasiteer munisipaliteite ten opsigte van landvervoermobiliteit.</li> <li>• Ondersteun die implementering van NGV.</li> </ul>
Vervoerreguleringsdienste	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskaf motorvoertuigregistrasie- en lisensieringsdienste deur munisipaliteite.</li> <li>• Verskaf dienste om motorvoertuie se padwaardigheid te toets.</li> <li>• Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders deur munisipaliteite.</li> <li>• Reik permitte uit vir abnormalevragvoertuie en geleenthede op openbare paaie.</li> <li>• Verskaf oorladingbeheerdienste op nasionale en provinsiale paaie.</li> <li>• Verskaf lisensieringsdienste aan openbare vervoeroperateurs.</li> <li>• Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings.</li> <li>• Implementeer en koördineer padveiligheidsprogramme.</li> <li>• Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbarevervoerdomein.</li> <li>• Verskaf wetstoepassing op nasionale en provinsiale openbare paaie.</li> </ul>
Gemeenskapsgebaseerde Programme	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Koördineer die UOWP.</li> <li>• Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel.</li> <li>• Bied konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelinggeleenthede aan, insluitende vakleerlingskappe vir vakmanvaardighede.</li> </ul>

## Vernaamste dienslewering uitdagings

Gedurende die oorsigjaar het 'n aantal uitdagings 'n negatiewe impak op die DVOW se dienslewering gehad:

- Diensversteurings en operasionele mislukkings in die passasierspoorstelsel het:
  - Verdere druk op ander vervoermiddele geplaas en die hoeveelheid padverkeer verhoog;
  - Die veiligheid van passasiers beïnvloed;
  - Bygedra tot die ekonomiese nood van passasiers; en
  - Gelei tot lewensverlies en die verlies van spoorwegbates.
- Diensleweringbetogings in die afgelope jaar het 'n groot impak op busbedrywighede gehad, wat onderbrekings en langer reistye tot gevolg gehad het wat 'n verdere negatiewe impak op die nakoming van die rooster gehad het.
- Gemeenskapsonrus op konstruksierreine wat die lewering van openbare infrastruktuur vertraag het.
- Openbare aandrang dat WKR-besitte grond in sentraalgeleë dele van Kaapstad vir bekostigbare behuisingsdoeleindes gebruik word.
- Geweld met betrekking tot **geskille binne die taxibedryf** het 'n negatiewe impak gehad op pendelaars se veiligheid en die doeltreffende funksionering van die

openbare vervoerstelsel. Gewelddadige konflik tussen minibustaxioperateurs en -verenigings, hoofsaaklik dié onder Cape Amalgamated Taxi Association (CATA) en die Congress of Democratic Taxi Associations (CODETA) het aan beide kante gelei tot moorde en pogings tot moorde. Onderbrekings veroorsaak deur taxi- verwante misdade het die reeds gespanne openbare vervoerstelsel verder beïnvloed as gevolg van die operasionele mislukkings van die spoor wat hierbo beskryf is.

- Bedrog en korrupsie in die voertuig-, bestuurs- en operateurslisensiëringsomgewing het die herleiding van reeds gestrekte menslike hulpbronne nodig om saam met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), die Valke en die nasionale vervolgingsgesag (NVG) om getuies teen individue en sindikate wat in hierdie arena aktief is, bymekaar te maak.

Diensleweringbetogings, wat dikwels die verbranding van bande en ander vorme van vandalisme meebring, het 'n negatiewe uitwerking op die gelokaliseerde toestand van die provinsiale padnetwerk. Daar word nie begroot vir die koste van die herstel of vervanging van hierdie beskadigde infrastruktuur nie, wat die afleiding van fondse van roetine-instandhoudingsbegrotings vereis.

Massavervoer en openbare vervoer in die algemeen is deurtrek met ondoeltreffendheid omdat dit sukkel om aan die eise van 'n vinnig groeiende bevolking te voldoen. Ontwrigtende gedrag wat gereeld onder die dekmantel van burgerlike onrus plaasvind, het waardevolle vervoerinfrastruktuur verder vernietig, wat lei tot die afhanklikheid van en gebruik van enkelkajuit-voertuie. Vandalisme van die spoorwegstelsel het daartoe gelei dat die helfte van die treinstelle verlore geraak het en dat ongeveer 400 000 passasiers nie meer van spoorwegdienste gebruik maak het nie. Die direkte koste van skade aan treinstelle word oor die afgelope vyf jaar op R643 miljoen geraam. Gebruikers van openbare vervoer met lae inkomste in Kaapstad bestee tot 45 persent van hul inkomste aan vervoer en dit sal waarskynlik styg as gevolg van die ineenstorting van die Sentrale Spoorlyn. Die ruimtelike opset van Suid-Afrikaanse stede en die oorheersing van voertuie wat slegs een insittende vervoer, is die primêre bydraer tot verkeersopeenhopings wat vervoerbeplanning ondervind.

In die laaste maand van die 2019/20-boekjaar is die wêreldwye COVID-19-pandemie tot 'n nasionale ramp verklaar. Die implementering van die vlak 5-inperkings het elke tak van die Departement onder druk geplaas. Die DVOW het vinnig reageer deur personeel in staat te stel om van die huis af te werk. Kritieke hulpbronne en personeel is herlei om die dele van die regering se COVID-19-onderdrukkings- en versagtingsstrategieë wat binne die mandaat van die Departement val, te implementeer. COVID-19 sal ongelukkig voortgaan om kritieke infrastruktuurinstandhouding, -herstel en -ontwikkeling te onderduk, asook om werkskeppingspogings in landelike en stedelike gebiede in die Wes-Kaap te belemmer, totdat die pandemie nie meer 'n bedreiging vir die openbare gesondheid in Suid-Afrika is nie.

## Vernaamste diensleweringprestasies

### *Diens: Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel*

Die kontrakteurontwikkelingsprogram (CDP) het vier hoof opleidingsprogramme geïmplementeer.

- Konstruksie-inligtingsessies (KIS) is vir 108 opkomende kontrakteurs van regoor die Wes-Kaap gehou, in vennootskap met DVOW Voorsieningskanaalbestuur, die Nasionale Departement van Openbare Werke, Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOET), die CIDB, die Boubedingingsraad en plaaslike munisipaliteite. Hierdie twee-dag sessies het gefokus op die verskaffing van inligting aan deelnemende kontrakteurs om te verseker dat hul aan alle regeringsreëls en -beleide voldoen.
- Tagtig CIDB Graad 1- en 2-kontrakteurs het aan 'n vyf weke munisipale-gebaseerde opleidingsprogram deelgeneem.
- Agt-en-dertig CIDB Graad 1- en 2-kontrakteurs het aan 'n 10-maand gestruktureerde opleidingsprogram deelgeneem wat deur die Konstruksie Onderwys- en Opleidingsowerheid (CETA) geakkrediteer is en het in Oktober 2019 **gegradueer**. 'n Nuwe inname van 40 kontrakteurs het hul opleiding in November 2019 begin.
- Gevorderde opleiding en mentorsteun is gedurende die jaar onder oorsig aan 20 Graad 3 tot 5 kontrakteurs verskaf.

Daarbenewens het 30 kontrakteurs regoor die Wes-Kaap opleiding vir beroepsgesondheid en -veiligheid (OHS) ontvang.

Die NJD se Jeug in Konstruksie-program is 'n nasionale program wat daarop gemik is om die deelname van werklose jeugdiges aan die bou- en konstruksiebedryf te verseker. Jeugdiges word in 'n 12-maand-program geplaas waar hulle vaardighede verwerf in verskillende dissiplines in die konstruksiebedryf, wat hul vermoë om werk te kry óf om vir hulself te werk, verbeter. Altesaam 210 werklose jeugdiges het op 1 April 2019 met hul klaskameropleiding begin. In Februarie 2020 het 'n nuwe inname van 252 werklose jeugdiges met hul opleiding begin.

### *Diens: Skep werk en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur*

Die instrument vir bemagtigingsimpakassessering (EMPIA) lig die ontwerp- en konstruksieproses van spesifieke departementele projekte ter waarde van meer as R5 miljoen in; dit teken ook die werklike impak ten opsigte van histories benadeelde individue (HBI) aan. In die boekjaar onder oorsig, is 20 EMPIAs op beplande departementele infrastruktuurprojekte geïnisieer. Twee en twintig implementeringsverslae oor bemagtigingsdoelwitte is aangegaan. In die boekjaar onder oorsig, het die eenheid by 26 gemeenskapsbetrokkenhede die implementeringsdirektorate en hul klientdepartemente ondersteun.

*Diens: Bied vakleerlingskappe vir vervoerverwante werktuigkundiges aan*

Om gekwalifiseerde ambagsmanne te word, ondergaan vakleerlinge 'n vier-jaar-tydperk van formele en praktiese opleiding, voorgeskrewe eksamens en praktiese assessering deur die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir vervaardiging-, ingenieurs- en verwante dienste (MERSETA). Vakleerlinge wat deur die DVOW ondersteun is, het opleiding by die meganiese werkswinkel in Bellville ontvang en doen Nasionale Tegniese Sertifikaat- kursusse by 'n tegniese kollege. Elf meganiese ambagsmanne het hul opleiding in 2019/20 deur die vakleerlingprogram voltooi.

Die DVOW se Oudtshoorn DPI-kantoor het kode 14 (swaarvoertuig) bestuurslisensie-opleiding aan sy personeel voorsien.

*Diens: Bestuur die graadprogram vir professionele ingenieurs (GPEP) om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi in die vervoer- en ingenieursveld te fasiliteer*

Ter ondersteuning van infrastruktuurlewering is die GPEP, met die ondersteuning van mentors om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi, gedurende die oorsigjaar voortgesit. Vier gegradueerdes het aan die minimum vereistes vir professionele registrasie met die ECSA voldoen.

*Diens: Bied beurse aan verdienstelike studente deur die Masakh'iSizwe-beursprogram*

Die Masakh'iSizwe-beursprogram is daarop gemik om die tekort aan skaars en kritieke vaardighede in die vervoer-, beboude omgewing- en ingenieurswese-dissiplines, en enige ander dissipline wat die DVOW as krities en skaars identifiseer, aan te spreek deur toegang tot tersiêre onderrig- en opleidingsgeleenthede te bied.

Die Departement het Masakh'iSizwe-beurse aan 127 studente toegeken wat aan drie hoëronderrysinstellings in die Wes-Kaap studeer. Die provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke het tydens 'n seremonie in Kaapstad sertifikate aan beursontvangers oorhandig. Altesaam 228 studente is gedurende die 2019-akademiese jaar ondersteun.

Dissipline	Getal beursoeurs	Ras				Geslag	
		S	B	I	W	S	B
Argitektuur	2	-	2	-	-	2	-
Beboude omgewing	15	8	6	1	-	5	10
Siviele Ingenieurswese	129	51	56	3	19	53	76
Elektriese Ingenieurswese	24	7	8	1	8	10	14
Geomatiek	6	3	2	-	1	2	4
Meganiese Ingenieurswese	46	12	20	1	13	16	30
Eiendomstudies	1	-	1	-	-	1	-
Stad- en Streekbeplanning	3	1	2	-	-	2	1
Vervoerstudies	2	1	1	-	-	-	2
<b>Totaal</b>	<b>228</b>	<b>83</b>	<b>98</b>	<b>6</b>	<b>41</b>	<b>91</b>	<b>137</b>

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit; V = vroulik; M = manlik

## *Diens: Voorsien, bou en hou akkommodasie vir provinsiale departemente in stand*

### Onderwysfasiliteite

Gedurende die oorsigjaar het die DVOW bygedra tot die verbetering van onderwysuitkomste in die Wes-Kaap deur onderwysinfrastruktuur te voorsien. Infrastruktuurlewering vir onderwysfasiliteite word onder Pos 5: Onderwys voorsien, terwyl daar in Pos 10: Vervoer en Openbare Werke voorsiening gemaak word om as implementeringsagent vir die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) op te tree.

Die nuwe Hoërskool Philippi is aan die einde van November 2019 voltooi. Die skool sal tot en met 1 120 leerders kan akkommodeer. Die ontwerp bied 'n hoë vlak van veiligheid vir leerders en onderwysers, voorsiening vir gemeenskapsbetrokkenheid en reënwater-oesgeriewe. Die saal is in die buitewyke van die perseel geleë om die gebruik daarvan deur die gemeenskap te vergemaklik. Dit is egter op 'n manier gedoen wat nie die veiligheid van leerders en onderwysers in gevaar stel nie. Daar is toegang van buite na die saal, maar geen direkte toegang vanaf die saal tot die privaat, veilige, binneste deel van die skool nie.

Daar is ses gespesialiseerde klaskamers: die IT-sentrum, multimediasentrum, biologieselaboratorium, chemielaboratorium, natuurwetenskapsentrum en 'n kamer vir verbruikerstudies. Ander fasiliteite sluit in 28 klaskamers wat IT-gereed is, stoorkamers vir boeke, opsigterkamers, gedesentraliseerde departementshoofkantore en 'n stoorkamer vir sportsgereedskap. Die groen ontwerp bied fasiliteit om grondwater te oes om water aan ablusiegeriewe en die skool se tuine van 'n volhoubare bron te voorsien.

Die Departement het die konstruksie van Hoërskool Silikamva in Houtbaai voltooi, wat 'n nuwe skool is wat ontwerp is om 1 240 leerders te akkommodeer. Onderrigfasiliteite bestaan uit 33 klaskamers, vyf wetenskap-laboratoriums, twee veeldoelige klaskamers en 'n multimediasentrum. Die nuwe fasiliteit het ook 'n saal en 'n sportveld. Skole soos hierdie van 'n hoë gehalte help om aan die groeiende vraag na onderwys in die Wes-Kaap te voorsien.

Aan die einde van die verslagjaar is goeie vordering gemaak met talle ander onderwysinfrastruktuurprojekte wat tans in die Wes-Kaap aan die gang is.

Die konstruksie van die nuwe Woodlands Laerskool in Heideveld is prakties voltooi en die werke beweeg na die res van die perseel. Die Departement het hierdie projek in April 2018 begin. Die skool het plek vir 930 leerders. Leerders is voorheen in tydelike klaskamers geakkommodeer. Tydens fase 1 van die projek is die klaskamers (insluitend Graad R), administratiewe gebou en skoolsaal voltooi. Die eksterne werke en landskapontwerp moet in fase 2 van die projek voltooi word.

Die Departement het begin met die opknappingsprojek van R15 miljoen van die koshuis by Hoërskool Knysna wat in Junie 2017 deur 'n brand beskadig is. Hierdie projek behels die steenwerk op die eerste verdieping, vervanging van dekvloere en pleister; die verwydering van die houtvloer met 'n nuwe beddinglaag in sy plek; en die installering van nuwe afwerkings en toebehore regdeur die fasiliteit. Na voltooiing sal die skool spog met

opgegradeerde koshuisakkommodasie, badkamers, eet- en ontspanningsgeriewe, en kombuis- en personeelkwartiere.

Die konstruksie van 'n fasiliteit om die Panorama Laerskool in Vredenburg te vervang, het in Mei 2019 begin. Na voltooiing sal die nuwe skool tot 1 240 leerders kan akkommodeer. Onderrigfasiliteite sal bestaan uit 12 grondslagfase-klaskamers, agt intermediêre fase-klaskamers, agt seniorfase-klaskamers en vier Graad R-klaskamers. Daar sal ook twee veeldoelige klaskamers, 'n wetenskaplaboratorium, 'n multimedia-sentrum, 'n saal en 'n sportveld wees.

### Gesondheidsfasiliteite

Gedurende die verslagjaar het DVOW bygedra tot die verbetering van gesondheids- en welstandsresultate in die Wes-Kaap deur gesondheidsinfrastruktuur te verskaf. Fondse vir die lewering van gesondheidsinfrastruktuur word voorsien in pos 6: Gesondheid, terwyl voorsiening gemaak word vir DVOW in Pos 10: DVOW, om die funksie van die implementeringsagent vir die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid te vorm.

Die Departement het gedurende die verslagjaar nuwe gesondheidsinfrastruktuurprojekte voltooi. Die nuwe opslaansale by die Swartland-hospitaal is in Maart 2020 voltooi. Hierdie sale was oorspronklik bedoel om die druk op die fasiliteit wat deur 'n brand in die noodsentrum veroorsaak is, te verlig. Alhoewel hierdie sale op die terrein geïsoleer is, is dit deur middel van bedekte paadjies aan die hospitaalfasiliteit gekonnekteer. Die feit dat hierdie opslaansale vrystaande en los van ander kliniese gebiede in die hospitaal was, het beteken dat hulle goed geskik was vir die behandeling van COVID-19-pasiënte met min of geen verandering.

Die projek om die Gansbaai-kliniek uit te brei en die bestaande fasiliteite op te gradeer en op te knap, sal in Oktober 2020 voltooi wees. 'n Nuwe vleuel word vir 'n noodbehandelingsseenheid en 'n eenheid vir aansteeklike siektes gebou. Ander nuwe kenmerke sluit in 'n ambulansbaai en mediese afval- en vullisgeriewe. Aanvullende werke sluit in parkeerplekke, die installering van toerusting vir die oes van reënwater en tuinareas op die terrein.

Die projek om 'n nuwe dagkliniek langs die Laingsburg-hospitaal te bou en verbeteringe aan die huidige hospitaal aan te bring om dekantering te hanteer, sou aanvanklik in September 2020 voltooi wees, maar as gevolg van die impak van COVID-19 is die geskeduleerde voltooiingsdatum nou Januarie 2021. Die kliniek sal 'n apteek hê en behandelingsfasiliteite bied vir akute toestande, wonde, chroniese siektes, mondgesondheid en gesondheidsorg vir vroue en kinders. Verbeteringe aan die hospitaal sluit in die herbenutting van bestaande ruimtes om nuwe wag-, ablusie-, rekord- en ontvangsfasiliteite te skep. 'n Gesamentlike ingang sal vir die hospitaal en die nuwe kliniek gebou word.

Die konstruksie van die Observatory Forensiese Patologie-Instituut is geskeduleer om in November 2020 voltooi te wees. Die fasiliteit is by die ingang van die Groote Schuur-hospitaal geleë en lewer 'n moderne, doelgerigte forensiese patologiesefasiliteit wat vlak 4-forensiese dienste lewer. Die bouwerk is van 'n uiters ingewikkelde aard en is ontwerp om prosesse in ag te neem wat daarop gemik is om die integriteit van bewyse vir gebruik deur die komponente van die strafregstelsel uit te haal, te ontleed en te bewaar.

Die drieverdieping instituut sal die integrasie van die werk van die provinsiale forensiese patologiesdiens en die nasionale gesondheidslaboratorium moontlik maak, tesame met fasiliteite om die Universiteit van Kaapstad se akademiese opleiding in die veld te ondersteun.

Die ontwerp gebruik natuurlike lig deur geglasuurde lykskouingslokale en 'n binnehof wat natuurlike lig diep in die werkareas toelaat. Die openbare areas is ontwerp om 'n rustige omgewing te skep wat rondom groen ruimtes buite gefokus is.

Die Vredenburg-hospitaal se voltooiingsprojek is een van die onlangse voltooide hernuwingsprojekte wat ontwerp is om aan die groeiende gesondheidsvereistes van inwoners van die Weskusdistrik te voldoen. Die projek is in Maart 2016 begin en is in Mei 2019 voltooi. Die projek het 'n nuwe uitbreiding van die bestaande hospitaal ingesluit wat bestaan uit 'n pediatriese afdeling, operasiesale, ondersteuningsdiensfasiliteite (kombuis, werkwinkel, wassery, ens.), 'n psigiatrisese saal, opgradering van bestaande kliniese- en ondersteuningsdiensfasiliteite, nuwe ruimtes om personeel te akkommodeer, 'n nuwe administrasiegebou en tuinuitleg van die hospitaalterrein.

### Algemene geboue

Die Departement het die bou van verskillende algemene fasiliteite gedurende die oorsigjaar voltooi en die kantoormoderniseringsprogram duur voort.

Verskeie moderniseringsprojekte met betrekking tot kantoorruimte is gedurende 2019/20 in Kaapstad- en die George-sentrale sakesentrum voltooi. Dit sluit in die opknapping van die moderniseringstandaarde van die grond en eerste verdieping in die York Park-gebou in George. Hierdie gebou huisves nou die Departemente van Kultuursake, Sport, Maatskaplike Ontwikkeling en Onderwys, asook die hulptonbank vir Menslike Nedersettings.

Die modernisering van die WKOD se eenheid vir reprografie en die WKOD-metro-distrikskantoor is ook voltooi.

Die opgradering van die infrastruktuur van die Sivuyele-woonfasiliteit vir persone met ernstige gestremdhede, wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling bestuur word, het in Februarie 2018 begin en is in Maart 2020 voltooi.

Die bou van die nuwe SMV-parkeerterrein in Yorkstraat, George, is gedurende die verslagjaar voltooi. Deur meer as 100 SM-voertuie te akkommodeer, verlig hierdie fasiliteit sommige van die parkeerdruk wat in die omgewing van die WKR se York Park-gebou ervaar word.

Die konstruksie van die gemoderniseerde 8<sup>ste</sup> en 9<sup>de</sup> verdieping van Dorpstraat 9, wat die DVOW se uitvoerende bestuurspan sowel as die DVOW se ministeriële kantore sal akkommodeer, is naby. Die opgradering en opknapping van die gebou vir die Mosselbaai Gedeelte Dienssentrum sal in 2020/21 voltooi wees en sal die departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Landbou, Gesondheid en die WKOD akkommodeer.



Die opknapping van die oorblywende verdiepings in die York Park-gebou in George duur voort en moet gedurende 2020/21 voltooi word, terwyl konstruksie met betrekking tot die opgradering van infrastruktuur op die grondvloer van Waalstraat 27, wat die Departement van Menslike Nedersettings huisves, aan die gang is.

Die Departement is ook die implementeerder vir CapeNature van verskillende kapitaal- en geskeduleerde instandhoudings- en herstelprojekte, insluitend nuwe toeristeverblyf, interne paaie en grootmaatinfrastruktuur in natuurreservate wat deur CapeNature regoor die Wes-Kaap bestuur word.

Die behoud van kerninfrastruktuur bly steeds 'n departementele prioriteit en daar is aansienlike belegging gemaak in die instandhouding van kantoorgeboue wat in provinsiale besit is, insluitend algemene gebouherstelwerk en opgradering van infrastruktuur. Beduidende geskeduleerde instandhoudingswerk is voortgesit by kinder- en jeugsorgsentrusse wat deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling bestuur word (Pos 7). 'n Bykomende resultaat van verhoogde belegging in instandhouding is die bydrae tot werkskepping en volhoubaarheid in die infrastruktuur sektor op mediumtermyn.

Die Conradie BLMEP Game-Changer is daarop gemik om die erfenis vir die ruimtelike beplanning van apartheid aan te spreek deur bekostigbare, geïntegreerde behuisingsgeleenthede wat goed geleë is, te skep. Die voorgestelde ontwikkeling in Pinelands bied 3 602 wooneenhede, waarvan 1 764 (49 persent) eenhede met toelaes gefinansier word en die res vir die ope mark is. Daar sal ook nuwe skole, kommersiële ruimte, parke en ontspanningsgeriewe wees en die nedersetting is toeganklik via openbare vervoer – bus- en spoorwegdienste.

#### *Diens: Voorsiening van padinfrastruktuur*

Die strategiese besteding van die DVOW is gefokus op voorkomende instandhouding en rehabilitasie van verouderende infrastruktuur. Die padinfrastruktuur van hoë gehalte wat die DVOW bied, is 'n belangrike komponent van 'n veilige en effektiewe vervoerstelsel en 'n instaatstelling vir ekonomiese en sosiale ontwikkeling in die Wes-Kaap.

Die DVOW het die beplanning van padnetwerke vergemaklik deur geïntegreerde beplanningsverbintenisse wat belê is deur die gesamentlike beplanningsinisiatiewe (JPI's) van die Departement van Plaaslike Regering en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning. Een-tot-een-afsprake het plaasgevind met die Swartland-, Drakenstein-, Overstrand-, Mosselbaai munisipaliteite en die Stellenbosch Vervoerwergroep. Die DVOW het voortgesette skakeling met belangrike belanghebbendes soos die CoCT-owerheid vir vervoer en stedelike ontwikkeling en die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL) onderhou.

Projekte wat reeds begin is om ekonomiese groei te bevorder en die impak van padgebruikers in die Wes-Kaap te maksimeer, is in verskillende stadiums. Gedurende die oorsigjaar is die toevoeging van 'n 3<sup>de</sup> baan op die N1 by Durbanwegwisselaar, die verlenging van Hoofweg 559 en die uitbreiding van TR85/1 in Saldanha voltooi en is in die tydperk vir die aanspreeklikheid vir gebreke. Die voorlopige ontwerp vir die opgradering van die Wingfield-wisselaar op die N1/N7 is voortgesit en die voorlopige ontwerpfase vir die opgradering van die N7 na snelwegstandaarde het begin.



Die ondersoek na die voorlopige ontwerp- en omgewingsimpakbeoordelingsprosesse van die R300 se noordelike uitbreiding het begin. Die R300 tussen die N1 en N7 is 'n belangrike onvoltooide skakel wat uiteindelik die suidelike, noordelike en westelike voorstede van Kaapstad sal verbind.

Die opgegradeerde N1/Old Oak-brug-projek is in die oorsigjaar amptelik geopen. Die projek was 'n opgraderingsprojek van drie jaar wat die verbreding van bane op die N1, asook die sloop en heropbou van een deel van die Old Oak-brug, ingesluit het. Die projek het R558 miljoen gekos en sal verkeersopeenhopings op die N1 verminder. Daar is werk gedoen op 'n 9 km-stuk van die N1 vanaf Plattekleefweg tot net anderkant die Old Oak-wisselaar. Die projek het ook werk aan die bestaande waterpyleiding in die middel van die snelweg ingesluit. Dit is bekend dat hierdie stuk van die N1 ernstige opeenhopings het – ongeveer 120 000 voertuie per dag – gedurende die oggend- en middagspitstye. Sedert die projek afgehandel is, het motoriste 'n gladder vloei van verkeer op beide die inkomende en uitgaande bane op hierdie stuk van die N1 ervaar.

DVOW het twee padwerkprojekte begin wat oor 16 km van die N7 strek: een tussen die Potsdam en Melkbosstrand-wisselaars (9.6 km); en die ander tussen die Bosmansdam- en Potsdam-wisselaars (6.4 km). Die projek vir die stuk tussen Potsdam en Melkbosstrand sal na verwagting in September 2020 voltooi wees en behels die rehabilitasie van die linkerbaan en 'n nuwe padoppervlak vir die regterbaan. Tydens die konstruksie is tot 2 km enkelbaanafsluitings geïmplementeer. Die projek vir die stuk tussen Bosmansdam en Potsdam sal na verwagting in Junie 2021 voltooi wees. Werk sluit in die bou van twee nuwe brugondergange oor die N7, die heropbou van 2.9 km van die snelweg en 'n nuwe padoppervlak van Bosmansdam na Plattekleef.

'n Padkonstruksieprojek by Bonnievale (Kontrak C820) is voltooi en nog 'n groot padopgraderingsprojek (Kontrak C818) vanaf Ashton na Montagu deur Cogmanskloof is al meer as drie jaar aan die gang. Twee ander padonderhoudsprojekte is op aangrensende padgedeeltes begin. Kontrak C1089 behels die herstel en herseël van die R60 vanaf die Nuy-vallei en het die instandhouding van 11.8 km van die R317 vanaf Robertson na die Cogmanskloofbrug, halfpad tussen Robertson en Bonnievale, ingesluit. Kontrak C1091 het behels dat die R60 vanaf die afdraai na Swellendam, net oos van Ashton, vir 31.2 km herseël moes word en die herseëling van Hoofweg 287, asook die herseël van 6 km van Hoofweg 288 ('n skakelpad na die R60).

Die DVOW het die bou van 'n voetbrug op die N2 in Garden Village, Somerset-Wes, net voor die kruising met De Beerslaan begin. Hierdie projek van R22 miljoen sal na verwagting teen die einde van 2020 voltooi wees. Voetgangers, insluitend leerders van die Hoërskool Gordon en die Laerskool Danie Ackermann, steek die pad oor tydens spitsverkeer. 'n Aantal voetgangers is dood omdat daar geen veilige plek is om oor te steek nie. Die voltooiing van die nuwe brug sal 'n groot veiligheidsverbetering wees vir voetgangers en motoriste wat op die N2 reis.

DVOW het goeie vordering gemaak met die herstel van vloedskade aan padstrukture in Seweweekspoort in die omgewing van Zoar in die Kannaland Plaaslike Munisipaliteit op Hoofweg 309 (die R323). Die werk sal teen Februarie 2021 voltooi wees. Die opgradering van die verhoogde pad sal die oorstromings verminder en die erns van die skade wat op hierdie belangrike skakelpad mag voorkom, verminder. Die omvang van die werk behels

die skoonmaak van die bestaande druine wat aan die kant naby rivierstrukture is en die kanalisering daarvan in die rivier ter voorkoming van toekomstige erosie aan die stroomafkant van die padskuinstes.

Die DVOW het Hoofweg 33 afdeling 3 tussen Oudtshoorn (km 1.9) en De Rust (km 35.4) verbreed en tot 'n Klas I-standaardweg tussen Springbokweg in Oudtshoorn (km 1.9) en km 23 (ongeveer 3 km verby die Dysselsdorp-kruising) verbeter. Die Departement het ook 11 km van die bestaande pad tussen die einde van die uitgebreide gedeelte (km 23) en km 34 (De Rust) herstel en herseël, en herstelwerk en 'n teerbedekking op 1.4 km pad deur De Rust vanaf km 34 na die Willowmore-kruising (km 35.4) gedoen.

DVOW saam met die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, het die Franschhoekpas om veiligheidsredes op 22 Junie 2019 gesluit nadat 'n rotsstorting 'n verbygaande voertuig beskadig het en 'n ander rotsstorting op 3 Julie 2019 plaasgevind het. 'n Geotegniese ondersoek is gedoen om die omvang en aard van die skade te bepaal en DVOW het 'n gefaseerde benadering gevolg om die pad vir verkeer veilig te maak. Die rotsversperringskontrak ter waarde van R220 000 is voltooi. Die pas is amptelik heropen nadat die herstelwerk voltooi is.

Die nuut geboude verkeersirkel in Saldanhabaai is in die oorsigjaar geopen. Die bou van hierdie R187 miljoen-projek het in Januarie 2017 begin. Die doel was om Hoofweg 559 en Hoofweg 238 te koppel deur 'n direkte skakel tussen Langebaan en die Saldanha sentrale sakegebied te bou. Hierdie ontwikkeling verlig swaar verkeersvloei vanaf die residensiële aansluitingspad.

### *Diens: Bestuur en moniteer gesubsidieerde openbare vervoerdienste*

Die Wes-Kaapse ekonomie is afhanklik van effektiewe en doeltreffende vervoernetwerke en dienste vir die beweging van mense en goedere. Dit moet veilige, betroubare en bekostigbare vervoer insluit vir toegang tot geleenthede, soos werk, onderwys en dienste. Dwarsoor die provinsie is 2.3 miljoen mense afhanklik van openbare vervoer, soos spoor-, bus-, minibustaxi-dienste, fietsry of stap vir beweeglikheid en toegang. Hierdie opsies voldoen egter grootliks nie aan hul behoeftes nie en is dikwels onveilig, onbetroubaar, onbeskikbaar of onbekostigbaar. Terselfdertyd beskou motorgebruikers in die algemeen nie openbare vervoer as 'n alternatiewe reismodus nie en dit dra by tot toenemende verkeersopeenhopings in stedelike gebiede. Die koste van verkeersopeenhopings in Kaapstad word op R2.8 miljard per jaar geraam, wat 'n negatiewe uitwerking op indiensneming, onderwys en besigheid het.

Deur middel van sy PSTP implementeer die DVOW langtermynoplossings vir die beperkinge van die huidige openbare vervoeromgewing, insluitend die verbetering van bestuur en integrasie van minibustaxidienste, die insameling en intelligente gebruik van data, die veiligheid en betroubaarheid van spoordienste, die implementering van langtermyn-kontrakte vir openbare vervoer soos Go George en die ontwikkeling van die institusionele reëlings wat benodig word om sulke inisiatiewe suksesvol te lewer. Gedurende die verslagjaar het die DVOW die ontwikkeling van die GIPTN ondersteun deur die beplanning, implementering en bestuur van die Go George-busdiens te lei. Dit sluit die suksesvolle bekendstelling van Fase 4B in, wat Conville, Parkdene, Ballotsview, Borchards en Lawaai kamp bedien. Gesprekke word voortgesit met die partye in George om te

verseker dat gegronde bekommernisse en griewe aangespreek word. Die prioriteit bly om te verseker dat Fase 4B suksesvol geïmplementeer word. Gesprekke met die Uncedo Taxivereniging en die George gemeenskapsforum duur voort om die beplande infrastruktuur in Thembalethu te voltooi sodat die fase 4A-diens na Thembalethu kan begin.

Die DVOW het voortgegaan om 'n busdiens in die gebied van Stad Kaapstad gedurende hierdie oorsigtydperk te subsidieer en bestuur deur sy kontrak met die Golden Arrow-busdienste (GABS). Die elektroniese monitering van die diens het voortgegaan, wat die DVOW bemagtig om deurlopende diensverbeteringe te maak en betalings aan die operateur te verifieer.

Die subsidie word deur die toelae vir openbarevervoerbedrywe (PTOG) befonds. Die subsidie word betaal teen 'n tarief per kilometer wat jaarliks verhoog in terme van die gekontrakteerde aanpassingsfaktor. Vir die tydperk onder oorsig was die toename in PTOG-befondsing slegs 5.6 persent, terwyl die styging in die km-tarief aan die operateur 6.64 persent beloop. Dit het gelei tot 'n afname in die aantal kilometers wat gesubsidieer kan word. Daarbenewens het die opskorting van Metrorail-dienste op die Sentrale Lyn vir die meerderheid van die verslagtydperk 'n groot impak gehad wat gelei het tot 'n merkbare toename in die aanvraag na busroetes langs die Sentrale Lyn, wat aansienlike druk op busbedrywighede gedurende spitstyd veroorsaak het.

Daar heers steeds onsekerheid oor die opdrag van verantwoordelikheid van die Kaapse Metropolitaanse-gebied se gesubsidieerde busdiens aan die Stad Kaapstad. Die Stad se aansoek word steeds deur die Minister van Vervoer oorweeg.

Die vennootskap met die Stad Kaapstad ter ondersteuning van die Dial-a-Ride-diens is in die oorsigjaar voortgesit en word as 'n suksesvolle intervensie beskou om werk te maak van sommige van die openbare vervoerbehoefte van passasiers met spesiale behoeftes.

Die Departement se fokus is daarop om te verseker dat mense veilig en met waardigheid vervoer word en dit is 'n groot bron van kommer dat die DVOW beperkte fondse sal hê om die minibus- en metertaxibedryf te help met opleidings- of bewusmakingsprogramme vir bestuurders. Die registrasie van bestuurders van openbare vervoer, wat die Departement as deel van die PSTP vooropgestel het, sal 'n verhoogde aanspreeklikheid vir bestuurders teenoor hul passasiers inhou. Dit sal egter slegs doeltreffend wees indien sodanige registrasieproses aan opleiding- en ontwikkelingsprogramme geskakel is wat verantwoordelike bestuurdersgedrag kan aanmoedig.

#### *Diens: Koördineer en fasiliteer landvervoerveiligheid- en -nakomingsprogramme*

Die DVOW het geïntegreerde bewusmakingsveldtogte oor bestuurdervermoeidheid gehou wat daarop gemik is om noodlottige ongelukke in die Wes-Kaap te verminder. Daardie distriksveiligheidsplanne wat geïmplementeer is, het ook die veiligheid van die pad verbeter en help om die sterftes van padongelukke te verminder, veral voetgangers.

- Die Departement het 'n lang rekord van die opstel van jong padveiligheidsambassadeurs wat jare in die toekoms 'n positiewe invloed kan uitoefen. Leerders van sewe Wes-Kaapse skole (Vredenburg, Ilingeletu, Sizimisele, Jan Kriel, Umyezo Wama-Apile en Pionierskool vir Blindes) het met trots gepleit vir

veiliger paaie by die Nasionale Padveiligheidsdebat en Participatory Educational Techniques-kompetisies wat in September 2019 in Gauteng gehou is. Beamptes van verkeersveiligheidsbestuur van die DVOW is aangestel om die provinsiale deelnemers vir die nasionale kompetisie voor te berei. Leerders van die Pionierskool kom eerste in die PET-kompetisie (gestremdheidskategorie).

- Leerders van Jan Kriel-spesiale skool behaal eerste plek in die debatkompetisie (gestremdheidskategorie).
- Die landelike debatspan wat bestaan uit leerders van Vredenburg en llingeletu Hoërskool het die derde plek verower.

### *Diens: Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders*

Die DVOW werk steeds ten nouste saam met gemagtigde munisipaliteite om die standaard van die dienste wat hulle aan die publiek lewer, te verbeter. Toetsentrums vir bestuurderslisensies (BLTS'e) kon daarin slaag om die gemiddelde tyd wat 'n lid van die publiek moet wag om 'n leerlinglisensie te bekom na twee maande te verlaag, en die wagtydperk om 'n bestuurderslisensie te bekom na drie maande. Hierdie wagtydperke word as redelik beskou aangesien hulle aansoekers in staat stel om behoorlik vir eksaminering voor te berei en kan die waarskynlikheid verlaag van 'n hoë koers van druipele wat agterstande kan skep en wagtydperke kan verhoog.

Die DVOW verseker 'n veilige en toepaslik gereguleerde voertuig- en bestuurderpopulasie deur nakomingsinspeksies om bedrog te voorkom by toetsstasies vir voertuie (VTS'e) en BLTS'e.

### *Diens: Reik permitte uit vir abnormale vragvoertuie en geleenthede op openbare paaie*

Die DVOW het voortgegaan om gedurende 2019/20 abnormale vragvoertuigpermitte te proses en uit te reik. 'n Stelsel om die klassifikasie en registrasie van abnormale vragvoertuie meer vaartbelyn te maak, word tans ontwikkel en aansienlike vordering is reeds gemaak.

### *Diens: Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings*

Die Provinsiale Vervoerregistrator het oor algemene jaarvergaderings (AJV's) van minibustaxiverenigings toesig gehou soos deur die gestandaardiseerde minimumkonstitusie van verenigings en die Wes-Kaapse Wysigingswet op Landvervoer vereis word. Met die afhandeling van modules vir die registrasie van minibustaxiverenigings en lede as deel van die ontwikkeling van 'n nuwe Provinsiale Vervoersregulasiestelsel (PTRS), is die proses om die registrasie- en bedryfslisensie-status van verenigingslede te verifieer ter voorbereiding op AJV's aansienlik verbeter en verspoedig. Die regstreekse integrasie van die PTRS in die ITH van die Departement maak die onmiddellike verifikasie van bedryfslisensies moontlik.

### *Diens: Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbare vervoerdomein*

Onwettige minibustaxibedrywighede bly kommerwekkend. Roetes wat deur onwettige operateurs oorgeneem word en doelbewuste belemmerings van die bedrywighede van die wettige operateurs het daartoe gelei dat die Provinsiale Vervoerregistrator ingevolge

artikel 7(A)(20) van die Wysigingswet op die WCRTA-tugmaatreëls teen 'n aantal verenigings ingestel het. Die DVOW, in vennootskap met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die nasionale vervolgingsgesag (NVG), het sedertdien onderneem om die grondoorzaak van hierdie konflik, insluitend oorverhandeling, roete-invalle en afpersing, te ondersoek en aan te spreek. Die werk word onder toesig gedoen deur die Vervoerprioriteitskomitee, wat gesamentlik deur die DVOW en die SAPD gelei word.

Konflik tussen en onder primêre verenigings het die neiging om tot geweld oor te sit. 'n Aantal noodlottige skietvoorvalle het plaasgevind wat direk met die konflik tussen CATA en CODETA verband hou. In gevalle wat gewelddadige konflik en ander kriminele dade behels, het die SAPD leiding oor die bedrywe geneem, met ondersteuning van munisipale verkeers- en vervoerbeamptes om wettige en onwettige operateurs te identifiseer. In konflikgebiede soos Mbekweni in Paarl en Bellville het die Departement bemiddelingsdienste gelewer. In voorvalle van geweld by taxistaanplekke, insluitend moord en poging tot moord, het die Provinsiale Vervoerregistrator kennisgewings ingevolge artikel 91 van die NLTA opgestel, wat die Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke in staat stel om buitengewone maatreëls te verklaar, insluitend die sluiting van sekere staanplekke of roetes.

#### *Diens: Padveiligheidskommunikasie*

Die Safely Home-kalender is verryk met verkeersveiligheidsboodskappe wat spesiaal vir die vragmotorsektor saamgestel is met die hutsmerk #DontTruckAround. Boodskappe wat aan vragmotorbestuurders gerig word, sluit in die aanmoediging van veilige bestuursgedrag, bestuurder se welstand en veilige voertuie. Boodskappe wat op ander kategorieë van padgebruikers gerig is, word gebruik om hul in te lig oor veilige gedrag rondom vragmotors, soos om buite die blinde kolle van 'n vragmotor te bly en waarsku teen riskante gedrag soos "vragmotorsurf".

Veldwerk vir die Safely Home Opname 4 is gedurende die vorige oorsigjaar afgesluit, met ontleding wat vroeg in die 2019/20-boekjaar voltooi is. 'n Nuwe komponent is by die opname gevoeg – DVP Integrated Transport Hub-evaluerings.

#### *Diens: Padveiligheidsopvoeding en -bewusmakingsveldtogte*

Die Departement het 'n samesprekingsessie met belanghebbendes in die padvragbedryf aangebied om bewusmaking oor padveiligheid en veiligheidsuitdagings in die sektor te bevorder en om deelname aan inisiatiewe te deel en te bevorder wat daarop gemik is om die veiligheid van padvragte te verbeter. Deelnemers het verteenwoordigers van die South African Long-Distance Truckers' Association (SALTA), die Vervoer Onderwys- en Opleidingsowerheid (TETA), SAPD, Wetenskaplike en Nywerheid Navorsings-Raad (WNNR) en n wye verskeidenheid padvrag-ondernemings.

Die DVOW het voortgegaan met vlagskipprojekte wat op skole gebaseer is om leerders op te voed en om veiligheidsbewustheid onder hulle te skep, soos skolierpatrollies, debatte oor padveiligheid, gesprekke en dialoë, die STEP (Opleidingsprogram vir Verkeersveiligheid) en die instelling van junior verkeer opleidingsentrums (JTTC's).

Die DVOW en die Kaap Agulhas Munisipaliteit het 'n nuwe JTTC by die Protea Laerskool in Napier bekendgestel. Hierdie gesimuleerde padomgewing bevat permanente

miniatuurpadtekens, padmerke en 'n parkeerarea om 'n veilige plek te bied vir leerders om op 'n vroeë ouderdom goeie padgebruiksgewoontes aan te leer. Agt JTTC's is gedurende die verslagdoeningsperiode gestig, wat die Wes-Kaap totaal op 20 te staan bring. Hierdie bykomende JTTC's is gestig in:

- Sentrale Karoo (1): Teske Memorial Laerskool;
- Kaapse Wynlande (1): Simondium Laerskool;
- Tuinroete (2): Formosa Laerskool en Thembalethu Laerskool;
- Kaapstad Metropool (1): Simonstad Laerskool;
- Overberg (2): Protea Laerskool en Boontjieskraal Laerskool; en
- Weskus (1): Steynville Laerskool.

'n Skoolpatrolliewaarderingsdag vir skole in die Kaapse Metropolitaanse gebied, bygewoon deur spanne van meer as 100 skole, het plaasgevind om die Oktobervervoermaand 2019 te sluit.

Leerlinglisensieprogramme is aangebied aan jeugdige van die gepaste ouderdom in voorheen benadeelde gemeenskappe om deelnemers te help met hul soeke na werk. Die formaat van die program is gedigitaliseer en op die e-Leer-platform van Gene Louw Verkeerskollege geplaas. Ander padveiligheidsveldtogte was gerig op spesifieke groepe, naamlik voetgangers, bestuurders en pendelaars wat openbare vervoer gebruik.

Die Departement het 'n vernuwende onderrighulpmiddel ontwikkel wat gewild is in laerskole – die “padveiligheids onderrig ongeïdentifiseerde voorwerp”. Hierdie opvoedkundige speelding is 'n kombinasie van 'n legkaart en 'n Rubik's-kubus, met verskillende padveiligheidsboodskappe op die ses oppervlaktes van die voorwerp.

### *Diens: Verkeersopleiding en -ontwikkeling*

Die Direkoraat: Verkeersopleiding en -ontwikkeling (geleë by Gene Louw Verkeerskollege) en kwaliteitsbestuur en -evaluering (QME) het geakkrediteerde opleidingsprogramme vir die eksaminator van voertuie (EOV) en eksaminatore vir bestuurslisensies (EDL) gefasiliteer. Altesaam 53 leerders het as verkeersbeamptes gegradueer met die Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat: Padverkeerswetstoepassing. Hierdie ingrypings word deur die Padverkeersbestuurskorporasie asook die onderwys- en opleidingsowerheid vir veiligheid en sekuriteit (SASSETA) beheer. GLTC het in die verslagjaar verpligte vuurwapen-opknappingskursus aan gekwalifiseerde verkeersbeamptes verskaf, sowel as opleiding vir toerusting vir spoedwetstoepassing. Opleiding vir gevaarlike goedere is via die GLTC e-Leer platform aangebied. Nadat die fasiliteite vir vergaderings by die Kollege opgegradeer is, was daar 'n toename in versoeke van verskillende Departemente om die lokaal vir vergaderings en opleidingsgeleenthede te gebruik.

### *Diens: Verkeerswetstoepassing*

Terwyl die meeste privaat en openbare padgebruikers die reëls van die pad nakom, sal voortdurende en konsekwente verkeerswetstoepassing altyd nodig wees om die vinnige toename van bestuurders en motorvoertuie op ons paaie te hanteer. Verkeerswetstoepassing impakingrypings soos die uitbreiding van die DVPe, RBT en die ontplooiing van mobiele eenhede vir bewys van alkohol het gehelp om die plaag van



drink en bestuur op ons paaie aan te pak. Die Direkoraat: Verkeerswetstoepassing (TLE) het die toepassing verbeter deur gebruik te maak van die hulpbronne wat deur die ITH en sy ondersteuners, soos handtoestelle wat kritieke intydse data bekom, beskikbaar gestel word. Dit maak dit moontlik om waar nodig hulpbronne vinnig te ontplooi, en om meer effektief te beplan. Die Departement het begin met 'n gefaseerde benadering om sy vloot patrollievoertuie te merk, om voertuie van die Provinsiale Verkeersdienste se Snelwegpatrollie- en die voertuie van die Onderskeppingseenheid van die Provinsiale Snelweg, van die huidige vloot te onderskei. Die Onderskeppingseenheid van die Provinsiale Snelweg sal patrolliebeamptes die nodige hulp verleen wanneer hulle met 'n vermeende oortreder te make het en saam met ander wetstoepassingsagentskappe werk om motorvoertuie wat vermoedelik vir die pleeg van 'n misdadig gebruik word, te stop.

### Diens: Vernude regulatoriese- en toepassingsinisiatiewe

#### Padongeluksterftes

In vergelyking met 2018/19, het die Wes-Kaap 'n algehele toename van 6 persent in verkeersongelukke op alle paaie in die provinsie vir 2019/20 ervaar, volgens Tabel 9 hieronder. Provinsiale verkeersdienste het egter 'n aansienlike afname van 13.86 persent vir dieselfde tydperk op ons provinsiale en nasionale padnetwerk getoon, vergeleke met die plaaslike owerhede wat 'n toename van 19.54 persent getoon het soos in Tabel 10 hieronder. 'n Bydraende faktor tot hierdie beduidende vermindering van sterftes op ons provinsiale en nasionale paaie, is die gebruik van tegnologie om data wat op datum is te verskaf wat gebruik kan word om ons taktiese benadering tot beplande operasies aan te pas om goeie bestuurdersgedrag asook die toestand van voertuie te bevorder.

Die DVOW is daaraan toegewy om die wetstoepassing-misie uit te voer deur geïntegreerde verkeers- en padveiligheidsinisiatiewe te lewer wat daarop gemik is om lewens te red. Terwyl ons ons visie nie bereik het nie: "Niemand moet op ons paaie beseer word of sterf nie", gaan ons voort om vordering te maak en waardevolle lesse te leer wat ons help om ons benadering gereeld aan te pas.

Tabel 6: Padsterftes 2018/19 en 2019/20

Padgebruiker	2018/19	2019/20	Variance (%)
Bestuurder	271	276	1.85
Van voertuig afgeval	3	6	100
Motorfiets-agtersitplek	2	6	200
Motorfietsryer	61	68	11.48
Ander	4	1	-75
Passasier	343	328	-4.37
Voetganger	608	687	12.99
Totaal	1 317	1396	6.00

Bron: Wes-Kaapse Departement van Gesondheid: Forensiese Patologiedienste

Tabel 7: Vergelykende provinsiale en munisipale padsterftes: 2018/19 en 2019/20

Regeringsfere	2018/19	2019/20	Variance (%)
Munisipale	783	936	19.54
Provinsiale	534	460	-13.86
Totaal	1 317	1 396	6.00

Bron: DVOW Provinsiale Verkeersdienste

#### Wes-Kaapse Distriksveiligheidsplanne

Die visie wat DVPe inlig, is: "nul sterftes en nul ernstige beserings op provinsiale paaie". DVPe wil dit doen deur al die elemente wat tot verkeersveiligheid kan bydra, saam te voeg in 'n enkele samehangende en geïntegreerde plan wat aan die werklike behoeftes op die grond voldoen. Deurlopende monitering en evaluering is in die implementeringsplan ingebou sodat lesse uit ervaring die ontwikkeling van soortgelyke planne vir die ander distrikte van die provinsie kan inlig.

DVPe vir die Weskus (Noord), N7 Noord- en Wynland-oostelike-gebiede is saam met alle belanghebbendes wat hulself daartoe verbind het om in 2019/20 aan hierdie belangrike inisiatief deel te neem, geïmplementeer.

#### Inbeslagneming en arrestasies vir die besit van onwettige dwelms en mariene lewe

TLE het gedurende die 2019/20-boekjaar verskeie arrestasies vir die besit van onwettige dwelms en mariene lewe wat onwettig gevang is, op provinsiale en nasionale roetes in die Wes-Kaap uitgevoer, soos aangedui in Tabel 11 hieronder.



Tabel 8: Inbeslagneming en arrestasies vir die besit van onwettige dwelms en mariene lewe wat onwettig gevang is

Plek	Perlemoen (R)	Kreef (R)	Dagga	Ecstasy/khat	Mandrax	Kokaiën, sampioene en koper	Metamfetamien (tik)	Groot totaal
	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(R)
Beaufort-Wes	-	-	94 sakke	-	-	-	-	-
	-	-	R2 038 400	-	-	-	-	2 038 400
Brackenfell	-	9 557 eenhede	114 g en 1 pakkie	1 khat tablet	-	-	2.65 kg tik	-
	-	R1 900 000	R1 140	R50	-	-	R600	1 901 790
Caledon	4 363 eenhede	1 161 kreefsterte en 85 lewendige kreef	-	773 ecstasy tablette	7 028 mandrax tablette	100 g kokaiën en 250 g sampioene	680 g tik	-
	R188 400	R600 000	-	R73 435	R386 540	R61 250	R153 000	1 462 625
Laingsburg	-	-	76 sakke en 193.4 kg	-	-	-	-	-
	-	-	R2 231 800	-	-	-	-	2 231 800
Mosselbaai	-	-	57 pakkies en 5.06 kg	462g	1 012 mandrax tablette	-	-	-
	-	-	R9 142	R16 170	R80 035	-	-	105 347
Somerset-Wes	7 904 eenhede	1 kreefstert	67.15 kg	4 drasakke khat	-	-	-	-
	R1 700 000	R100	R67 150	R1 300	-	-	-	1 768 550
Swellendam	4 714 eenhede	-	-	-	-	-	-	-
	R3 813 400	-	-	-	-	-	-	3 813 400

Plek	Perlemoen (R)	Kreef (R)	Dagga	Ecstasy/khat	Mandrax	Kokaiien, sampoene en koper	Metamfetamien (tik)	Groot totaal
	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(H) en (R)	(R)
Vredenburg	-	-	15.75 kg	-	-	-	-	-
	-	-	R2 035	-	-	-	-	2 035
Vredendal	-	-	17 kg dagga	-	-	-	-	-
	-	-	R221 438	-	-	-	-	221 438
Worcester	-	-	-	-	8 bondels en 220 g khat	49 kg koper	69 g tik	-
	-	-	-	-	R450	R12 000	R12 420	24 870
Geldwaarde	5 701 800	2 500 100	R4 571 105	R90 955	R467 025	R73 250	R166 020	R13 576 255

\* Hoeveelheid en randwaarde.

Bron: DVOW Provinsiale Verkeersrekords

## Vermoeienis-bewusmakingsveldtog

Moegheid het 'n groot rol gespeel in die toenemende aantal padongelukke en verwante sterftes op die N1-roete. Die roete word gekenmerk deur langafstande tussen dorpe en baie min veilige plekke tussen dorpe waar bestuurders kan rus of hul roete kan onderbreek. Die implementering van 'n vermoeienis-bewusmakingsveldtog help om die risiko van bestuur terwyl die bestuurder moeg is, te verminder. As deel van sy geïntegreerde taktiese benadering het die DVOW gefokus op die openbare vervoerbedryf deur die bestuursprogram vir bestuurdermoegheid. 'n Hersiende weergawe van hierdie program wat oor die 2018-feestyd op die N1 tussen Paarl en Beaufort-Wes van stapel gestuur is, het in die oorsigjaar voortgegaan.

## 2.2 Diensleweringverbeteringsplan (SDIP)

Gedurende die verslagtydperk het die DVOW sy MTUR SDIP 2018/19–2020/21 in ooreenstemming met 'n toename in menslike hulpbronvermoë in die Direkoraat: Padveiligheidsbestuur hersien. Die resultaat was 'n toename in die aantal padveiligheidsingrypings gedurende 2018/19 wat die teiken ver oortref het. Die hersiende SDIP is deur die DVOW Strategiese Plan: 2015/16–2019/20 ingelig en in lyn gebring met die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) vir 2019/20. Dit spreek twee diensverbeteringsareas aan: verkeersveiligheidsbestuur en vervoerregulering.

### *Diens 1 vir PVB: Implementeer en koördineer opvoedings- en bewusmakingsprogramme vir verkeersveiligheid*

Die hersiende diensverbetering het beoog om 'n positiewe verandering in die gedrag van padgebruikers te bevorder deur 'n toename in die ingrypings vir bewusmaking van padveiligheid van 420 in 2017/18 tot 600 in 2020/21. Gedurende die boekjaar is 580 ingrypings beplan en 944 ingrypings is behaal. Hierdie oorprestasie was die gevolg van bykomende menslike hulpbronvermoë in RSM, asook sterker betrekkinge met belanghebbendes.

Die Nasionale Padveiligheidsstrategie 2016 – 2030 maak voorsiening dat opvoeding en bewustheid kinders en jeug teiken – teikengroepe waar ingrypings vir gedragsverandering die doeltreffendste kan wees om verantwoordelike sosiale gedrag te vestig. Die Departement se junior verkeersopleidingsprogram het agt nuwe JTTC's in 2019/20 opgestel. Hierdie gesimuleerde kleinskaalse padomgewings met permanente miniatuurpadtekens, padmerke en 'n parkeerarea bied 'n veilige plek vir leerders om op 'n vroeë ouderdom goeie padgebruiksgewoontes aan te leer. Daar was ses JTTC's in die Wes-Kaap in 2017/18, ses is in 2018/19 gestig en die agt wat in 2019/20 ingestel is, bring die totaal na 20.

Een van die ander verbeteringe in RSM is om die leerlinglisensieprogram elektronies beskikbaar te stel om toegang en gemak vir deelnemers te verbeter. In die verlede is hierdie program van aangesig tot aangesig aangebied. Die nasien van die fisiese vraestelle is omslagtig en tydrowend, en die driuipsyfers is hoog. Toegang tot leerlinglisensietoetse onder semi-geletterde plaaswerkers en disleksiese mense is geïdentifiseer as 'n gebied vir verbetering. RSM het in 2018/19 met 'n proses begin om die

leerlinglisensieprogram te digitaliseer en die helfte van die K53-toetsmodules is gedigitaliseer.

Gedurende 2019/20 is die hele K53-toets gedigitaliseer. Hierdie gedigitaliseerde K53-modules sal voortaan as 'n e-leerprogram in die ITH opgeneem word.

Tabel 9: Hoofdienste verskaf en standarde

Hoofdienste	Begunstigdes	Area van prestasie	Basisjaar: 2018/19	Verlangde diensstandaard 2019/20:	Werklike prestasie: 2019/20
Implementeer en koördineer opvoedings- en bewusmakings-programme vir verkeersveiligheid	Die algemene publiek, jeug en leerders by skole.	Opvoedings- en bewustheidsingrypings vir verkeersveiligheid.	573	580	944
		Vermeerder die aantal JTTCs.	Altesaam 12 JTTCs in die provinsie.	Altesaam 18 JTTCs in die provinsie.	Altesaam 20 JTTCs in die provinsie. 8 JTTCs is in 2019/20 gevestig: <ul style="list-style-type: none"> <li>• 2 in die Overberg</li> <li>• 1 in die Kaapse Metropool</li> <li>• 1 in die Sentrale Karoo</li> <li>• 2 in die Tuinroete</li> <li>• 1 in die Kaapse Wynlande</li> <li>• 1 in die Weskus.</li> </ul>
		Digitaliseer die leerlinglisensie-opleiding.	Voorstel by die Wes-Kaapse Regering Vernuwingsfonds ingedien. Befondsing is goedgekeur vir die: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitvoerbaarheidstudie van die Simulatorprogram; en</li> <li>• Implementering van die Loodsimulator-programme.</li> </ul>	Doen uitvoerbaarheidstudie van digitalisering.	Die prototipe van die gedigitaliseerde leerlinglisensieplatform is gereed en sal opgeneem word in die DVOW se ITH. <b>'n Uitvoerbaarheidsverslag vir 'n bestuursimulator is voltooi.</b> Befondsing is verseker en 'n bod is op 'n openbare tender aangebied vir die verkryging van bestuursimulators. Die verskaffingskettingbestuursproses om 'n diensverskaffer aan te stel, is aan die gang. Die verkrygingsproses is gestaak weens die COVID-19-inperking.

Tabel 10: Diens een: Batho Pele-reëlings met begunstigdes (agt beginsels: oorlegpleging, toegang, ens.)

Huidige reëlings: 2018/19	Verlangde reëlings 2019/20	Werklike prestasie 2019/20
<p>Oorlegpleging:</p> <p>Konsultasie met die volgende benadeelde groepe:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Semi-geletterde plaaswerkers,</li> <li>Disleksiese kliënte.</li> </ul> <p>Skakel met Hoofdirektoraat: Padnetwerkbesetuur om te help met die implementering van die program.</p> <p>Skakel met instellings, insluitend:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Skoolbeheerliggame;</li> <li>Onderwysers;</li> <li>Leerders;</li> <li>Distriksforums vir padveiligheid; en</li> <li>Distriksforums vir verkeersveiligheid vir jeugdiges (wanneer dit in werking tree).</li> </ul>	<p>Oorlegpleging:</p> <p>Toets uitvoerbaarheidstudie word aanbeveel vir die digitalisering en mondelinge-vorm van leerlinglisensietoetsing vir:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Semi-geletterde plaaswerkers,</li> <li>Disleksiese kliënte.</li> </ul> <p>Betrek die privaatsektor.</p>	<p>Oorlegpleging:</p> <p>Die uitvoerbaarheid van die gedigitaliseerde leerlinglisensieprogram is getoets en is gereed vir implementering in skole.</p> <p>Daar is begin met navorsing oor die inhoudsontwikkeling vir semigeletterde en disleksiese kliënte. Aanvanklike navorsing toon egter dat gespesialiseerde inhoudsontwikkeling nodig is vir hierdie verbeteringsfaset van die program.</p> <p>Die betrokkenheid van die private sektor het begin. Skakeling met skoolowerhede, onderwysers, leerders en padveiligheidsforums duur voort. Daar moet kennis geneem word dat distriksforums vir padveiligheid vir jeugdiges nog nie in werking is nie.</p>
Standaard van diens:	Standaard van diens:	Standaard van diens:
Goedgekeurde leerlinglisensie-opleiding word 3 weke nadat die aansoek ontvang is, aan die aansoeker voorsien.	Goedgekeurde leerlinglisensie-opleiding word 2 weke nadat die aansoek ontvang is, aan die aansoeker voorsien.	Die gewenste standaard is behaal.
Die aansoeker moet binne 2 weke voordat die opleiding begin 'n antwoord gee.	Die aansoeker moet binne 1 week voordat die opleiding begin 'n antwoord gee.	
Hoflikheid:	Hoflikheid:	Hoflikheid:
Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur:	Handhaaf standaard.	Huidige standaard gehandhaaf.
<ul style="list-style-type: none"> <li>Verslag en maklike toegang tot direktoraatbestuur;</li> <li>Departementele kommunikasie.</li> </ul>		

Huidige reëlings: 2018/19	Verlangde reëlings 2019/20	Werklike prestasie 2019/20
<b>Toegang:</b>	<b>Toegang:</b>	<b>Toegang:</b>
Die JTTC-diens is toeganklik in al ses (6) distrikte in die provinsie; 12 JTTCs dwarsoor die provinsie.	Verhoog die toeganklikheid van JTTC-dienste met 1 diens per distrik.	Die gewenste standaard is behaal.
Ondersoek om die opleiding en toets van leerlinglisensies toeganklik te maak vir: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Semi-geletterde plaaswerkers,</li> <li>• Disleksiese kliënte.</li> </ul>	Toeganklikheid tot die opleiding en toets van leerlinglisensiestoegang (loods) aan: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Semi-geletterde plaaswerkers,</li> <li>• Disleksiese kliënte.</li> </ul>	Die gewenste standaard is behaal.
<b>Openheid en deursigtigheid:</b>	<b>Openheid en deursigtigheid:</b>	<b>Openheid en deursigtigheid:</b>
Skole wat vir die JTTC-ingryping per distrik geïdentifiseer word, word 9 maande vooruit deur die betrokke Koördinerende Komitee vir Distrikspadverkeersbestuur (DRTMCC) geïdentifiseer.	Skole wat vir die JTTC-ingryping per distrik geïdentifiseer word, word 6 maande vooruit deur die betrokke DRTMCC geïdentifiseer.	Daar is aan die huidige en gewenste standarde voldoen. Skole word geïdentifiseer deur middel van DRTMCC's.
Kliëntinsette oor opleiding en toets van leerlinglisensies word deur die provinsiale padveiligheidsbeampte (PRSO) per distrik verkry en per hand opgeneem.	Begin met mondelinge en digitale opname van deelname van kliënte aan leerlinglisensie-opleiding.	Die huidige standaard is nagekom. Daar word aan die gewenste standaard gewerk.
<b>Waarde vir geld:</b>	<b>Waarde vir geld:</b>	<b>Waarde vir geld:</b>
Ondersoek koste-effektiewe maniere om in die behoeftes van JTTCs te voorsien wat spesifiek verband hou met die verkryging van materiale (padtekens) en verf.	Toets aanbevelings vir verkryging en voorsiening van materiale (padtekens) en verf.	Die gewenste standaard is behaal. Die aanbevelings is getoets en geïmplementeer.
Die koste van brandstof, voertuigonderhoud, herstelwerk en instruktorskoste vorm 75 - 80 persent van die koste van ryllesse in 'n regte motor. Ondersoek die koste-effektiwiteit van die gebruik van 'n simulase om 'n goedkoper manier te bied om praktiese bestuursopleiding te kry.	Toets die verskillende modelle simulators wat op die mark beskikbaar is om die beste waarde-vir-geld-simulator te vind.	Die gewenste standaard is behaal.

Tabel 11: Diensinligtingsinstrument

Huidige/werklike inligtingsinstrument	Verlangde inligtingsinstrument	Werklike prestasies
Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Internet en Intranet;</li> <li>• Openbare vergaderings;</li> <li>• Uitstallings;</li> <li>• Bewusmakingsingrypings;</li> <li>• Radio-advertensies;</li> <li>• Sosiale media;</li> <li>• Pamflette; en</li> <li>• Brosjures.</li> </ul>	Handhaaf standaard.	Huidige standaard gehandhaaf.

Tabel 12: Klagtemeganisme

Huidige/werklike klagtemeganisme	Verlangde klagtemeganisme	Werklike prestasies
Die integrasie van geïdentifiseerde uitdagings vir verkeersveiligheid in die bedrywighede van bestaande gemeenskapspolisieforums in die Overberg-, Weskus- en Kaapse Wynlanddistrik.	Toets aanbevelings om werk om padveiligheidsuitdagings aan te spreek, te integreer in die bedrywighede van bestaande polisieforums van gemeenskap.	Die gewenste meganisme is geïmplementeer en is suksesvol in Napier in die Overberg-distrik getoets.



## Diens 2 vir vervoerregulasie: Lewer lisensiëringsdienste aan openbare vervoeroperateurs

Daar is gevind dat onwettige openbare vervoerbedrywighede 'n bydraende faktor tot konflik in die openbare vervoerbedryf is, wat gewoonlik geassosieer word met 'n waargenome ondoeltreffende aansoekproses vir permitte, selfs al word aansoeke binne 60 dae verwerk, aansienlik vinniger as die wetlike vereiste van 90 dae. Die tegniese aard van die aansoekproses vereis dat die tegniese aspekte aan huidige en voornemende operateurs verduidelik word. Die behoefte aan hierdie soort interaksie vereis 'n georganiseerde kliëntediensomgewing.

Die Vangate Vangate Gedeelde Dienssentrum (VSSC) lewer dienste wat daarop gerig is om die openbare vervoerbedryf te reguleer deur operateurslisensies en permitte uit te reik. Die verwerking en uitreiking van bedryfslisensies en permitte het 'n impak op die belangrikste sektore van die vervoerstelsel in die provinsie: die daaglikse bus- en minibuspensiedienste, personeelvervoer, die metertaxistelsel, langafstandvervoer en die vervoer van leerders. 'n Doeltreffende en effektiewe bedryfslisensiëringsproses is dus van kardinale belang vir die uitwissing van roeteverwante konflikte en die stimulering van ekonomiese groei. Die verbeterings vir dienslewering vir 2019/20 het die volgende in die vooruitsig gestel:

- Interne en eksterne handelsmerk voltooi vir VSSC.
- Ontwikkeling van Standaard Bedryfsprosedure (SBP) vir die handelsmerk as 'n WKR-standaard.
- Implementeer Queue Management System (QMS) veranderingsbestuur.
- Teken Diensvlakooreenkoms (SLA) met e-regering vir burgers (EG4C).

'n Nuwe QMS is in Julie 2018 by VSSC geïnstalleer, wat gebruik word om die bedryfsdoeltreffendheid voortdurend te verbeter. In Oktober 2019 is die provinsiale Vervoerreguleringsstelsel van stapel gestuur en geïmplementeer by die dienspunte van die Provinsiale Regulerende Entiteit (PRE). Dit het aan die lig gebring dat 'n oorsig van die huidige funksies geïntegreer moet word in die manier waarop die QMS funksioneer. Daar word voorsien dat die terugvoer van die burger (kliënt) via PTRS ontvang en opgelaaai word om die doeltreffendheid van PRE-sakeprosesse te meet. Voorts word voorsien dat 'n PRE-inbelsentrum met diensstandaard ingestel sal word ten opsigte van reaksietye op navrae.

Die VSSC-handelsmerk is in oorleg met korporatiewe kommunikasie en departementele kommunikasie ontwikkel en goedgekeur. Daar is uitdagings ondervind met die tegniese aspekte en die regmaak van tekens, wat aanleiding gegee het tot samesprekings met DVOW se Hoofdirektoraat: Algemene Infrastruktuur om handelsmerke, tekens en aanwysings in sy beplande VSSC-instandhoudingsprojekte in te sluit. Daar is gesprekke gevoer met die Stad Kaapstad om vas te stel wat die tegniese vereistes is vir 'n advertensiebord wat in die rigting van die N2-snelweg wys en die proses om die advertensiebord goed te keur.

Die voorlegging vir goedkeuring om deel te neem aan 'n openbare deelnameproses vir die amptelike benaming van die VSSC is aan die Hoof van die Departement en Provinsiale Minister vir oorweging en finale goedkeuring voorgelê. Nadat die openbare

deelnameproses voltooi is en die naam van die gebou afgehandel is, sal die proses om die naam van die gebou by die handelsmerk te voeg, begin.

Konsultasie is met die provinsiale transversale kontaksentrum begin om maniere te identifiseer om interaksieplatforms soos e-pos, boodskappe en sosiale media, wat spesifiek ontwerp is om voorsiening te maak vir die klante van die operateur, se reik uit te brei. Die Sentrum vir e-Vernuwing (C-el) binne die Departement van die Premier is tans besig om 'n nuwe SLA met E-G4C te finaliseer om saam met die implementering van die CRM-stelsel (Bestuur van Kliënteverhoudinge) te val. Opleiding vir die nuwe CRM-stelsel het gedurende Oktober 2019 saam met E-G4C plaasgevind om die CRM-standaarde op te neem en sal later na die PRE en na ander departemente uitgebrei word.

Die onderstaande tabelle lig die prestasies van die Departement se DLVP in 2019/20 uit.

Tabel 13: Diens 2: Dienste verskaf en standaarde

Hoofdienste	Begunstigdes	Area van prestasie	Basisjaar: 2018/19	Verlangde diensstandaard: 2019/20	Werklike prestasie: 2019/20
Lewer lisensiëringdienste aan openbare vervoeroperateurs.	Minibus-taxibedryf, huurvervoer, skoolvervoer, meter taxi's, langafstandvervoer, klein busse, Uber-operateurs en toerisme-operateurs.	Aanbring van handelsmerke by die VSSC-gebou	Die handelsmerk vir interne en eksterne tekens is met spesifikasies ontwerp en goedgekeur. Die proses vir die goedkeuring van die naam van die fasiliteit in ooreenstemming met die provinsiale beleidsriglyne het begin.	Handelsmerk voltooi, intern en ekstern. Ontwikkel handelsmerke se standaardbedryfs-prosedure as 'n WKR-standaard.	Die regmaak van die handelsmerke moet by die instandhoudingsprojekte wat vir die VSSC geskeduleer is, ingesluit word. 'n Konsep-handelsmerk-SOP is ontwikkel en sal gefinaliseer word sodra die handelsmerk reggemaak is.
		Queue Management System (QMS) klank en vertoning.	Die besigheidsvereistespesifikasie vir die QMS is voltooi en goedgekeur. Die QMS is gedurende Julie 2018 by VSSC geïnstalleer om die kliëntervaring te verbeter. Visuele skerms is geïnstalleer om QMS met digitale tekens en verbeterde klank te ondersteun. Die QMS het 'n geldige instandhoudingsplan.	Implementeer QMS-veranderingsbestuur.	QMS-veranderingsbestuur is geïmplementeer. Dit is verder verbeter deur die implementering van die PTRS-stelsel. Die integrasie van die twee stelsels is op hande.

Hoofdiens	Begunstigdes	Area van prestasie	Basisjaar: 2018/19	Verlangde diensstandaard: 2019/20	Werklike prestasie: 2019/20
		Bestuur van kliëntediens-interaksie.	Konsultasies met E-G4C is gevoer om die uitbreiding van die huidige kontrak na VSSC-dienste te ondersoek.	Diensvlakoooreenkoms met E-G4C onderteken.	Konsultasies is met E-G4C gevoer. 'n Nuwe provinsiale kliëntverhoudingsbestuurstelsel is by E-G4C ingestel wat die verlenging van kontrakte met departemente verdraag het.

Tabel 14: Diens Twee: Batho Pele-reëlings met begunstigdes (aght beginsels)

Huidige reëlings: 2018/19	Verlangde reëlings 2019/20	Werklike prestasie 2019/20
Oorlegpleging:	Oorlegpleging:	Oorlegpleging:
Installeer 'n QMS om interaksies tussen klante op te neem.	Operateurs teken-in op die QMS om kliënteinteraksies op te neem. Genereer bestuursverslae om verbetering in te lig. Kliënte beoordeel die vlak van diens wat ontvang word en hierdie verslae word gebruik om konsultasie te verbeter.	Die gewenste standaard is behaal.
Skakel met E-G4C transversale kontaksentrum om 'n kliënt-interaksie model op te stel wat by VSSC pas.	Teken 'n E-G4C SLA.	SLA is verdraag weens die bekendstelling van die CRM-stelsel.
Toegang:	Toegang:	Toegang:
Stap in by VSSC. Aanlyn: laai vorms af en druk uit net vir nuwe aansoeke. Betaling deur elektroniese fondsoorplasing (EFO) en stuur per e-pos bewys van betaling.	Handhaaf standaard.	Huidige standaard gehandhaaf. Die implementering van die PTRS bied 'n burgergerigte ervaring.

Huidige reëlings: 2018/19	Verlangde reëlings 2019/20	Werklike prestasie 2019/20
Hoflikheid:	Hoflikheid:	Hoflikheid:
Installeer terugvoertoetsbordjies om klienteterugvoer te kry.	Gebruik terugvoertoetsbordjies wat by toonbanke beskikbaar is.	Die gewenste standaard is behaal.
Openheid en deursigtigheid:	Openheid en deursigtigheid:	Openheid en deursigtigheid:
Kry insette van die klient op die Queue Management System.	Doen opnames.	Die gewenste standaard is behaal.
Waarde vir geld:	Waarde vir geld:	Waarde vir geld:
Gebruik die kontroleskerm / Queue Management System om data te trek om die werking te verstaan.	Gebruik data wat deur die Queue Management System gegenereer word om maatreëls te ondersoek om waarde vir geld te verseker. Publiseer prestasierekords.	Die gewenste standaard is behaal.

Tabel 15: Diens Twee: Diensinligtingsinstrument

Huidige/werklike inligtingsinstrument	Verlangde inligtingsinstrument	Werklike prestasies
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Instapsentrum;</li> <li>• Webwerf;</li> <li>• Staatskoerant;</li> <li>• Telefoon; en</li> <li>• E-pos.</li> <li>• Vertoonskerms met inligting wat verander by die Instapsentrum; en</li> <li>• Aankondigings by die Instapsentrum.</li> </ul>	Handhaaf standaard.	Die gewenste standaard is behaal. Verder is grootmaat-selfoonboodskappe aan burgers bekendgestel.

Tabel 16: Diens Twee: Klagtemeganisme

Huidige/werklike klagtemeganisme	Verlangde klagtemeganisme	Werklike prestasies
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kantoor van 'n "diensleweringsbeampte" op die grondvloer;</li> <li>• E-pos;</li> <li>• Telefoon;</li> </ul>	Handhaaf standaard.	Die gewenste standaard is behaal. Daarbenewens word uitdagings aangespreek op die punt van toegang via die PTRS.

Huidige/werklike klagtemeganisme	Verlangde klagtemeganisme	Werklike prestasies
<ul style="list-style-type: none"> <li>Klagtes-webwerf wat deur die PRE gemonitor word; en</li> <li>Skakel met EG4C.</li> </ul>		

Tabel 17: Aansoeke ingevolge Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting ingevolge artikel 46 vergun

No.	Besonderhede van inligting versoek	Datum waarop versoek ontvang is	Datum waarop uitstel vergun is*	Datum waarop versoek toegestaan is
1/2019/2020	Damesregsentrum het die memorandum van ooreenkoms aangevra vir die ontplooiing van Stad Kaapstad wetstoepassingsbeamptes in Metrorail.	26.04.2019	n.v.t.	31.05.2019
2/2019/2020	Tenderevaluering en beoordeling vir alle tenders wat deur Atuba Construction (Edms.) Bpk. ingedien is vir die tydperk 16 Julie 2016 tot 15 April 2019.	14.05.2019	12.07.2019	04.10.2019
3/2019/2020	Marais Muller Hendricks Inc. versoek namens Golden Arrow-busdienste alle dokumente en kommunikasie rakende verwysingsnommer OP8423192 en OP8423193.	29.05.2019	27.07.2019	04.09.2019
4/2019/2020	<b>Tenderevaluering en beoordeling vir tenders S103/18: Bou van 'n nuwe plaasvervanger - Laerskool Umyeza Wama Apile, Overberg.</b>	14.05.2019	n.v.t.	30.05.2019
5/2019/2020	Bellville Eienaars Taxivereniging – Afskrifte en opnames van die verhoor in September - Van die eerste tot die laaste verhoor.	19.06.2019	18.08.2019	11.10.2019
6/2019/2020	Bellville Eienaars Taxivereniging Roete 124-permitte.	19.06.2019	18.08.2019	24.03.2020
7/2019/2020	Afritek Forensics: Nissan X Trail – Afskrifte van alle dokumente rakende die voertuig en die eienaar van die voertuig.	19.08.2019	n.v.t.	12.09.2019
8/2019/2020	Afskrifte van alle aansoeke om bedryfslisensies van MH Loggenberg na derde partye oor te dra.	28.08.2019	30.10.2019	29.10.2019
9/2019/2020	Ooreenkoms met Uber rakende permitte vir e-aanroepdienste in Kaapstad / Wes-Kaap (gedateer 2015-datum).	04.09.2019	01.11.2019	01.11.2019

No.	Besonderhede van inligting versoek	Datum waarop versoek ontvang is	Datum waarop uitstel vergun is*	Datum waarop versoek toegestaan is
10/2019/2020	'n Ontwikkelingsplan of die bemaatigingsplan vir die voordele van KMO's en die waarde vir hierdie projek WC/2019/02/CPT306 en C1090.01; rehabilitasie van die N7 (TR11/1) tussen Potsdam en Melkbos [sic].	03.09.2019	n.v.t.	02.10.2019
11/2019/2020	Resultate en/of verslag van "'n geologiese ondersoek na die omvang en aard..." van die skade wat deur 'n rotsstorting aan die Franschoekpas veroorsaak is, gedateer 22 Junie 2019.	07.08.2019	n.v.t.	04.09.2019
12/2019/2020	Alle ingenieurs- en ander verslae oor die oorspronklike Gouritzrivierbrug [sic].	23.09.2019	n.v.t.	08.10.2019
13/2019/2020	L Twalo Prokureurs het namens CUTA [Cape Unity Taxivereniging] en CODETA inligting aangevra oor (1) name van alle lede van CUTA soos dit voorkom in die register van die registrateur van die Wes-Kaapse Provinsiale Regulerende Entiteit (2) name van lede van CUTA wat aansoek gedoen het om hernuwings van bedryfspermitte en diegene wat taxi-lisensies as geregistreerde lede van CUTA gekry het, maar nou by CATA aangesluit het.	15.10.2019	31.12.2019	Oop
14/2019/2020	Elsenburg-opgradering van die watervoorsieningstelsel en rioolnetwerk - tendernommer: S215/2015.	15.10.2019	15.12.2019	18.12.2019
15/2019/2020	OP-nommers van nuwe aansoeke vir oorsprong en bestemming in Stad Kaapstad.	03.10.2019	04.12.2019	23.12.2019
16/2019/2020	Afskrifte van alle geldige bedryfslisensies wat vir Eljosa Travel uitgereik is.	04.11.2019	04.12.2019	Oop
17/2019/2020	Alle permitte vir taxistaanplekke is geregistreer by my moeder Faldeelah Marcus [sic].	15.11.2019	n.v.t.	09.12.2019
18/2019/2020	Afskrif van bedryfslisensie onder WCPRE 1882252/2.	06.12.2019	n.v.t.	23.12.2019
19/2019/2020	Afskrifte van die taxipermit(te) in die naam van Ntobeko Jezile op sterfdatum, 10 Julie 2012, of daarna ontvang [sic].	05.01.2020	n.v.t.	23.01.2020



No.	Besonderhede van inligting versoek	Datum waarop versoek ontvang is	Datum waarop uitstel vergun is*	Datum waarop versoek toegestaan is
20/2019/2020	Alle inligting oor mnr Rudewaan Arendse van AFMAS Solutions se <b>aanstelling om 'n TRUP [Two Rivers Urban Park] First Nations</b> -verslag (verw k001/19) te produseer vir die Two Rivers Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, insluitend kontrak en advertensie.	06.01.2020	n.v.t.	05.03.2020
21/2019/2020	Permitte vir oorlede Hendrik Esau.	24.02.2020	n.v.t.	18.03.2020
22/2019/2020	Permitte van Mlungisi Blou (eggenoot/man).	11.03.2020	n.v.t.	Oop

Let wel: Uitstel vergun ingevolge artikel 26 van PAIA.

## 2.3 Organisasoriese omgewing

### Herstrukturering

Organisasie-ontwerp-ingrypings is in die oorsigjaar vir die Hoofdirektoraat: Padnetwerkbestuur gefinaliseer, insluitend posevaluering vir nuutgeskepte poste.

Die nuwe organisasiestruktuur vir die Afdeling: Paaie is teen die einde van 2019 goedgekeur, wat die Afdeling kapasiteit bied om kontrakte, instandhoudingsprojekte en projekspanne beter te bestuur. Die struktuur het sommige van die uitdagings rakende die beroepsesifieke bedeling (OSD) aangespreek, omdat dit direkte verslagdoeningslyne tussen professionele ingenieurs en senior bestuur op toepaslike vlakke ingestel het.

Die konsultasieproses met arbeid is afgehandel en die provinsiale minister het die hersiene struktuur van die Afdeling: Paaie wat vanaf 1 April 2020 geïmplementeer moet word, goedgekeur. Die aanpassing en plasing van alle personeel binne die Afdeling: Paaie is voor einde Maart 2020 begin.

### Organisasoriese uitdagings

Gedurende die laaste paar verslagdoeningsperiodes het die Departement 'n daadwerklike poging aangewend om kritiese en skaars vaardighede te lok. Dit is opmerklik dat die tyd en moeite wat jare aan hierdie doelwit gespandeer is, begin vrugte afwerp. Alhoewel sommige van hierdie positiewe ontwikkeling ongetwyfeld 'n weerspieëling van die uitdagings in die konstruksiebedryf is, het die DVOW ook ywerig gewerk om homself as 'n keuse-werkgewer te posisioneer. Deur middel van binnehuisse-konstruksie, het dit die geleentheid aan jong vaardige tegniese personeel gebied om hul vak- en professionele dissiplines op 'n sigbare en praktiese manier toe te pas. Binne 'n beperkte fiskale omhulsel bly daar kommer oor die vermoë van die Departement om hierdie positiewe pad voort te sit.

### Organisasoriese suksesse

Bemagtiging bly oor alle funksies en programme hoog op die DVOW-ontwikkelingsagenda. Gedurende die oorsigjaar het 88 personeellede ondersteuning via die interne beursskema ontvang. 'n Totaal van 2 234 opleidingsingrypings is via die Work Place Skills Plan aan werknemers verskaf, en 92 werknemers het e-Learning-programme bygewoon. Altesaam 77 interns is in die verslagjaar in die Departement geplaas.

Altesaam 315 nuwe aanstellings is gedurende die jaar gemaak, waarvan 262 amptenare pas in die regering aangestel is en 241 van diegene wat binne die proefjaar die verpligte inleidingsprogram vir vlakke 1 tot 12 ondergaan het. 'n Verdere vyf lede van die Senior Bestuursdiens (SBD) het ook die verpligte induksieprogram vir vlak 13 en 14 as deel van hul proeftydperk voltooi.

Die numeriese teikens ingevolge die DVOW-goedgekeurde Diensbillikheidsplan (EE): 2017 – 22 vir die tydperk 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 (Jaar 2 van die EE-plan) word in die tabel hieronder aangedui.

Tabel 18: Diensbillikheidsteikens 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	S	B	I	W	S	B	I	W	Manlik	Vroulik	
Top bestuur (Vlakke 15-16)	0	1	0	3	0	0	0	1	0	0	5
Senior bestuur (Vlak 13-14)	5	13	3	13	5	8	1	5	0	0	53
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialisite en middelbestuur (Vlakke 9-12)	72	113	6	107	56	57	0	26	0	0	437
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne (Vlakke 6-8)	270	386	17	112	128	284	20	94	0	0	1311
Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming (Vlakke 3-5)	106	164	4	28	51	146	6	101	0	0	606
Ongekwalifiseerde en omskrewe besluitneming (Vlakke 1-2)	213	220	0	4	51	72	0	4	0	0	564
<b>Totaal</b>	<b>666</b>	<b>897</b>	<b>30</b>	<b>267</b>	<b>291</b>	<b>567</b>	<b>27</b>	<b>231</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>2976</b>
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
<b>Groot totaal</b>	<b>666</b>	<b>897</b>	<b>30</b>	<b>267</b>	<b>291</b>	<b>567</b>	<b>27</b>	<b>231</b>	<b>0</b>	<b>0</b>	<b>2976</b>

S = swart, B = bruin, I = Indiër, W = wit.

Vroue vorm tans 33.3 persent van die Seniorbestuursdienste (SBD), onder die nasionale teiken van 50 persent. Gedurende die verslagtydperk het die aantal vroue in die SBD nie toegeneem nie, aangesien geen geskikte kandidate gevind is met die vul van vier SBD-poste soos geadverteer nie.

Die DVOW bestuur sedert 2010/11 sy eie ontwikkelingsprogram vir gegradueerdes en het begin om tegniese- en ingenieursgegradueerdes te vervaardig wat aangemoedig kan word om deur die normale werwingsproses vir permanente poste in die Departement aansoek te doen.

Alhoewel die Masakh'iSizwe-program opeenvolgingsbeplanningsmaatreëls insluit om 'n mate van verskaffing van ingenieurs en verwante beroepe binne die OSD te verseker, bly die grootste uitdaging om die dienste van geskikte kandidate in OSD-posisies te lok, terwyl hulle nie met die privaatsektor se salarisstrukture kan meeding nie. Om voldoende opleiding te kry vir registrasie as professionele, is kandidate suksesvol geplaas en na verskillende ondernemings en regeringsprojekte geroteer as deel van die formele program vir gegradueerde professionele ingenieurs. Altesaam nege gegradueerdes in die ingenieurswese en verwante rigtings het gedurende die 2019/20-boekjaar aan die Paaie GPEP begin deelneem wat die vereiste blootstelling / ervaring / opleiding sal bied om in aanmerking te kom vir registrasie by die betrokke statutêre beroepsliggame.

## Bedankings/ aanstellings

Gedurende die oorsigjaar is vier amptenare van binne die Departement tot SBD-posisies op salarisvlak 13 bevorder. Terselfdertyd het een vroulike SBD-lid aan die einde van die 2019/20-oorsigjaar bedank.

## Stakings

Daar is gedurende die oorsigtydperk geen stakingsaksies in DVOW aangeteken nie.

## Stelselings

Daar was geen stelselings nie. Dienste is egter kortstondig onderbreek deur twee groot bywerkings:

- C-el het 'n groot bywerking van die sekuriteitsomvattende-infrastruktuur gedoen om aan die verhoogde vraag aan IKT-internetdienste te voorsien; en
- Die Staatsagentskap vir Inligtingstegnologie (SITA) het ook dringende aftyd beplan vir die bywerking van die kraginfrastruktuur by die Wes-Kaapse datasentrum.

Die Departement is versoek om van hierdie diensonderbrekings kennis te neem en toepaslike reëlings te tref vir kontinuïteit van die diens.

## Gevalle van bedrog of korrupsie

Gevalle van bedrog of korrupsie vir die oorsigjaar word in die provinsiale forensiese diens (PFD) se sertifikaat oor vordering met sake hieronder beskryf.

Tabel 19: Gevalle van bedrog en korrupsie

Gevalle	Aantal gevalle
Onafgehandelde sake soos op 1 April 2019	6
Nuwe sake (2019/20)	4
Afgehandelde sake (2019/20)	(5)
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2020	5

## Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing

Die volgende wetgewende en beleidsake sal voortgesit word:

- Die Wes-Kaapse Wet op Onroerende Batebestuur en sy regulasies word opgestel om die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie te vervang;
- Die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Padverkeeradministrasie sal gewysig word om voorsiening te maak vir die Provinsiale Minister om regulasies uit te vaardig wat voorsiening maak vir die skut van motorvoertuie;
- Die finale konsep van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Vervoerinfrastruktuur is op 22 Januarie 2020 deur die kabinet goedgekeur vir advertering en openbare kommentaar, wat weens die COVID-19-bepelings tot 30 April verleng is. Konsultasies met departementele en munisipale belanghebbendes sal gedurende Julie 2020 plaasvind. Die wetsontwerp sal in Oktober 2020 aan die provinsiale wetgewer voorgestel word. Die werk om die konsepregulasies te wysig, het begin

en sal in November 2020, sodra die wetsontwerp aan die wetgewer voorgelê is en na 'n openbare kommentaarperiode, voltooi word.

### 3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings

Die Departement se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings, en vordering wat gemaak is om die teikens in die vyfjaar- strategiese plan: 2015/16–2019/20 te behaal, word hieronder uiteengesit.

#### Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap.

##### Doelstellingverklaring:

Om deur ontwikkelingsprogramme en infrastruktuurinvestering in die Wes-Kaap bemagtiging en werkskepping teen 31 Maart 2020 te maksimeer.

##### Regverdiging:

Strategiese intervensie wat deur alle regeringsfere geïdentifiseer is om die oogmerk om werkloosheid en armoede te halveer ooreenkomstig met die nasionale ontwikkelingsplan.

##### Koppelings met PSD:

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 2; 4 en 5.

Die DVOW is verbind tot die strategiese prioriteit om werkloosheid en armoede van Wes-Kaapse gemeenskappe wat enorme sosio-ekonomiese uitdagings in die gesig staar, te verlig. Die Departement het klem gelê op die maksimalisering van werkskepping deur middel van sy mandaat vir die lewering van infrastruktuur. 'n Belangrike uitdaging in die infrastruktuursektor is die stryd van opkomende kontrakteurs om toegang te kry en mee te ding, asook om hulself te onderhou. Die DVOW het gereageer deur die implementering van sy kontrakteurontwikkelingsprogram wat daarop gemik was om groeibeperkings te ontsluit, volhoubare kontrakteursvermoë te ontwikkel en die ondernemingsontwikkeling van voorheen benadeelde en kleinskaalse kontrakteurs wat dienste aan die openbare sektor lewer, te verhoog.

Opleidingsgeleenthede in konstruksieverwante-ambagte is voortgesit as deel van die NJD se jeug in konstruksie-programme wat werklose jeugdige se deelname aan die beboude omgewing en die konstruksiebedryf teiken. Gedurende die verslagjaar, het opleiding deur die vakmanskapprogram in die meganiese-, elektriese- en ingenieurswese-veld voortgegaan.

Die bemagtiging van taxi- en busoperateurs het voortgegaan. Die vele opleidings- en bewusmakingsprogramme vir beide die taxi- en bussektors is daarop gemik om die vermoë en professionaliteit van hierdie bedryf te bemagtig en ontwikkel, terwyl die doeltreffendheid van die openbare vervoerstelsel verbeter word.

Die koördinerings van die UOWP in die Wes-Kaap het verseker dat nasionaal vasgestelde teikens vir werksgeleenthede in 2019/20 bereik word. Ondersteuningstrategieë word by die UOWP-implementeringsliggame in die provinsie geïmplementeer ten einde die gestelde teikens te bereik.

EMPIAs is afgesluit vir departementele kapitaalprojekte met 'n kontrakwaarde van meer as R5 miljoen en 'n aantal van hierdie projekte is onderwerp aan monitering en evaluering om te bepaal of die bemagtigingsdoelwitte bereik is.

**Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2: Bestuur provinsiale infrastruktuur en onroerende bates in die Wes-Kaap.**

**Doelstellingverklaring:**

Om provinsiale infrastruktuur en akkommodasie te fasiliteer, te beplan, te ontwerp, te ontwikkel en te lewer en om die lewensiklus van die provinsiale eiendomsportefeulje strategies te bestuur ten einde sosio-ekonomiese groei in die Wes-Kaap teen 31 Maart 2020 te ontsluit.

**Regverdiging:**

Infrastruktuurlewing en batebestuur van die provinsiale eiendomsportefeulje is 'n vereiste vir die ontsluiting van sosio-ekonomiese groei.

**Koppelings met PSD:**

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 2; 3; 4 en 5.

Die DVOW het die agterstand in die historiese onderhoud ten opsigte van sosiale **infrastruktuur uitgelig as 'n strategiese uitdaging** wat onmiddellike aandag verg. Die hoof fokus sal voortgaan om noodgevalle aan te spreek wat veroorsaak word deur swak onderhoud en normale slytasie. Die spanning van klimaatsverandering, insluitend ernstige weersomstandighede, sal die huidige onderhoudsagterstand vererger. Die DVOW is daartoe verbind om veerkragtige infrastruktuur te bied wat voldoende kan reageer op klimaatsverandering en ander omgewingsuitdagings.

Die DVOW gaan voort met evaluering van alle regeringsfasiliteite in sy portefeulje om beleggingsbesluite vir die toekoms te lei en geskikte planne te skeduleer om die bates in sy lewensiklus te maksimaliseer. Toepaslike belegging is van kritieke belang om die integriteit van die batebasis te beskerm en om ekonomiese en maatskaplike vooruitgang te verseker.

In die eiendomsvennootskapsomgewing is verskillende scenario's vir grondgebruik afgehandel en aan die kabinet voorgelê oor projektelewings vir die Founders' Garden Kunstekaap. Die voorkeuropsie wat deur die Kabinet ondersteun word, het die fokus op grondgebruik verskuif van gemengde gebruik, kommersieel gelei na gemengde gebruik, bekostigbare residensieel gelei. Spesialiste is in Maart 2020 aangestel en het aan alle projektelewings begin werk.

Met betrekking tot vordering met Conradie BLMEP, het die aangestelde ontwikkelaar beheer oor die terrein en die verantwoordelikhede vir veiligheid en instandhouding geneem. Terreinontwikkelingsplanne is ingedien vir die eerste blok vir maatskaplike behuising, sowel as die eerste blok vir ope markbehuising. Die Stad Kaapstad het die opgraderingsontwerpe vir grootmaatinfrastruktuur en die opgradering van eksterne paaie en brûe goedkeur.

Om die doeltreffende benutting van onroerende bates te verseker, sal die Departement fokus op die ontwikkeling van die Meesterakkommodasieplan wat daarop gemik is om meer doeltreffende en koste-effektiewe akkommodasie vir die WKR te vind wat ook ruimtelike transformasie verbeter.

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Doelstellingverklaring:

Om deur vennootskappe veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels te lewer wat ekonomiese groei en maatskaplike konnektiwiteit in die Wes-Kaap ondersteun teen 31 Maart 2020.

Regverdiging:

Veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoer is van kritieke belang om 'n verbetering in alle modusse van vervoer (en in die infrastruktuur en stelsels wat hulle ondersteun) te verseker ten einde die voorgenome modale verskuiwing vanaf private na openbare vervoer en die verskuiwing van vrag vanaf pad na spoor in die Wes-Kaap te behaal.

Koppelings met PSD:

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 3 en 4.

Deur sy PSTP, implementeer die DVOW langtermynoplossings vir die beperkings van die huidige openbare vervoeromgewing, insluitend die verbetering van die bestuur en integrasie van minibustaxidienste, die insameling en intelligente gebruik van data, die veiligheid en betroubaarheid van spoordienste, die implementering van langtermyn openbare vervoerkontrakte soos Go George, en die ontwikkeling van die institusionele reëlings wat benodig word om sulke inisiatiewe suksesvol uit te voer.

Die DVOW bestuur en moniteer steeds 'n gesubsidieerde busoperateur in die Kaapse Metropolitaanse-gebied en die verbandhoudende PTOG op 'n doeltreffende wyse tot tyd en wyl hierdie funksie aan Stad Kaapstad oorgedra word. Dit het ook voortgegaan met die implementering van verdere fases van die hoë kwaliteit-openbare vervoernetwerk ("GO GEORGE"/ GIPTN) in George, wat die lewensgehalte van die dorp se mense in vennootskap met die George-munisipaliteit en die nasionale Departement van Vervoer verbeter. Dit sluit die suksesvolle bekendstelling van Fase 4B in, wat Conville, Parkdene, Ballotsview, Borchers en Lawaaiikamp bedien. Gesprekke word voortgesit met relevante belanghebbendes om die beplande infrastruktuur in Thembalethu te voltooi sodat die fase 4A-diens vir Thembalethu kan begin.

Die Departement gaan voort om te belê in die vennootskap van die Eenheid vir Spoortoepassing tussen die DVOW, PRASA en die CoCT. Dit het reeds positiewe opbrengste getoon in die aanpak van veiligheid en sekuriteit van die Metrorail-diens. Dit sal daadwerklike inspanning en belegging verg om die vertroue van die publiek in die pendeldiens te herstel.

Padsterftes, veral sterftes van voetgangers, bly 'n bron van kommer. Om onder die invloed van alkohol te ry, té vinnig te ry en sonder sitplekgordels te ry, bly die belangrikste bydraende faktore tot die plaag van padongelukke. Die Departement het voortgegaan om die suksesvolle DVP-model in samewerking met munisipale owerhede en wetstoepassingsagentskappe te implementeer ten einde die distrikswye probleme rakende verkeersveiligheid aan te spreek.

Die DVOW het 'n provinsiale vragstrategie en 'n implementeringsprogram ontwikkel om die doeltreffendheid, veiligheid, volhoubaarheid van die omgewing en koste-optimalisering van vragvervoer gedurende die oorsigjaar te verbeter.

Om ekonomiese groei te stimuleer, is konstruksie en instandhouding van vername projekte gedurende die jaar onderneem om die toestand van die padnetwerk te onderhou en



verbeter en sodoende die lewensduur daarvan tot voordeel van die burgers te maksimeer.

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4: Bevorder goeie bestuurstoelig, doeltreffendheid en doelmatigheid regdeur die DVOW.

Doelstellingverklaring:

Om strategiese leierskap, bestuurstoelig en ondersteuning te verleen sodat die DVOW in staat is om geïntegreerde dienste doeltreffend en doelmatig te lewer ten opsigte van regeringsprioriteite teen 31 Maart 2020.

Regverdiging:

n Doeltreffende en doelmatige departement wat geïntegreerde dienste lewer.

Koppelings met PSD:

Provinsiale strategiese doelwit 5.

Die vernuwende vennootskap van die Departement met die privaatsektor en die akademie is van plan om toekomstige denke en kompleksiteitswetenskap binne die Departement in te bou. Dit het aansienlike vordering gemaak met die ontwikkeling van 'n 20-jaar-visie, wat die burger in die middel te plaas van hoe die Departement sake doen, die bou van veerkragtige infrastruktuur en vooruitgang in ICT en digitale transformasie, insluit. Hierdie ambisieuse proses van vernuwing en om 'n handige organisasie te word sluit in die belegging in die nodige vermoëns en vaardighede van mense sodat die arbeidsmag van die toekoms kan reageer op 'n toenemend uitdagende omgewing.

Die beoordeling van die vereiste organisatoriese reëlins vir 'n pas voorgestelde Afdeling: Paaie, is afgehandel. Die herontwerpte organisasiestruktuur is deur die provinsiale minister goedgekeur en word in fases geïmplementeer.

Die Departement het voortgegaan met die verbetering en verfyning van sy geïntegreerde VKB-benadering, wat 'n geoptimaliseerde stelsel in ooreenstemming met die praktyk van die konstruksiebedryf beoog. Dit sal verseker dat sosiale doelstellings deel uitmaak van die hoofstroomverkryging en organisatoriese praktyk, soos deur King IV-beginsels voorgestaan. Hierdie benadering sluit standaardisering van kontrakte in; opleiding en ontwikkeling in etiek, risikobestuur en in die regsproses in konstruksiedispute; en betrokkenheid by die konstruksiesektor om 'n gedeelde begrip van huidige uitdagings te bevorder.

---

## 4 Prestasie-inligting per program

---

### 4.1 Program 1: Administrasie

#### Doel

Die doel van hierdie program is om oorhoofse bestuursondersteuning aan die Departement te bied.

#### Subprogramme

- Kantoor van die LUR.
- Bestuur van die Departement.
- Korporatiewe ondersteuning.
- Departementele strategie.

#### Strategiese doelwitte

1.1	Verbeter gehalte van finansiële bestuur.
1.2	Fasiliteer doeltreffende en beveiligde benutting van inligtingstelsels, prosesse en kennis binne die Departement.
1.3	Verbeter vaardighede en kapasiteit op die terreine van vervoer, konstruksie, ingenieurswese en verwante dissiplines.
1.4	Verbeter bestuur van dwarsliggende en geïntegreerde strategiese beplanning, beleidsontwikkeling, koördinerings en monitering en evaluering.

#### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4: Bevorder goeie bestuurstoetsig, doelmatigheid en doeltreffendheid dwarsdeur die Departement by wyse van verskeie pogings.

Deur middel van die DVOW se "HR-sandboks"-program het die Departement ondersoek ingestel na hoe die werksmag vir die toekoms sou lyk om die nodige vaardigheidsbasis te skep om geleenthede te benut.

Ter erkenning van 'n wêreld wat toenemend gekenmerk word deur wisselvalligheid, onsekerheid, kompleksiteit en dubbelsinnigheid (VUCA), het die DVOW 'n vernuwende vennootskap met die privaatsektor en die akademie aangegaan deur middel van die Triple Helix-inisiatief om toekomstige denke en kompleksiteitswetenskap in die Departement in te sluit.

Die Departement word steeds met 'n uitdagende omgewing gekonfronteer wat gekenmerk word deur vinnige vooruitgang in IKT, klimaatsverandering, sosio-ekonomiese ongelikheid en onstabiliteit, 'n beperkte fiskus en 'n toename in die vraag na dienste. DVOW het 'n ambisieuse reis van vernuwing onderneem, 'n behendige organisasie geword en toekomstige waarde gekweek deur te belê in mensevermoëns, sakeprosesse radikaal met IKT's en vernuwende stelsels te herbou, navorsing en ontwikkeling (O&O) radikaal te herontwerp en sy verhouding met met klante en sleutel belanghebbendes te verbeter.

Die Departement het 'n hulpbronmodel vir mede-verkryging onderhou om te reageer op veranderende dienslewingsvereistes en die gebrek aan skaars infrastruktuurverwante vaardighede in die personeelkorps.

As 'n afdeling vir infrastruktuur en dienslewering is die DVOW afhanklik van sy personeel om sy mandaat doeltreffend en effektief uit te voer. Die Departement se HR-omgewing is kompleks en verskil van ander departemente deurdat 'n wye verskeidenheid vaardighede benodig word, van verkeersbeamptes tot elektriese ingenieurs tot vervoerekonome. Die DVOW het daarin geslaag om die tendens van 2018/19 om te draai. Die netto personeelgroei vir die tydperk 1 April 2019 tot Januarie 2020 was 202. Die afgelope drie jaar is dit goed gedokumenteer dat die Departement sy kapasiteit vir die beboude omgewing moes herstel en dat die strategieë van DVOW om hierdie doel te bereik vrugte afwerp.

Vordering is gemaak deur te belê in beurse om jong mense met skaars vaardighede te lok om die ouer personeel van die Departement eendag te vervang. Die gebrek aan mense in middelbestuur bly 'n uitdaging, eerstens om die jeug te mentor en tweedens om 'n poel geskikte mense te vorm om oor te neem by diegene wat aftree. Ten einde interne kapasiteit te ontwikkel, bied die Departement beurs- en opleidingsprogramme aan en bedryf dit ook voerstelsels vir die werwing van verkeerswetstoepassers en professionele gegraduateerdes.

Die DVOW het voortgegaan met die uitvoer van die Masakh'iSizwe-beursprogram en die Professionele Ontwikkelingsprogram om beurse aan verdienstelike studente te bied om vaardighede, kapasiteit en transformasie in die vervoer-, gebou-omgewing, ingenieurswese en verwante dissiplines te verbeter.

Die Departement is besig om 'n strategie vir vervoerreaksie op klimaatsverandering te ontwikkel en sal sy provinsiale raamwerk vir landvervoer hersien. DVOW het voortgegaan om munisipaliteite te ondersteun en te bekwaam met die ontwikkeling en beoordeling van hul geïntegreerde vervoerplanne. Die DVOW het ook gewerk aan die Smart Buildings-program en verbeterde tegnologiese stelsels vir beplanning, integrasie en bestuur.

Die DVOW het hard gewerk om billike indiensneming aan te spreek om verteenwoordiging in sy werksmag te verkry. Om werklike billikheid te bereik, is stelselmatige aandag nodig en dit is 'n voortdurende proses. Die Departement se EE-plan vir die tydperk 1 April 2017 tot 31 Maart 2022 streef steeds na die bereiking van 'n demografies verteenwoordigende en regverdige werksmag en 'n werkskultuur wat respek vir menswaardigheid toon. Die Departement het die EE-teikens goed bestuur volgens die goedgekeurde EE-plan.

As deel van sy e-visie het die DVOW die verbande tussen tegnologie en volhoubare ontwikkeling ondersoek. As deel van ons geïntegreerde denkbenadering is verbeterde strategiese vennootskappe met die lynfunksie in die verslagjaar verder verbeter. Dit het gelei tot meer doelgerigte en produktiewe funksionering wat ooreenstem met die werkswyse van die konstruksiebedryf. Hierdie geïntegreerde benadering voorsien 'n geoptimaliseerde voorsieningsketting wat as 'n ekonomiese stelsel, 'n sosiale stelsel, 'n produksiestelsel en 'n organisasiestelsel beskou kan word.

Die DVOW het ook sy fokus gewysig om mense, proses en tegnologie as die hoof potensiaal van sy besigheid te beskou, deur eerder die fokus op data te vestig, wat in die diens van mense, prosesse en tegnologie is, 'n siening soos deur die globale adviesfirma Gartner Inc. in 2018 gekonseptualiseer. Dit word in die analise van die DVOW se transaksies en verskaffers aangedui. Dit skep verdere sigbaarheid en lig ook ons strategiese fokus en besluitneming in. Dit word erken dat inligting en tegnologie oorvleuel, maar ook onderskeie bronne van waardeskepping is wat individuele risiko's inhou, asook geleenthede bied.

Die VKB-komponent het sy verkrygingsprosesse voorgelê en die registrasie van verskaffers op die Wes-Kaapse verskaffersdatabasis gefasiliteer asook op die nasionale Tesourie se sentrale verskaffersdatabasis deur aan die konstruksie-ontwikkelingsprogram se inligtingsessies, asook verskafferontwikkelingsessies (in samewerking met DEOET asook verskeie munisipaliteite), deel te neem. Mini-werkswinkels is met verskaffers gehou, om registrasiedokumente goed deur te kyk vir foute en op die status van ingediende dokumentasie op te volg. Die eenheid het in samewerking met die Provinsiale Tesourie aan SVD-promosietoere deelgeneem.

Die nuwe gestandaardiseerde kontrak vir goedere en dienste wat ontwikkel is, word reeds in die Departement gebruik. Die proses van ondersoek deur Regsdienste vir moontlike toepassing oor die hele WKR met die goedkeuring van die provinsiale Tesourie is reeds in 'n gevorderde stadium. Verbeterings, verfyninge en aanpassings word van tyd tot tyd aangebring om te verseker dat die nuutste wetgewing, regulasies en instruksies nagekom en in ag geneem word. Alhoewel die gestandaardiseerde kontrakdokument in alle opsigte aan die voorskrifte van die nasionale Tesourie voldoen, sal dit eers aan ander departemente en staatsorgane beskikbaar gestel word sodra die regsdiens/die provinsiale Tesourie se goedkeuring verseker is.

Altesaam 27 raamwerkkontrakte vir geskeduleerde, daaglikse en noodonderhoud vir alle werksgroepe is in plek gestel. Spesiale sorg is geneem om nie klein gegradeerde kontrakteurs uit hierdie proses uit te sluit nie om voort te gaan om die doelwitte van kontrakteurontwikkeling en die fokus op die bereiking van die sosio-ekonomiese verpligtinge van die regering na te streef.

'n Nuwe verkrygingsmetodologie vir reis en akkommodasie is as 'n tussentydse maatreël geïmplementeer totdat die provinsiale Tesourie sy transversale reis- en verblyfbeleid finaliseer.

Die DVOW belê in voortgesette opleiding en ontwikkeling van personeel wat by die aktiwiteite van voorsieningskanaal betrokke is. Etiek- en risikobestuursopleiding is aan 797 amptenare aangebied, en opleiding aangaande die standarde vir kontrakteurprestasie is aan 69 DVOW-amptenare verskaf.

Binne die verslagtydperk het die Departement ook verbintenisse met die konstruksiesektor begin om 'n gedeelde begrip van die uitdagings wat die sektor in die gesig staar en die meganismes waardeur die regering sy infrastruktuurmandaat kan uitvoer, te bevorder. Deur hierdie inisiatief beoog die DVOW om 'n ooreenkoms met die konstruksiesektor op te stel.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel 20: Program 1: Administrasie: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte/ Aanwysers	Werklike prestasie 2018/19	Bepalende teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van bepalende teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogram 1.3: Korporatiewe ondersteuning						
1.1	Verbeter gehalte van finansiële bestuur					
1.1.1	Vlak van finansiële bevoegdheid.	3+	4+	4+	-	-
1.2	Fasiliteer doeltreffende en beveiligde benutting van inligtingstelsels, prosesse en kennis binne die Departement					
1.2.1	Vlak van bevoegdheid ten opsigte van onderneminginligtingbestuur.	3	3	3	-	Op gelyke voet, selfs al is 'n ander meetinstrument gebruik. (DPSA het 'n nasionale KM-strategie/raamwerk ontwikkel en alle departemente versoek om sy KM-strategie aan te pas. As gevolg hiervan het ons DPSA se KM-bevoegdheidsinstrument aangepas om ons vlak van EIM/KM-bevoegdheid te meet).
1.3	Verbeter vaardighede en kapasiteit op die terreine van vervoer, konstruksie, ingenieurswese en verwante dissiplines					
1.3.1	Getal kandidate wat by tersaaklike professionele geregistreer is.	21	20	22	2	As gevolg van die verhoogde bewustheid beide intern en eksterne en die positiewe reaksie wat die program ontvang het, het die program oorpresteer op sy teiken.
Subprogram 1.4: Departementele strategie						
1.4	Verbeter bestuur van transversale en geïntegreerde strategiese beplanning, beleidsontwikkeling, koördinerende en monitering en evaluering					
1.4.1	Getal departementele beplanningprosesse behaal.	2	31	22	(9)	1. Die DVOW help munisipaliteite deur twee prosesse om artikel 36 van die NLTA na te kom, naamlik die projekbestuur van die ITP-prosesse en om fondse oor te dra. Vir projekbesuur, het 'n hersiening (opknapping) van die Weskus, Overberg, het Sentraal Karoo DITP's, waaronder LITP's, binne die 19/20-boekjaar

Nr.	Strategiese doelwitte/ Aanwysers	Werklike prestasie 2018/19	Bepalende teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van bepalende teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
						<p>plaasgevind. Die ITP's is dus hersien en sal die vorm van 'n "lewendige dokument" aanneem om te verseker dat dit op hoogte gehou word met sektorplanne binne die munisipale sfeer wat bygewerk word, soos SDF's en IDP's. Dit is om geloofwaardigheid van die ITP's vir die volgende hersieningsperiode van vyf jaar te verseker.</p> <p>2. Bystand deur die oordrag van fondse vir ITP's aan George, Eden, Stellenbosch en Kaapse Wynlandse munisipaliteite. Kaapse Wynlandse en Tuinroete het hul vervoerregister en bedryfslisensieplanne bygewerk en Stellenbosch is tans besig om hul CITP by te werk. George het 'n oordrag van fondse deur DVOW versoek aangesien hulle administratiewe uitdagings met betrekking tot kwessies in die verskaffingsketting ervaar. Die oordrag van fondse vir die opdatering van ITP's kan slegs binne die munisipale boekjaar plaasvind en nie in die provinsiale boekjaar nie. Dit het 'n invloed op die duur van die ITP-opdaterings.</p> <p>3. Die bywerking van die provinsiale raamwerk vir landvervoer (PLTF) is nog nie deur die nasionale minister goedgekeur nie en ons is deur Regsdienste aangeraai om nie met 'n hersieningsproses te begin nie.</p>

\* CITP = breedvoerige ITP, DITP = distrik ITP, LITP = plaaslik ITP.

## Prestasie-aanwysers

Tabel 21: Program 1: Administrasie: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogram 1.3: Korporatiewe ondersteuning								
1.1.1.1	Getal strategieë hersien.	4	4	4	4	4	-	-
1.3.1.1	Aantal ondertekende verbintenisse.	14	20	19	10	35	25	Verhoogde vrywillige deelname van werknemers aan die Professionele Ontwikkelingsprogram.
Subprogram 1.4: Departementele strategie								
1.4.1.1	Getal vervoergeïntegreerde prosesse geëvalueer.	0	6	0	29	20	(9)	Die Departement help die munisipaliteite van die Weskus, Sentraal-Karoo en Overberg om hul ITP's te doen deur hierdie prosesse te bestuur. In die geval van die res van die munisipaliteite (uitgesonderd die Stad Kaapstad) word die proses om ITP's te hersien, self bestuur. Met dit in gedagte, kan die geld wat aan hierdie munisipaliteite oorgedra word, slegs in hul finansiële jaar gedoen word, wat voorsiening maak vir 'n korter tydperk om die prosesse af te handel.
1.4.1.2	Aantal beleids- en strategiese verslae opgestel.	1	2	2	2	2	-	-



## Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die Direkoraat: Vervoerbeleidende en -strategieë is besig om belangrike provinsiale en munisipale lede op munisipale en provinsiale vlak te identifiseer om deel te wees van 'n ITP-bestuurskomitee om die ITP-proses te koördineer en te bestuur en om geloofwaardigheid te verseker.

## Veranderings aan beplande teikens

Daar was geen veranderings aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 22: Program 1: Administrasie: Subprogrambesteding

Subprogram		2019/20			2018/19		
		Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor) / Onder besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor) / Onder besteding R'000
1.1	Kantoor van die LUR	9 773	9 773	-	6 707	6 707	-
1.2	Bestuur van die DVOW	4 699	4 699	-	4 675	4 670	5
1.3	Korporatiewe Ondersteuning	248 307	248 307	-	145 625	144 355	1 270
1.4	Departementele strategie	42 832	42 832	-	39 352	39 091	261
Totaal		Totaal	305 611	-	196 359	194 823	1 536

## 4.2 Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur

### Doel

Die doel van hierdie program is om 'n gebalanseerde gebou-infrastruktuur vir die provinsiale regering te verskaf wat integrasie, toeganklikheid, volhoubaarheid, billikheid, omgewingsensitiwiteit, ekonomiese groei en sosiale bemagtiging bevorder.

### Subprogram

- Programondersteuning
- Beplanning
- Konstruksie
- Instandhouding
- Bestuur van onroerende bates
- Fasiliteitsbedryf

### Strategiese doelwitte

2.1	Verbeter doeltreffendheid van kantoorakkommodasie deur die verlaging van koste en verbeterde ruimtebenutting.
2.2	Lewer volhoubare infrastruktuur en akkommodasie aan kliënte.
2.3	Doeltreffende benutting van provinsiale onroerende bates.
2.4	Bevorder en fasiliteer sosio-ekonomiese ontwikkeling deur infrastruktuurontwikkeling- en eiendomsbestuurprojekte.

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2: Bestuur provinsiale infrastruktuur en onroerende bates in die Wes-Kaap.

Die afgelope twee jaar het die DVOW deurgaans gewaarsku dat die konstruksiebedryf die bedreiging van mislukking in die gesig staar, gegewe die ekonomiese agteruitgang, beleidsonsekerheid binne die infrastruktuuromgewing en korrupsie, wat gelei het tot besluite meestal op nasionale vlak om nie meer infrastruktuurkontrakte uit te reik nie. Ongelukkig het hierdie voorspellings waar geword met 'n aantal CIDB-graad 9-ondernemings wat misluk het, met verwoestende en onomkeerbare implikasies stroomaf. Die waardeketting van die stroomaf infrastruktuur is die kern van die WKR se fokus op werkskepping. As die provinsiale Departement wat infrastruktuur lewer, is die DVOW afhanklik van graad 9-ondernemings vir die lewering van groot bouprojekte soos skole en hospitale. Na dekades in die infrastruktuur sektor, is dit die einste maatskappye wat hul deure moes sluit, wat in die proses duisende werksgeleenthede verloor het.

Die Departement is daartoe verbind om te fokus op die implementering van infrastruktuur- en eiendomsontwikkelingsprojekte, veral grootskaalse projekte, om 'n positiewe teken aan die mislukte bedryf te gee. Die DVOW verstaan ten volle dat dit afhang van die ontwikkeling en afsluiting van die nodige finansierings- en vennootskapsmodelle. Daar word in hierdie verband in samewerking met die provinsiale Tesourie voortgegaan.

Alhoewel die belangrikste aspek van die ontwikkeling van onderwysinfrastruktuur gefokus het op die uitbreiding van die portefeulje om te voorsien aan die verhoogde behoefte aan ruimte vir leerders, aangebring deur die vinnige toename in bevolking en verstedeliking, beteken die verminderde toestand van die oorblywende openbare skoolportefeulje van R70 miljard dat 'n dringende omkeerstrategie nodig is om te verseker dat Wes-Kaapse skole op 'n vlak onderhou word wat die optimale onderwysuitkomst kan vergemaklik. Oorspronklik het onderhoudsbehoefte nie die begrotingsproses ingelig nie en is dit as reaktief eerder as proaktief beskou. Hierdie situasie word vererger deur die volgende uitdagings:

- 'n Uiteenlopende portefeulje van eiendomstipologieë (saamgestel uit 'n wye verskeidenheid materiale) van verskillende ouderdomme wat unieke verbeterings-, opknappings- of vervangingsvereistes het;
- Uitdagings in die voorspelling van mislukkingskoerse wat lei tot uitdagings in die voorspelling van uitgawes;
- 'n Onderbefondsde instandhoudingsprogram, gemeet aan maatstawwe vir beste praktyk om 'n effektiewe omkeerstrategie te implementeer; en
- Lewensiklusvervangingsvereistes neem eksponensieel toe langs die waardeverminderingkromme.

Die gevolglike uitgestelde geskeduleerde of voorkomende instandhouding plaas 'n swaar las op regstellende instandhouding (noodherstelwerk). Die DVOW het in 2019/20 R67 miljoen bestee aan hierdie subprogram, 'n toename van 24 persent teenoor 2018/19. Meer as 50 persent van die noodonderhoudsprojekte is herstelwerk as gevolg van uitgestelde instandhouding. Die res is om die nadelige gevolge van brand, diefstal, vandalisme en uiterste weersomstandighede reg te stel.

Die DVOW het 'n verandering in sy instandhoudingstrategie begin, van omvattende instandhouding van enkele skole tot kritieke komponentonderhoud van 'n groter aantal skole. Hierdie kritieke komponentstrategie is slegs gerig op die doelgerigte herstel van dakbedekking en elektriese en loodgieterswerk, met die oog daarop om die aantal noodoproep vir noodonderhoud binne die volgende vyf tot sewe jaar te verminder.

Die agtste uitgawe van die jaarlikse eiendomsdoeltreffendheidsverslag is in November 2019 gepubliseer. Die jaar-op-jaar volg van prestasie het aangedui dat die Wes-Kaapse Regering se belangrikste kantoorportefeulje volwasse geword het vanuit 'n perspektief oor hulpbronne en ruimte-doeltreffendheid. Hierdie verslagdoening is deel van die Bewaarder se voortdurende toepassing van die maatstafmonitor-bestuur-beginsel van batebestuur. In hierdie jongste verslag, wat die 2018/19-boekjaar hersien het, is die prestasie van 'n bouportefeulje van 39 geboue (met 'n totale vloeroppervlakte van ongeveer 215 000 m<sup>2</sup>) geëvalueer, waarvan 28 geboue in besit en 11 gehuurde geboue was. Daar is nou meer duidelike bewyse dat geboue wat deur WKR besit word, doeltreffer is as gehuurde geboue, en dit is hoofsaaklik te wyte aan die 792 afstandsmoetrometers wat dwarsoor die besittingsportefeulje geïnstalleer is.

Sommige noemenswaardige prestasie-aanwysers is:

- Die energieverbruik van die totale portefeulje is 35 persent doeltreffer as die maatstaf vir die private sektor.

- Die waterverbruik het met nege persent op 'n jaargrondslag verbeter, wat 'n afname van 30 persent in waterverbruik oor drie jaar meebring, wat die portefeulje 33 persent doeltreffender gemaak het as die maatstaf vir die private sektor.
- Die portefeulje het 'n verbetering van 10 persent in die ruimtebenutting gedurende die verslagtydperk behaal, wat uitloop het op 'n verbetering van drie jaar met 37 persent.
- Twee persent van die hele portefeulje se energieverbruik is opgewek deur die sonkrag-fotovoltaïese installasies wat by sekere geboue geïnstalleer is, en die 9 Dorpstraat-gebou het berig dat 43 persent van die totale waterverbruik deur sy eie grondwatervoorsiening voorsien word.

Die voortgesette pogings van Provinsiale Openbare Werke om tyd en hulpbronne in hierdie verslagproses te belê en die hefboome wat die prestasie bevorder, sal verseker dat hy sy posisie as die doeltreffendste bestuurder van die openbare sektor in Suid-Afrika behou.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel 23: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte/ Aanwysers	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogram 2.2: Beplanning						
2.1	Verbeter doeltreffendheid van kantoorakkommodasie deur die verlaging van koste en verbeterde ruimtebenutting.					
2.1.1	Voltydse werknemerskoste (FTEC) uitgedruk as rand / FTEC gelyk aan of minder as die toepaslike periode van die private sektor.*	R81 640.00	Minder as of gelyk aan die toepaslike privaat sektor maatstaf vir die tydperk.	-	-	-
Subprogram 2.3: Konstruksie						
2.2	Lewer volhoubare infrastruktuur en akkommodasie aan kliënte.					
2.2.1	Getal kapitaal- en instandhoudingsprojekte voltooi.	219	198	148	(50)	Kontrakteur onder prestasie. Kontrakteur in sakeredding. Projek herskedeling. Bykomende vereistes deur die plaaslike owerheid.
2.2.2	Getal huur- en koopoooreenkomste aangegaan vir kantoorakkommodasie.	20	17	18	1	Kantoorakkommodasie verkry vir gedeelde kantoorruimte.
Subprogram 2.5: Bestuur van onroerende bates						
2.3	Doeltreffende benutting van provinsiale onroerende bates.					
2.3.1	Getal eiendomme vrygestel vir herlewingsdoeleindes.	0	0	0	0	-

Nr.	Strategiese doelwitte/ Aanwysers	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogramme 2.3: Konstruksie, 2.4: Instandhouding						
2.4	Bevorder en fasiliteer sosio-ekonomiese ontwikkeling deur infrastruktuurontwikkeling- en eiendomsbestuurprojekte.					
2.4.1	Getal werkseleenthede geskep.	3 493	10 560	3 504	(7 056)	Revised method of calculation applied.

\* Die privaatsektor gebruik nie meer die voltydse maatstaf nie (VTE). As gevolg hiervan kan die Departement nie sy prestasie bepaal nie, aangesien daar geen betroubare VTE-maatstaf in die private sektor is nie. Navorsing het getoon dat daar 'n lae korrelasie is tussen bates onder bestuur en persone.

## Prestasie-aanwysers

Tabel 24: Program 2: Openbare werke-infrastruktuur: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Bepaalde teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogram 2.2: Beplanning								
Nasionale Aanwysers								
2.1.1.1	Bestuursplan vir die bewaring van onroerende bates (C-AMP) ingedien by die betrokke tesourie in ooreenstemming met die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates (GIAMA).	1	1	1	1	1	-	-
2.1.1.2	Aantal UOWP werksgeleenthede geskep deur die Provinsiale Departement van Openbare Werke/Paaie.*	n.v.t.	6 926	7 869	16 241	6 447	(9 794)	Die bekendstelling van die fase 4 van die UOWP het tot gevolg gehad dat bykomende ondersteunende dokumentasie as bewysstuk opgelaaï moes word.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
2.1.1.3	Aantal VTE geskep deur die Provinsiale Departement van Openbare Werke / Paaie.*	n.v.t.	3 277	2 892	5 296	3 941	(1 355)	Die bekendstelling van die fase 4 van die UOWP het tot gevolg gehad dat bykomende ondersteunende dokumentasie as bewysstuk opgelaaï moes word.
Subprogram 2.3: Konstruksie								
Nasionale Aanwysers								
2.2.1.1	Getal infrastruktuurontwerpe gereed vir tender.*	29	43	20	39	25	(14)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	• Onderwys-infrastruktuur.	16	20	2	11	4	(7)	Programherbeplanning en omvangsveranderings deur die kliëntafdeling.
	• Gesondheids-infrastruktuur.	3	1	12	14	9	(5)	Hersiende projekomvang. Hersiende versoek om inligting. Onttrekking van professionele diensverskaffer (OS).
	• Algemene infrastruktuur.	10	22	6	14	12	(2)	Vertraging weens probleme met die bestuur van grondgebruik. Omvang neem toe.



Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
2.2.1.2	Aantal kapitaalinfrastruktuurprojekte voltooi binne die ooreengekome tydperk.*	39	28	23	42	8	(34)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	17	17	9	21	4	(17)	Kontrakteur onder prestasie, Kontrakteur in sakereëding. Projek herskeduling. Bykomende vereistes deur die plaaslike owerheid.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheids-infrastruktuur.</li> </ul>	9	3	2	7	1	(6)	ESKOM-verbinding verdrag. Hersiene datums vir die voltooiing van die projek. Stadige kontrakteurprestasie.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur.</li> </ul>	13	8	12	14	3	(11)	Vertraging weens probleme met die bestuur van grondgebruik. Omvang neem toe.
2.2.1.3	Aantal kapitaalinfrastruktuurprojekte voltooi binne die ooreengekome begroting.*	54	43	34	42	23	(19)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	25	19	15	21	13	(8)	Kontrakteur onder prestasie, Kontrakteur in sakeredding. Projek herskeduling. Bykomende vereistes deur die plaaslike owerheid.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheids-infrastruktuur.</li> </ul>	11	12	3	7	0	(7)	ESKOM-verbinding vertraag. Hersiende datums vir die voltooiing van die projek. Stadige kontrakteurprestasie.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur.</li> </ul>	18	12	16	14	10	(4)	Kansellasië van kontrakte weens swak kontrakteurprestasie. Projek herskedulering.
Provinsiale Aanwyser								
2.2.1.4	Aantal kapitaalinfrastruktuur-projekte voltooi.*	54	45	35	42	26	(16)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	25	20	16	21	13	(8)	Kontrakteur onder prestasie, Kontrakteur in sakeredding. Projek herskeduling. Bykomende vereistes deur die plaaslike owerheid.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	11	13	3	7	1	(6)	ESKOM-verbinding vertraag. Hersiene datums vir die voltooiing van die projek. Stadige kontrakteurprestasie.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheids-infrastruktuur.</li> </ul>	18	12	16	14	12	(2)	Kansellasië van kontrakte weens swak kontrakteurprestasie. Projek herskedulering.
2.2.1.5	Getal projekte aan GBCSA (Suid-Afrikaanse raad vir groen boupraktyke) voorgelê vir 'n "Green Star"-aanslag.	n.v.t.	n.v.t.	0	0	0	0	0
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	0	0	0	0	0
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheids-infrastruktuur.</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	0	0	0	0	0
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur.</li> </ul>	n.v.t.	n.v.t.	0	0	0	0	0
2.2.1.6	Totale aantal werksgeleenthede geskep deur konstruksieprojekte.	n.v.t.	2 040	1 820	5 672	1 820	(3 852)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	n.v.t.	1 614	1 343	4 300	1 228	(3 072)	Hersiende berekeningsmetode toegepas.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheids-infrastruktuur.</li> </ul>	n.v.t.	198	143	172	334	162	Hersiende voltooiingsdatums het na kwartaal 4 geskuif, wat gelei het tot 'n toename in die aantal poste.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur.</li> </ul>	n.v.t.	228	334	1 200	258	(942)	Hersiende berekeningsmetode toegepas.
Subprogram 2.4: Instandhouding								
Nasionale Aanwysers								
2.2.1.7	Getal beplande instandhoudingsprojekte toegeken*	239	233	126	219	187	(32)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	41	53	21	100	111	11	Verbeterde beplannings- en verkrygingsprosesse en hulpbronne.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheids-infrastruktuur.</li> </ul>	47	23	29	31	23	(8)	Projekte in tenderbepalingsproses. Advertensiedatums is na die vierde kwartaal geskuif.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Bepaalde teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur.</li> </ul>	151	157	76	88	53	(35)	Omvang en definisie het toegeneem as gevolg van uitgestelde instandhouding en kliënte se bedryfsbehoeftes.
2.2.1.8	Getal beplande instandhoudingsprojekte binne ooreengekome kontraktydperk voltooi.*	182	149	174	156	111	(45)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Onderwys-infrastruktuur.</li> </ul>	42	40	24	60	58	(2)	Projekte vertraag weens erfenisvereistes.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Gesondheids-infrastruktuur.</li> </ul>	34	27	33	26	12	(14)	Kliëntomvang verander. Ingenieursomvang neem toe.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Algemene infrastruktuur.</li> </ul>	106	82	117	70	41	(29)	Swak kontrakteursprestasie. Bykomende werkvereistes deur gebruikers / kliëntafdelings. Onvoorsiene werk as gevolg van die ouderdom van geboue wat lei tot veranderinge aan die kontrakperiode en begroting.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
2.2.1.9	Getal beplande instandhoudingsprojekte binne ooreengekome begroting voltooi.*	204	161	184	156	116	(40)	Let wel: Die redes vir die gekonsolideerde afwyking vanaf die aanwyser word hierna verskaf:
	• Onderwys-infrastruktuur.	50	40	29	60	58	(2)	Projekte vertraag weens erfenisvereistes.
	• Gesondheids-infrastruktuur.	44	34	35	26	8	(18)	Kliëntomvang verander. Ingenieursomvang neem toe.
5.3.1	Getal verkeerswetstoepassingoperasies geïmplementeer.	7 500	8 000	13 464	5 464	Daar is maandeliks ontledings van spoed- en sterftesprofiel gedoen en taktiese planne is aangepas om spoedoortredings aan te spreek in 'n poging om sterftes te verminder, wat daartoe gelei het dat die aanwyser oorpresteer. Die bestuur bly die grootste bydraer tot ons hoë sterftesyfer, en die bykomende RBT-operasies was nodig om voort te gaan met ons meedoënlose streef om hierdie sosiale siekte aan te spreek. Die taktiese planne is in ooreenstemming met die nasionale 365-plan om te verseker dat hierdie maatskaplike siekte aangespreek word om noodlottiges te verminder.
5.3.2	Getal opvoeding- en bewusmakingsingrypings gefasiliteer.	753	580	942	362	Die bestuur van verkeersveiligheid het bykomende kapasiteit gekry en die betrekkinge met belanghebbendes versterk.

Nota: \* Die bereiking van doelstelling 5.2.1 is afhanklik van 'n geheelbenadering om die padgebruikers se gedrag fundamenteel te verander. Provinsiale verkeerswetstoepassing is maar net een van die belanghebbendes met beperkte vermoë om sulke fundamentele verandering aan te bring.

Prestasie-aanwysers

Tabel 33: Program 5: Vervoerregulering: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogram 5.2: Vervoeradministrasie en -lisensiering								
Nasionale Aanwysers								
5.1.1.1	Getal nakomings-inspeksies uitgevoer.	390	383	391	390	317	(73)	Een inspekteur het op 3 Junie 2019 bedank en 'n geskikte plaasvervanger kon nog nie gevind word nie.
Subprogram 5.3: Bedryfslisensies en -permitte								
Nasionale Aanwyer								
5.1.1.2	Getal verhore deur provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) gehou.	113	139	135	120	121	1	Verhoogde aansoeke vir bedryfslisensies is ondervind, veral in die tweede kwartaal as gevolg van verhoogde vlakke van wetstoepassing.
5.1.1.3	Getal taxiverenigings wat AJVs gehou het.	105	105	150	110	99	(11)	Een van die TRO's was nie beskikbaar om haar funksies uit te voer nie as gevolg van trauma wat ervaar is. Afhanklikheid van verenigings om hul AJV's te beplan. Die AJV's is aanvraaggedrewe.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogram 5.4: Wetstoepassing								
Nasionale Aanwysers								
5.3.1.1	Getal spoed-bedrywighede uitgevoer.	4 708	4 854	6 295	5 500	6 722	1 222	Analise van spoed- en sterftesyferprofile is maandeliks uitgevoer en taktiese planne is aangepas om spoedoortredings aan te spreek in 'n poging om sterftes te verminder, wat daartoe gelei het dat die aanwyser oorpresteer het.
5.2.1.1	Getal voertuie geweeg.	591 064	620 212	653 584	645 000	589 383	(55 517)	Weegbrûe was gedurende die feestyd van Desember-Januarie vir twee weke gesluit en onverwagte beurtkrag is nie in berekening gebring toe projeksies gedoen is nie.
5.3.1.2	Getal operasies teen dronkbestuur uitgevoer.	2 467	3 007	6 683	6 250	7 033	783	Drink en bestuur bly die grootste bydraer tot ons hoë sterftesyfer, en die bykomende RBT-operasies was nodig om voort te gaan met ons meedoënlose strewe om hierdie sosiale siekte aan te spreek. Die taktiese planne is in ooreenstemming met die nasionale 365-plan om te verseker dat hierdie maatskaplike siekte aangespreek word om noodlottiges te verminder.

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
5.2.1.2	Getal voertuie afgetrek en nagegaan.	1 128 873	1 112 071	1 534 086	1 500 000	1 453 298	(46 702)	Die verkeerswetstoepassing het die taak gehad om deel te wees van die nasionale begeleiding van windpompe as abnormale vragte oor die provinsie en na die grense van ander provinsies. Dit het gelei tot die daaglikse ontplooiing van 'n groot hoeveelheid beamptes om hierdie abnormale voertuie te begelei, wat die veiligheid van die vragte tot by die bestemming, maar nog belangriker, die veiligheid van ander motoriste, te verseker. Verhoogde protesaksies oor dienslewering het bygedra tot die afwyking van die beplande teiken en verkeerswetstoepassing vervul 'n sekondêre reaksiefunksie ter ondersteuning van SAPS wat die eerste reaksie is. Die COVID-19-pandemie middel Maart 2020 het ook 'n impak gehad op die regstellende aksieplanne om die tekort aan te spreek.
5.2.1.3	Aantal bewusmakingsprogramme vir padveiligheid.	n.v.t.	n.v.t.	n.v.t.	6	6	0	-



Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
5.2.1.4	Getal skole betrek by padveiligheid-opvoedingsprogramme.	361	423	426	345	469	124	Verbeterde vennootskappe met belanghebbendes.
Provinsiale Aanwysers								
5.3.2.1	Persentasie studente wat verkeersopleiding voltooi.	98% 154	96% 150	95% 156	93% 130	94% 116	(1%)	Die teikenvoltooiakoers is behaal, alhoewel met 14 minder studente as waarvoor gemik was, as gevolg van die impak van COVID-19 en die opdrag van die RTMC om alle opleidingskolleges op 18 Maart 2020 te sluit.

## Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

- Bykomende hulpbronne sal beskikbaar gestel word om te verseker dat die pligte nagekom word.
- Waar taxi-verenigings nie aan vereistes voldoen nie, sal kennisgewingsbriewe uitgereik word.
- Teikens sal aangepas word om nie-operasionele dae by weegbrugsentrum in ag te neem.
- Regstellende aksies is in ooreenstemming met die taktiese plan sowel as die Nasionale 365-plan gebring, om die bereiking van teikens te verseker.

## Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 34: Program 5: Vervoerregulering: Subprogrambesteding

Subprogram		2019/20			2018/19		
		Finale begroting R'000	Werklike Besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike Besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000
5.1	Programondersteunende regulering	5 073	5 073	-	6 220	6 217	3
5.2	Vervoeradministrasie en -lisensiering	442 491	442 491	-	404 016	404 014	2
5.3	Operateurslisensies en -permitte	71 683	71 683	-	71 183	71 090	93
5.4	Wetstoepassing	365 072	365 072	-	361 215	359 728	1 487
Totaal		884 319	884 319	-	842 634	841 049	1 585

## 4.6 Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme

### Doel

Die doel van hierdie program is om die implementering van programme en strategieë te bestuur wat aanleiding sal gee tot die ontwikkeling en bemagtiging van gemeenskappe en kontrakteurs, met inbegrip van die provinsiale bestuur en koördinering van die UOWP.

### Subprogramme

- Programondersteuning vir gemeenskapgebaseerde projekte
- Innovasie en bemagtiging
- Koördinasie en nakomingsmonitering

### Strategiese doelwitte

6.1	Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsingrypings.
6.2	Fasiliteer provinsiale koördinering en monitering van UOWP-aktiwiteite tussen alle implementerende liggame.

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap. Dit word bereik deur drie vername gebiede van aktiwiteit.

Die sukkelende ekonomie het 'n groot sosio-ekonomiese krisis in Suid-Afrika geskep. Die Departement gaan voort met sy ingrypings om armes en werkloos te ondersteun, met sy fokus op die jeug. Die DVOW het die maksimalisering van werkskepping deur die uitvoering van sy infrastruktuurmandaat as een van sy strategiese doelstellings geplaas.

Die DVOW se deurlopende Kontrakteurontwikkelingsprogram het in die oorsigjaar 'n belangrike rol gespeel deur opleidingsgeleenthede te skep, veral vir voorheen benadeelde en kleinskaalse kontrakteurs. Hierdie programme het vaardighede en sakeopleiding, inligtingsessies, opleiding en mentorskap ingesluit. Die Fondasie- en Gevorde Opleidings- en Mentorprogram het voortgegaan om ondernemingsontwikkeling te ondersteun, wat tender- en koste-ondersteuning insluit. Die Departement het voortgegaan met die verbetering van hierdie programme, wat gelei het tot 'n aansienlike aantal BBSEB-kontrakteurs van vlak 1 tot 4 wat aan die tendervereistes voldoen het en kontrakte ontvang het wat daartoe bygedra het om die inwoners van die Wes-Kaap te bemagtig. Die gevolg is dat hulle betekenisvolle deelnemers geword het in die konstruksiebedryf en in staat was om werksgeleenthede vir ander te skep.

Programme vir vaardighedsontwikkeling het hul fokus op ontwikkelingsprogramme vir vakmanne en konstruksie-verwante vaardighede en vakleerlingskappe geplaas wat deel uitmaak van die Nasionale Jeugdiensprogram. Hierdie jeugdige is op 'n 12-maande-program geplaas waar hulle vaardighede aangeleer het in verskillende vakgebiede in die konstruksiebedryf wat hul vermoë om toegang tot ekonomiese geleenthede te verkry, verbeter het. Bykomende programme vir vaardighedsontwikkeling het loodgieterswerk

en elektriese vakleerlingskappe ingesluit. Vaardighede wat benodig word vir die groen en digitale ekonomie is ook verskaf. Ingrypings vir opleiding en vaardigheidsontwikkeling fokus op jeug en vroue.

Die Departement het voortgegaan met die implementering van die Empowerment Impact Assessment Tool wat die ontwerp- en konstruksieproses van spesifieke departementele projekte van meer as R5 miljoen inlig, in terme van die voorkeurverkrygingsregulasies wat die meet van die werklike impak op histories benadeelde individue benodig. Werksgeleenthede is geskep deur die konstruksie- en instandhoudingsprogram van die Departement.

Die DVOW koördineer steeds die UOWP in die Wes-Kaap wat daarop gemik is om die totale aantal werksgeleenthede wat binne die provinsie geskep word (oor alle regeringsfere en die nie-staatsektor) te verhoog, met spesifieke fokus op vroulike deelnemers, die jeug en persone met gestremdhede.

Om die provinsiale teikens vir werksgeleenthede vir 2019/20 te bereik, het die Departement voortgegaan om tegniese ondersteuning te bied om die kwaliteit van UOWP-databestuur en -verslagdoening te verbeter, provinsiale koördinering en monitering van UOWP-aktiwiteite onder alle implementeringsliggame te vergemaklik, en ondersteuning aan 12 institusionele forums en ongeveer 40 openbare liggame te bied.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel 35: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Strategiese doelwitte

Nr.	Strategiese doelwitte / Aanwysers	Werklike prestasie 2018/19	Bepande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2018/2019	Opmerking oor afwykings
Subprogram 6.3: Vernuwings- en bemagtiging						
6.1	Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsingrypings.					
6.1.1	Getal bemagtigingsprogramme in die konstruksiebedryf volgehou.	3	3	3	-	-
Subprogram 6.4: Provinsiale koördinerings- en nakomingsmonitering						
6.2	Fasiliteer provinsiale koördinerings- en monitering van UOWP-aktiwiteite tussen alle implementerende liggames.					
6.2.1	Getal provinsiale UOWP-forums gehandhaaf.	12	12	12	-	-

Nota: Subprogram 6.2: Gemeenskapsontwikkeling volgens die uniforme begroting en programstruktuur van die Nasionale Tesourie word nie gebruik nie, aangesien dit nie deel uitmaak van die DVOW se mandaat nie.

Prestasie-aanwysers

Tabel 36: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Prestasie-aanwysers

Nr.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Bepaalde teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken vir 2019/20	Opmerking oor afwykings
Subprogram 6.3: Vernuwings en bemagtiging								
Nasionale Aanwyser								
6.1.1.1	Getal intervensies vir bemagtiging van begunstigdes.	3	3	3	3	3	-	-
Subprogram 6.4: Provinsiale koördinerings en nakomingsmonitering								
Nasionale Aanwyser								
6.2.1.1	Getal openbare instansies in die provinsie wat UOWP-teikens rapporteer*.	40	40	40	40	40	-	-
6.2.1.2	Getal intervensies geïmplementeer om openbare liggame te ondersteun in die skep van geteikende aantal werkseleenthede in die provinsie.	81	80	80	80	80	-	-

## Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die DVOW is tevrede dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandaarde behaal kon word.

## Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 37: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Subprogrambesteding

Subprogram se naam		2019/20			2018/19		
		Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor)/Onder-besteding R'000
6.1	Program-ondersteunings-gemeenskap	2 301	2 301	-	2 150	2 147	3
6.2	Innovasie en bemagtiging	41 082	41 082	-	37 976	37 976	-
6.3	UOWP-koördinerings- en -nakomingsmonitering	13 549	13 549	-	15 752	15 752	-
Totaal		Totaal	56 932	-	55 878	55 875	3

---

## 5 Oordragbetalings

---

### 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite

Geen oordragbetalings is aan openbare entiteite gemaak nie.

### 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies anders dan openbare entiteite

Die tabelle hieronder weerspieël die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 per program gemaak is.



## Program 1: Administrasie

Tabel 38: Program 1: Oordragbetalings

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a. 38(1)(j) van die PFMA	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie
Kaapse Wynlande	Om munisipale ITPs in terme van die NLTA te hersien en by te werk.	Nagekom	900	-	Die tenders is in die evalueringsfase.
Tuinroete		Nagekom	900	-	Die tenders is in die evalueringsfase.
George		Nagekom	600	-	Die aanpassingsbegroting moet deur die Raad ter tafel gelê en goedgekeur word.
Stellenbosch		Nagekom	600	278	Opdatering van projekdokumentasie, data-insameling, navorsing en konsultasie met belanghebbendes.
Totaal			3 000	278	

## Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur

Die oordragbetalings per munisipaliteit wat in die onderstaande tabel gelys word, hou verband met die betaling van eiendomsbelasting ten opsigte van eiendom in provinsiale besit en eiendomme wat as sodanig geag word.

Tabel 39: Program 2: Oordragbetalings ten opsigte van eiendomsbelasting

Naam van oordragontvanger	Bedrag oorbetaal (R'000)
Beaufort-Wes	3 891
Bergrivier	1 510
Bitou	1 891
Breedevallei	9 252
Kaap-Agulhas	1 469
Kaapstad	499 214
Cederberg	2 712
Drakenstein	14 668
George	12 112
Hessequa	2 449
Kannaland	2 868
Knysna	2 664
Laingsburg	2 191
Langeberg	2 027
Matzikama	2 343
Mosselbaai	395
Oudtshoorn	7 685
Overstrand	2 372
Prince Albert	184
Saldanhabaai	4 929
Stellenbosch	9 831
Swartland	2 994
Swellendam	1 570
Theewaterskloof	5 332
Vredendal	15
Witzenberg	5 272
<b>Totaal</b>	<b>601 840</b>

### Program 3: Vervoerinfrastruktuur

Tabel 40: Program 3: Vervoerinfrastruktuur oordragbetalings

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a. 38(1)(j) van die PFMA	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie
Bitou	Om munisipaliteite finansiell van hulp te wees met/te subsidieer in die instandhouding/bou van geproklameerde munisipale hoofpaaie, waar die munisipaliteit die padowerheid is (artikel 50 van Ordonnansie 19 van 1976).	Nagekom	2 489	2 489	-
Breedevallei		Nagekom	146	146	-
Kaap-Agulhas		Nagekom	62	62	-
Drakenstein		Nagekom	15 795	15 795	-
George		Nagekom	10 087	10 087	-
Hessequa		Nagekom	103	103	-
Knysna		Nagekom	89	89	-
Mosselbaai		Nagekom	3 177	3 177	-
Overstrand		Nagekom	126	126	-
Saldanhabaai		Nagekom	118	118	-
Stellenbosch		Nagekom	384	384	-
Swartland		Nagekom	5 084	5 084	-
Swellendam		Nagekom	50	50	-
Theewaterskloof		Nagekom	114	114	-
Witzenberg		Nagekom	786	786	-
<b>Totaal</b>			<b>38 610</b>	<b>38 610</b>	-

Oordragbetalings aan Kategorie B-munisipaliteite word slegs uitbetaal nadat eise vir afgehandelde werk ingedien is soos volgens die Diensleweringsooreenkoms wat met alle munisipaliteite aangegaan word. Die oordragte word gemoniteer deur van die prosesse verwant aan die raamwerk vir in-jaar- monitering en -verslagdoening oor toekennings gebruik te maak.

## Program 4: Vervoerbedrywe

Die tabel hieronder weerspieël die oordragbetalings vir die tydperk 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 vir program 4: Vervoerbedrywe.

Tabel 41: Program 4: Oordragbetalings

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a. 38(1)(j) van die PFMA	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie
Kaapstad	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om die beweging van mense in die openbare vervoerstelsel te handhaaf, met 'n fokus op persone met spesiale behoeftes.</li> </ul>	Nagekom	10 000	8 642	Die fondse sal teen die einde van die munisipale finansiële jaar deur die Stad Kaapstad op 'n Dial-A-Ride-projek spandeer word.
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om 'n gesamentlike onderneming wat deur die regering befonds word tussen die Wes-Kaapse Departement van Vervoer en Openbare Werke, die Stad Kaapstad en die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika te ontwikkel, om die beskerming van spoorbates en die veiligheid van pendelaars aan te pak.</li> </ul>	Nagekom	17 000	17 000	-
George	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om George Munisipaliteit in staat te stel om 'n openbare vervoerdiens, soos beoog in die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk, te implementeer.</li> <li>Om aanvullende befondsing te verskaf met die oog op die lewering van openbare vervoerdienste deur George Munisipaliteit.</li> <li>Om aanvullende befondsing te verskaf om die tekort in bedryfskoste te dek.</li> <li>Om voorsiening te maak vir bykomende bedryfsondersteuning om die gevolge te ondersteun van beduidend belemmerde</li> </ul>	Nagekom	172 747	128 175	Die fondse sal teen die einde van die munisipale boekjaar deur die George munisipaliteit aan die George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk spandeer word.

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a. 38(1)(j) van die PFMA	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie
	bedryfstoestande en geïntensifiseerde verpligtinge te transformeer.				
Overstrand	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om nie-gemotoriseerde vervoerinfrastruktuur in die munisipaliteit van Overstrand te voorsien as deel van die provinsiale program vir volhoubare vervoer.</li> </ul>	Nagekom	1 500	-	Vertraging met konstruksie weens die beperkings van die COVID-19-inperking.
Swartland	<ul style="list-style-type: none"> <li>Om nie-gemotoriseerde vervoerinfrastruktuur in die munisipaliteit van Swartland te voorsien as deel van die provinsiale program vir volhoubare vervoer.</li> </ul>	Nagekom	1 234	1 234	-
Totaal			202 481	155 051	

Die tabel hieronder toon die oordragte na private ondernemings.

Tabel 42: Program 4: Oordragbetalings na private ondernemings

Tipe oordragontvanger	Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik is	Voldoening aan a38(1)(j) van PFMA	Bedrag oorbetaal (R'000)	Bedrag bestee deur die entiteit (R'000)	Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie / probleme wat ervaar is
Private ondernemings	GABS	PTOG-subsidie aan die busoperateur.	Nagekom	1 006 182	1 006 182	-
Totale oordrag na openbare ondernemings:				1 006 182	1 006 182	

Die oordragte word gemoniteer deur van die prosesse verwant aan die raamwerk vir in-jaar- monitoring en -verslagdoening oor toekennings gebruik te maak.

### 5.3 Begrote oordragbetalings wat nie uitbetaal is nie

Die tabel hieronder weerspieël die oordragbetalings waarvoor in die tydperk 1 April 2019 tot 31 Maart 2020 begroot is, maar waar geen betalings gemaak is nie.

#### Program 2: Openbare Werke-infrastruktuur

Tabel 43: Program 2: Begrote oordragbetalings

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik moes word	Begrote bedrag (R'000)	Bedrag oorbetaal (R'000)	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Saldanha	Die ontwerp en konstruksie van die toegangspad wat die Louwville-gemeenskap met die Gemeenskapsdagsentrum in Saldanha verbind, is nie verwerk nie.	5 725	-	Die memorandum van ooreenkoms is nie voor die einde van die finansiële jaar afgehandel nie.
Totaal		5 725	-	

### Program 3: Vervoerinfrastruktuur

Tabel 44: Program 3: Begrote oordragbetalings

Naam van oordragontvanger	Doel waarvoor fondse gebruik moes word	Begrote bedrag (R'000)	Bedrag oorbetaal (R'000)	Redes waarom fondse nie oorgedra is nie
Beaufort-Wes	Om munisipaliteite finansiell van hulp te wees met/te subsidieer in die instandhouding/bou van geproklameerde munisipale hoofpaaie, waar die munisipaliteit die padowerheid is (artikel 50 van Ordonnansie 19 van 1976).	50	-	Subsidies word betaal wanneer bewys van kwalifiserende gesubsidieerde padinstandhoudingswerk aan die DVOW voorgelê kan word.
Bergrivier		97	-	
Cederberg		69	-	
Kannaland		50	-	
Langeberg		124	-	
Laingsburg		50	-	
Matzikama		73	-	
Oudsthoorn		115	-	
Prince Albert		50	-	
<b>Totaal</b>		<b>678</b>	<b>-</b>	

## 6 Voorwaardelike toekennings

### 6.1 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse betaal

Geen voorwaardelike toekennings of geormerkte fondse is deur die DVOW uitbetaal nie.

### 6.2 Voorwaardelike toekennings en geormerkte fondse ontvang

Die volgende tabelle beskryf elk van die voorwaardelike toekennings wat deur die DVOW ontvang is.

#### Voorwaardelike toekenning: Geïntegreerde UOWP-toekenning vir provinsies

Departement deur wie die toekenning oorgedra is	Openbare Werke
Doel van die toekenning	Om provinsiale departemente aan te spoor om werkskeppingspogings uit te brei deur die gebruik van arbeidsintensiewe afleweringsmetodes in die volgende geïdentifiseerde fokusareas, ter nakoming van UOWP-riglyne: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Padinstandhouding en die instandhouding van geboue;</li> <li>• Paaie met 'n lae verkeersvolume en landelike paaie;</li> <li>• Ander ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur;</li> <li>• Toerisme en kulturele bedrywe;</li> <li>• Volhoubare grondgebaseerde lewensmiddele; en</li> <li>• Afvalbestuur.</li> </ul>
Verwagte uitsette van die toekenning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Getal mense indiensgeneem wat 'n inkomste deur die UOWP ontvang.</li> <li>• Verhoogde gemiddelde duur van die werksgeleentheid geskep.</li> </ul>
Werklike uitsette behaal	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 6 447 werksgeleentheid geskep.</li> <li>• 3 941 VTEs.</li> </ul>
Bedrag volgens gewysigde DORA (R'000)	12 469
Bedrag ontvang (R'000)	12 469
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	n.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	12 469
Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie	n.v.t.
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	UOWP-rapportering deur UOWP-aanlynrapporteringstelsel maandelikse verslag deur die in-jaar-moniteringsverslag, kwartaalike rapportering, evalueringsrapportering en maandelikse DORA-nakomingsrapportering.



## Voorwaardelike toekenning: Toekenning vir instandhouding van provinsiale paaie

Departement deur wie die toekenning oorgedra is	Vervoer
Doel van die toekenning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om provinsiale beleggings vir roetine, periodieke en spesiale instandhouding aan te vul.</li> <li>• Om te verseker dat alle paaie soos per RISFSA en die tegniese aanbeveling vir hoofweë (TMH) 26 RCAM-riglyne geklassifiseer is.</li> <li>• Om die bestuurstelsel vir padbates (RAMS) soos per TMH22 te implementeer en in stand te hou.</li> <li>• Om provinsiale projekte aan te vul vir die herstel van paaie en brûe wat deur natuurrampe beskadig is.</li> <li>• Om die toestand van die padnetwerk te verbeter wat die elektrisiteitsopwekkingsinfrastruktuur bedien.</li> <li>• Om padveiligheid te verbeter met 'n spesiale fokus op voetgangerveiligheid in landelike gebiede.</li> </ul>
Verwagte uitsette van die toekenning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Finale padbatesbestuursprogram en getabuleerde lys van projekte vir die 2018 medium-termyn bestedingsraamwerk (MTUR) in 'n Tabel B5-formaat teen 30 Maart 2019.</li> <li>• Evaluering van netwerk se toestand en bepaling van projekprioriteitslys vanuit die RAMS.</li> <li>• Die volgende werklike aflewingsverwante maatreëls teen 2019/20-teikens omskryf in die finale RAMP vir elke provinsie:             <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Getal vierkante meter van teerpaaie gerehabiliteer.</li> <li>○ Getal vierkante meter van teerpaaie herseël (bolaag of herseël).</li> <li>○ Getal vierkante meter van teerpaaie gelap (insluitende herstel van slaggate).</li> <li>○ Getal kilometer van grondpaaie herbegrui.</li> <li>○ Getal kilometer van grondpaaie geskraap.</li> <li>○ Aantal kilometers grondpaaie opgegradeer (befonds uit provinsiale billike aandeel).</li> </ul> </li> <li>• Die volgende prestasie gegrond op nasionale aanwysers vir werkskepping:             <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Getal werksgeleenthede geskep.</li> <li>○ Getal VTE's geskep.</li> <li>○ Getal jongmense (18-35) in diens geneem.</li> <li>○ Getal vroue in diens geneem.</li> <li>○ Getal mense met gestremdhede in diens geneem.</li> </ul> </li> <li>• Inhandiging van opgedateerde padtoestanddata (geteer en ongeteer), verkeersdata en brugtoestandverslag teen 30 September 2019.</li> <li>• Verslag oor die provinsies se CDP:             <ul style="list-style-type: none"> <li>○ <b>Getal van SMME's</b> [klein, medium en mikro-ondernemings].</li> </ul> </li> </ul>
Werklike uitsette behaal	<p>Alle paaie word soos per RISFSA en RCAM-riglyne geklassifiseer. Paaie word herklassifiseer soos hulle gebou of opgegradeer word.</p> <p>Die RAMS is ten volle funksioneel en voldoen aan minimumvereistes.</p> <p><b>Verkeerstellings word deurentyd bygewerk vir die hele padnetwerk oor 'n vierjaar-siklus.</b> Tussen tellings word die historiese groeikoerse toegepas om alle verkeerstellings by die huidige jaarlikse gemiddelde verkeersramings uit te bring wanneer verkeerstellings ook al geanaliseer word.</p>

	Visuele assesserings van toestande is afgehandel vir die bestuurde padnetwerk.		
	Aanwyser	Teikenwaarde	Behaalde waarde
	Kilometer van grondpaaie opgegradeer	20	11
	Vierkante meter van teerpaaie opgegradeer	400 000	395 034
	Vierkante meter van teerpaaie herseël	3 760 000	2 842 729
	Kilometer van grondpaaie herbegrui	200	156
	Vierkante meter van teerpaaie gelas	36 000	41 175
	Kilometers geskraap	46 000	41 754
	Getal werksgeleenthede geskep	7 500	5 890
	<b>Getal VTE's geskep</b>	3 500	3 606
	Getal jeug in diens geneem (18-35)	4 500	3 416
	Getal vroue in diens geneem	2 000	1 690
	Getal mense met gestremdhede	10	7
Bedrag volgens gewysigde DORA (R'000)	1 040 051		
Bedrag ontvang (R'000)	1 040 051		
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	n.v.t.		
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	1 040 051 Dit sluit die Prestasie-aansporingstoelaag van R137.6 miljoen in.		
Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie	Teiken oorskry, medebefonds deur Billike Aandeel.		
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Padnetwerkinligtingstelsel, BAS, in-jaar-moniteringsrapportering, rasonele portefeuljestelsel, kwartaallikse finansiële en prestasierapportering, evaluasierapportering en maandelikse DORA-nakomingsrapportering.		

### Voorwaardelike toekenning: Toekenning vir openbare vervoerbedrywe

Departement deur wie die toekenning oorgedra is	Vervoer	
Doel van die toekenning	Om aanvullende befondsing te verskaf vir openbare vervoerdienste wat deur provinsiale departemente van vervoer verskaf word.	
Verwagte uitsette van die toekenning	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Getal voertuie gesubsidieer.</li> <li>• Getal kumulatiewe jaarlikse voertuie gesubsidieer.</li> <li>• Getal geskeduleerde ritte.</li> <li>• Getal ritte bedryf.</li> <li>• Getal passasiers.</li> <li>• Getal kilometers.</li> <li>• Getal werknemers.</li> </ul>	
Werklike uitsette behaal	Subsidie per rit bedryf.	R811.85
	Subsidie per kilometer bedryf.	R27.62
	Subsidie per passasier.	R20.34
	Subsidie per voertuig.	R79 760.76
	Getal voertuie gesubsidieer.	1 066
	Getal kumulatiewe jaarlikse voertuie gesubsidieer.	12 615
	Getal geskeduleerde ritte.	1 249 208
	Getal ritte bedryf.	1 239 375
	Passasiers per kilometer bedryf.	1.36
	Passasiers per rit bedryf.	39.92
	Werknemers per voertuig.	1.5
Bedrag volgens gewysigde DORA (R'000)	1 006 182	
Bedrag ontvang (R'000)	1 006 182	
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	n.v.t.	
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	1 006 182	
Redes waarom die fondse nie deur die entiteit bestee is nie	n.v.t.	
Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement	Die DVOW gebruik 'n elektroniese moniteringsoplossing wat tussen 79 – 86 persent geverifieerde eise opgelewer het. In-jaar-moniteringsverslag, kwartaallikse rapportering, evalueringsrapportering en nakomingsrapportering.	

## 7 Donateursfondse

Die DVOW het nie enige hulp van donateurs ontvang nie.

## 8 Kapitaalbelegging

Die kapitaalinvestering, instandhouding en bestuur van bates teen finale toewysings vir die Pos word hieronder getabuleer.

Tabel 45: Kapitaalbelegging

Infrastruktuurprojekte	2019/2020			2018/2019		
	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor)/Onder-besteding (R'000)	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor)/Onder-besteding (R'000)
Nuwe en vervangende bates	113 746	113 746	-	261 100	261 101	(1)
Bestaande infrastruktuur-bates	3 848 760	3 848 760	-	3 487 350	3 487 253	97
Opgraderings en toevoegings	209 377	209 377	-	429 698	429 701	(3)
Rehabilitasie, reparasie en opknapping	2 525 829	2 525 829	-	2 031 722	2 031 719	3
Instandhouding en herstelwerk	1 113 554	1 113 554	-	1 025 930	1 025 833	97
Infrastruktuuroordrag	41 983	38 549	3 434	63 292	62 245	1 047
Lopend	3 500	2 309	1 191	2 554	2 524	30
Kapitaal	38 483	36 240	2 243	60 738	59 721	1 017
<b>Totaal</b>	<b>4 004 489</b>	<b>4 001 055</b>	<b>3 434</b>	<b>3 811 742</b>	<b>3 810 599</b>	<b>1 143</b>

Die DVOW het 99.9 persent van sy jaarlikse toewysing vir infrastruktuur bestee. Die verhouding van kapitaal tot lopende besteding het oor die twee boekjare effens toegeneem met die lopende uitgawes wat van 27 persent na 28 persent van die totale uitgawes verskuif het.

### 8.1 Provinsiale Openbare Werke: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur

Die kapitaalinvestering, instandhouding en batebestuur vir program 2: provinsiale openbare werke teen finale toewysings word hieronder getabuleer.

Tabel 46: Program 2: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur

Infrastruktuur- projekte	2019/20			2018/19		
	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor)/Onder- besteding (R'000)	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor)/Onder- besteding (R'000)
Nuwe en vervangende bates	-	-	-	-	-	-
Bestaande infrastruktuurba- tes	600 613	600 613	-	588 285	588 285	-
Opgraderings en toevoegings	-	-	-	-	-	-
Rehabilitasie, reparasie en opknapping	255 013	255 013	-	294 582	294 582	-
Instandhouding en herstelwerk	345 600	345 600	-	293 703	293 703	-
Infrastruktuuroor- drag	-	-	-	-	-	-
Lopend	-	-	-	-	-	-
Kapitaal	-	-	-	-	-	-
<b>Totaal</b>	<b>600 613</b>	<b>600 613</b>	<b>-</b>	<b>588 285</b>	<b>588 285</b>	<b>-</b>

Openbare werke-infrastruktuur het 100 persent van sy infrastruktuurbegroting bestee na finale verskuiwings binne die begroting.

Agt persent van die algemene geboue word in óf toestand C1 (baie swak) óf C2 (swak) geklassifiseer, terwyl drie persent van die gesondheidsorgfasiliteite en tien persent van die onderwysfasiliteite onder omstandighede C1 of C2 is. Altesaam 67 persent van die Algemene Gebou-fasiliteite word tans geklassifiseer as in toestand C4 (goed) of C5 (baie goed), terwyl 73 persent van gesondheidsorgfasiliteite en 53 persent van die onderwysfasiliteite in toestande C4 of C5.

Ingevolge die algehele batebestuursplan, is die kapitaal- en onderhoudsbesteding gedurende 2019/20 daarop gefokus om die toestande van fasiliteite in 'n swak toestand te verbeter. Oor die algemeen was daar 'n beweging om op instandhouding te fokus om die agterstand in onderhoud aan te spreek en uiteindelik van 'n batebasis met C1-graderings na 'n C1-gradering te beweeg.

In 2019/20 is 48 nuwe toevoegings tot die provinsiale vaste bateregister aangebring, wat verkrygings via aankoop en gratis oordragte insluit. Altesaam 27 eiendomme wat as in provinsiale besit geag is, is bygevoeg nadat die artikel 28 (1) se vestigingsproses voltooi is. Dertien gronde is verwyder weens die verkope waarvan slegs een aangekoop is en die res gratis oorgedra is. Sewe-en-twintig gronde is verwyder as gevolg van konsolidasies wat gedurende die jaar plaasgevind het, en slegs een grondperseel het per konsolidasie oorgebly.

Ten einde die integriteit van die data te verseker en om duplikate en teenstrydighede te identifiseer, is verskillende herkonsoliderings met ander databronne gefinaliseer. Dit sluit in

die Deedsweb, die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DRDLR) -regstelsel, die Departement van Menslike Nedersettings se onroerende bateregister, die Departement van Paaie-bateregister en die IAR van die Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur. Verder is gebruikersafdelings versoek om verslag te doen oor alle kapitaalinfrastruktuurprojekte vir die opneem van die IAR, grondpersele is ondersoek om gebruikersstatus te bepaal, d.w.s. vakante grond, gebruikerstatus, ens., en portefeuljes van bewyse is saamgestel om die bywerking van data vas te lê en te verifieer om te verseker dat bywerkings akkuraat en volledig is.

Tabel 47: Program 2: Kapitaalprojekte tans in aanbou

Onafgehandelde kapitaalprojekte				
Streek / distrik	Munisipaliteit	Projek se naam	Projek se beskrywing	Verwagte datum van voltooiing
Overberg	Theewaterskloof	Caledon, Kollegeweg 15	Opgraderings en toevoegings tot die Departement van Onderwys se kantore.	2024-10-01
CoCT	CoCT	Kensington-rehabilitasiesentrum	Opgraderings en 'n addisionele vleuel tot 'n dwelmmisbruiksentrum.	2023-03-01
CoCT	CoCT	CYCC – Horizon	Opgraderings, aanbouings en nuwe fasiliteite by 'n kinder- en jeugsorgsentrum.	2022-03-01
CoCT	CoCT	CYCC – Lindelani	Opgraderings, aanbouings en nuwe fasiliteite by 'n kinder- en jeugsorgsentrum.	2021-03-30
Eden	George	CYCC – George Outeniqua	Opgraderings, aanbouings en nuwe fasiliteite by 'n kinder- en jeugsorgsentrum.	2021-08-01
CoCT	CoCT	Opgradering van die Kunstekaap-teatersentrum	Toeganklikheidsingrypings.	2021-03-30
CoCT	CoCT	SMV Rusperstraat, Fase 2	Die bou van nuwe kantoorruimte by die staatsmotorvervoer.	2020-03-31
CoCT	CoCT	Sonpaneel - SSK-dak	Verskeie sonpaneelingrypings.	2021-03-31
CoCT	CoCT	VSSC boorgatnetwerk na geboue	Ingryping van watervoorsiening.	2020-08-30
CoCT	CoCT	Gene Louw Verkeerskollege – Skietbaan	Verbetering van Gene Louw Verkeerskollege en die insluiting van 'n skietbaan.	2020-11-30
CoCT	CoCT	Leeuwenstraat 11 (verhuur)	Die skepping van dekanteerruimte vir tydelike personeel.	2020-11-30
CoCT	CoCT	Alfredstraat - B – 2de Vloer kantoorruimte (ENS dekantering)	Skep van kantoorruimte en 'n registerfasiliteit.	2021-05-01
CoCT	CoCT	Alfredstraat – B – 4de vloer registrasie en berging	Skep van kantoorruimte en 'n registerfasiliteit.	2021-07-01
CoCT	CoCT	Waalstraat 15 – Kelder – Omskep stoorkamers na argiewe	Omskakeling van 'n stoorarea na 'n argieffasiliteit.	2020-10-31

Onafgehandelde kapitaalprojekte				
Streek / distrik	Munisipaliteit	Projek se naam	Projek se beskrywing	Verwagte datum van voltooiing
CoCT	CoCT	Waalstraat 27 Grondvloer en inskakeling	Modernisering van vloeroppervlakte en kantoorverblyf.	2021-06-01
Eden	George	York Park: 3de verdieping en 4de verdieping	Modernisering van vloeroppervlakte en kantoorverblyf.	2021-01-01
Eden	George	Mosselbaai SSC [Shared Services Centre]	Modernisering van vloeroppervlakte, kantoorverblyf en die byvoeging van fasiliteite.	2020-10-01
CoCT	CoCT	Dorpstraat 9, 7de vloer	Modernisering van vloeroppervlakte en kantoorverblyf.	2021-12-15
Wynlande	Stellenbosch	Elsenburg Hoofgebou Modernisering Fase 1	Modernisering van vloeroppervlakte en kantoorverblyf.	2020-10-01
Wynlande	Stellenbosch	Elsenburg Hoofgebou Modernisering Fase 2 (laboratoriums)	Modernisering van vloeroppervlakte en navorsingslaboratoriums.	2023-05-01
CoCT	CoCT	Dorpstraat 9, 8ste en 9de vloer en tydelike dekantering na 7de vloer	Modernisering van 8ste en 9de vloer, kantoorruimte en personeel eetsaal.	2020-07-01
CoCT	CoCT	Paardeneiland – Verbenastraat, Staatsmotorhuis - algemene herstelwerk	Opgraderings en toevoegings tot stoorfasiliteite.	2020-12-01
CoCT	CoCT	Dorpstraat 9, 1ste vloer	Modernisering van vloeroppervlakte en kantoorruimte.	2022-01-01
CoCT	CoCT	Roelandstraat 72 – vervang hysbak	Installasie van nuwe hysbak.	2020-11-01
CoCT	CoCT	Goulburnsentrum – vervang hysbak	Installasie van nuwe hysbak.	2020-12-01



Die begroting wat toegelaat is vir instandhouding oor die tydperk van die 2020-MTUR word in die tabel hieronder weerspieël.

Tabel 48: Program 2 instandhoudingsbegroting oor die MTUR-tydperk 2020

	2020/21 (R'000)	2021/22 (R'000)	2022/23 (R'000)
Onderwys	755 255	653 752	696 995
Gesondheid	379 316	468 322	395 771
Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning	6 043	29 712	31 138
Algemene geboue	345 479	368 352	386 527

## 8.2 Vervoerinfrastruktuur: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur

Die kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur vir program 3: vervoerinfrastruktuur teen finale toewysings word hieronder getabuleer.

Tabel 49: Program 3: Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuur

Infrastruktuur- projekte	2019/20			2018/2019		
	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor)/Onder- besteding (R'000)	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor)/Onder- besteding (R'000)
Nuwe en vervangende bates	113 746	113 746	-	261 100	261 101	(1)
Bestaande infrastruktuur- bates	3 248 147	3 248 147	-	2 899 065	2 898 968	97
Opgraderings en toevoegings	209 377	209 377	-	429 698	429 701	(3)
Rehabilitasie, reparasie en opknapping	2 270 816	2 270 816	-	1 737 140	1 737 137	3
Instandhouding en herstelwerk	767 954	767 954	-	732 227	732 130	97
Infrastruktuuroor- drag	41 983	38 549	3 434	63 292	62 245	1 047
Lopend	3 500	2 309	1 191	2 554	2 524	30
Kapitaal	38 483	36 240	2 243	60 738	59 721	1,017
<b>Totaal</b>	<b>3 403 876</b>	<b>3 400 442</b>	<b>3 434</b>	<b>3 223 457</b>	<b>3 222 314</b>	<b>1 143</b>

Vervoerinfrastruktuur het 99.9 persent van sy infrastruktuurbegroting bestee.

Die enigste onderbesteding aan die program het betrekking op oordragbetalings omdat sommige munisipaliteite nie hul toegekende subsidies op geproklameerde munisipale paaie geëis het nie.

Daar is geen planne om fasiliteite te sluit of af te gradeer nie.

Die DVOW se Inligtingstelsel vir die padnetwerk (RNIS) word op datum gehou.

Die plan om die infrastruktuur se instandhoudingsagterstand te verminder is op 'n ingrypings-begrotingsscenario gebaseer, wat aandui dat 'n bykomende R2.17 miljard per jaar (2019-rand waarde) nodig is om te verseker dat die padnetwerk bate waarde oor die volgende tien jaar grootliks gehandhaaf word. Hierdie begrotingstekort word bereken uit die totale aantal km pad wat gerehabiliteer, herteer, herbegrui of opgegradeer moet word.

As 'n direkte gevolg van die voortgaande toename in konstruksiekostes, het die onbefondse agterstand tot oor die R25 miljard gegroei (2019/20 berekening). Ondanks die agterstand, is daar geen planne om enige fasiliteite te sluit of af te gradeer nie.

Verwys na Figuur 1 (Toestand van geteerde paaie) en Figuur 2 (Toestand van grondpaaie) vir besonderhede oor die huidige toestand van paaie.

Tabel 50: Program 3: Kapitaalprojekte tans onder konstruksie

Distrik	Plek	Projek se naam	Gedetailleerde beskrywing	Aanvangsdatum	Beraamde datum van voltooiing	Projekskoste (R'000)
Unicity	Helderberg	C0733.07: Nuwe voetgangerbrug nr. 6030 by De Beerslaan (42.1 km) oor TR2/1	'n Padveiligheidsprojek deur nuwe voetgangerbrug te bou nr. 6030 by De Beerslaan oor Hoofpad 2 Afdeling 1 [N2] by km 42.1.	10/5/2019	30/9/2020	23 044
Kaapse Wynlande	Langeberg	C0818: Rehabilitasie van TR31/2 –Ashton/Montagu	Rehabilitasie van Hoofpad 31 Afdeling 2 tussen Ashton en Montagu.	20/5/2019	2/3/2021	879 360
Tuinroete	Mosselbaai	C0822: Rehabilitasie van MR344 & DR1578 – Glentana	Rehabilitasie van Hoofweg 344 van Hartenbos (km 1.71) tot Groot Brak (km 14.84) en 'n gedeelte van Afdelingspad 1578.	8/12/2017	11/5/2020	244 450
Kaapse Wynlande	Stellenbosch	C0914.02: Rehabilitasie van MR168 tussen N2 en Vlaebergweg	Rehabilitasie van en verbetering aan Hoofweg 168 tussen MR159 en MR177 in die Stellenbosch-omgewing.	12/4/2018	4/8/2020	344 696
Tuinroete	Oudtshoorn	C0918R: Rehabilitasie van TR33/3 –Oudtshoorn/De Rust	Rehabilitasie van TR33 afdeling 3 tussen Oudtshoorn en De Rust.	15/6/2018	23/4/2020	270 578
Overberg	Overstrand	C1000.01: Rehabilitasie van TR02802 tussen Hermanus & Stanford	Rehabilitasie van Hoofpad 28 Afdeling 2 tussen Hermanus en Stanford.	8/10/2018	26/7/2021	399 271
Kaapse Wynlande	Kannaland	C1008.01: Rehabilitasie van DR01688 van Calitzdorp tot Spa & Opgradering van DR01699	Rehabilitasie van Afdelingspad 1688 van Calitzdorp tot die Catitzdorp Spa-afdraai en Opgradering van Afdelingspad 1699.	8/11/2018	30/4/2020	104 958
Unicity	Unicity	C1009: Rehabilitasie van DR01111 km 12.31 tot km 23.5 van Philadelphia tot Malmesbury	Rehabilitasie van Afdelingspad 1111 Abbotsdale tot Van Schoorsdrift.	7/1/2019	23/4/2021	96 348
Weskus	Saldanhaabaai	C1036: Rehabilitasie van MR240 tussen Vredenburg en Paternoster	Rehabilitasie van Hoofweg 240 van km 2.40 tot km 6.0 en km 13.0 tot km 14.92 tussen Vredenburg en Paternoster. Herseël van Hoofweg 240 van km 6.0 tot km 13.0.	10/1/2019	23/4/2020	104 257

Distrik	Plek	Projek se naam	Gedetailleerde beskrywing	Aanvangsdatum	Beraamde datum van voltooiing	Projekskoste (R'000)
Tuinroete	Kannaland	C1053.06: Herstel van vloedskade aan MR309 in Seweweekspoort – Sentrale Karoo/Lainsburg	Herstel van vloedskade aan strukture op Hoofweg 309 in Seweweekspoort.	8/1/2019	5/12/2020	44 643
Kaapse Wynlande	Stellenbosch	C1080: Periodieke Instandhouding van DR1064, DR1065, DR1067, DR1069, DR1053 – Stellenbosch-omgewing	Herseël van DR1064, km 1.72 tot km 5.85, DR01065 km 0.00 tot km 0.90, DR01067 km 0.00 tot km 5.76. Herseël en meetkundige verbetering op DR1069 km 0.84 tot km 5.76. Opgradering van grondpad DR01053 km 0.00 tot km 7.60 – Stellenbosch-omgewing.	22/10/2018	23/4/2020	120 863
Unicity	Unicity	C1090.01 Periodieke Instandhouding van TR11/1 (Roete N7) tussen Bosmansdam (km 2.00) en Potsdam (km 9.50)	Rehabilitasie en herseël van Hoofpad 11 Afdeling 1 (Roete N7) tussen Bosmansdam (km 2.00) en Potsdam (km 9.50).	10/12/2018	29/4/2021	261 441
Unicity	Unicity	C1090: Periodieke Instandhouding van TR11/1 – Wingfield-wisselaar tot Melkbos	Rehabilitasie en herseël van Hoofpad 11 Afdeling 1 van km 9.50 tot km 18.00 – Potsdam tot Melkbos.	14/1/2019	22/7/2020	235 397
Weskus	Cederberg	C1094: Rehabilitasie van MR531 km 76.0 tot km 92.6 Elandsbaai en Periodieke Instandhouding van MR540 km 0.0 tot km 12.4 Leipoldville	Herseël van MR00531 van km 76.00 tot km 88.40 en km 92.55 tot km 95.84. Rehabilitasie van MR00531 van km 88.40 tot km 92.55 – Piketberg tot Elandsbaai. Herseël van MR00540 van km 0.00 tot km 12.40 – Bonteheuwel tot Leipoldville. Opgradering van MR00531 km 95.82 tot km 96.53.	9/1/2019	15/7/2021	106 630
Weskus	Bergrivier	C1097: Periodieke Instandhouding van MR535 – Laaipek tot Elandsbaai	Herseël van MR00535 van km 49.50 tot km 56.82 en km 56.82 tot km 65.37. Rehabilitasie van MR00535 van km 24.00 tot km 49.50 – Laaipek tot Elandsbaai.	4/3/2019	15/5/2020	237 600

Distrik	Plek	Projek se naam	Gedetailleerde beskrywing	Aanvangsdatum	Beraamde datum van voltooiing	Projekskoste (R'000)
Tuinroete	George	C1100: Periodieke Instandhouding van TR1/2, TR1/3, TR88/1, TR44/1 en MR401 – Uniondale-omgewing	Herseël van MR00401 km 0.0 tot km 12.90. Herseël van TR00102 from km 40.0 tot km 85.04. Herseël van TR00103 from km 0.0 tot km 16.60. Herseël van TR04401 van km 0.0 tot km 14.0. Herseël van TR08801 van km 60.34 tot km 70.2.	13/8/2019	12/11/2020	207 514
Kaapse Wynlande	Witzenberg	C1128: Periodieke Instandhouding van MR302 tussen Worcester en Wolseley	Verbeter die rygehalte en voorsien 'n houaksie tot 'n volgende ingryping wat benodig word om te verseker dat die plaveisel sy strukturele ontwerpduur van 20 jaar bereik. Die houaksie en verdere ingryping is deel van 'n proses van regsgeging na aanleiding van kontrak C747.02.	1/8/2019	31/5/2020	65 640



Staatsbestuur



# Deel C: Staatsbestuur

## 1 Inleiding

Die DVOW is daartoe verbind om die hoogste standaard van bestuurtoesig te handhaaf, wat die grondslag lê vir die bestuur van openbare fondse en hulpbronne. Lesers van die jaarverslag wil die versekering hê dat die DVOW goeie bestuurtoesigstrukture in plek het vir die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese benutting van staatshulpbronne tot sy beskikking wat deur die belastingbetaler befonds word. Een van die kernwaardes van die DVOW is aanspreeklikheid en dit word bevorder deur 'n versterkte bestuurtoesigomgewing.

## 2 Risikobestuur

Die RB vir die DVOW neem verantwoordelikheid vir die implementering van ondernemingsrisikobestuur (ORB) ooreenkomstig met die NT se raamwerk vir openbaresektor-risikobestuur (PSRMF). Die direktoraat ondernemingsrisikobestuur in die DotP verskaf 'n gesentraliseerde strategiese ondersteunings diens aan die DVOW.

### 2.1 Verslag van die komitee vir etiek en ondernemingsrisikobestuur (ERMCO)

Die DVOW is trots om die Jaarlikse ERMCO-verslag vir die boekjaar einde 31 Maart 2020 voor te lê.

#### Komitee vir etiek en ondernemingsrisikobestuur se verantwoordelikheid

Die Komitee vir Etiek en ERMCO berig dat dit voldoen aan die verantwoordelikhede wat uit Artikel 38 (1)(a)(i) van die PFMA, Nasionale Tesourie Regulasie 3.2.1 en Openbare Dienste Regulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3 voortspruit. Die ERMCO berig ook dat dit die toepaslike formele opdrag (op 15 April 2019 goedgekeur deur ERMCO-voorsitter en op 15 Oktober 2019 gewysig is om "etiek" in te sluit) as sy ORB-manifes aangeneem het, sy sake in ooreenstemming met hierdie manifes gereguleer het en het al sy verantwoordelikhede nagekom soos daarin vervat.

#### Lede van komitee vir etiek en ondernemingsrisikobestuur

Die ERMCO bestaan uit gekose lede van die DVOW se seniorbestuurspan asook DvdP-beamptes. Soos per sy opdrag het die ERMCO minstens vier keer (kwartaalliks) gedurende die oorsigjaar vergader.

Tersaaklike inligting oor die ERMCO-lede word in die tabel hieronder openbaargemaak:

- die som van die minimum bruikhuurbetalings wat gemaak is, met inbegrip van betalings wat gemaak is om eienaarskap aan die einde van die termyn te bekom, rente uitgesluit, wat ook al die laagste is.

9 Bystandshulp

9.1 Bystandshulp ontvang

Bystandshulp in kontant ontvang, word by ontvangs in die staat van finansiële prestasie erken. Hulp in natura ontvang, word op die datum van ontvangs in die aantekeninge tot die finansiële state erken en word teen billike waarde gemeet.

Bystandshulp wat nie bestee is aan die doel waarvoor dit bestem was nie en enige onbenutte fondse uit bystandshulp wat aan die donateur terugbetaal moet word, word as betaalbaar in die staat van finansiële posisie erken.

9.2 Bystandshulp betaal

Bystandshulp betaal word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken. Bystandshulpbetalings wat gemaak word voor ontvangs van die fondse **word as 'n ontvangbare rekening** in die staat van finansiële posisie erken.

10 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen kosprys in die staat van finansiële posisie verklaar.

Bankoortrekkings word afsonderlik in die staat van finansiële posisie **as 'n lopende las** gewys.

Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, **deposito's gehou, ander korttermyn-** hoogs likiede beleggings en bankoortrekkings.

11 Vooruitbetalings en voorskotte

Vooruitbetalings en voorskotte word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die departement die kontant ontvang of uitbetaal.

Vooruitbetalings en voorskotte word aanvanklik en daarna teen kosprys gemeet.

12 Lenings en ontvangbare rekeninge

Lenings en ontvangbare rekeninge word teen kosprys plus rente, waar rente betaalbaar is, in die staat van finansiële posisie erken, min bedrae reeds betaal of afgeskryf.

Afskrywings word gedoen ooreenkomstig die departement se beleid oor afskrywings.

13 Beleggings

Beleggings word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.

14 Finansiële bates

14.1 Finansiële bates (nie elders gedek nie)

'n Finansiële bate word aanvanklik erken teen kosprys plus transaksiekoste wat direk toe te skryf is aan die

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

verkryging of uitreiking van die finansiële bate.

**Op die verslagdatum sal 'n departement sy finansiële bates meet teen kosprys, min bedrae reeds betaal of afgeskryf, behalwe vir erkende lenings en ontvangbare rekeninge, wat gemeet word teen kosprys plus opgelope rente, waar rente gehef word, min bedrae reeds betaal of afgeskryf.**

14.2 Verswakking van finansiële bates

**Waar daar tekens van 'n verswakking van 'n finansiële bate is, word 'n raming van die afname in die aangetekende drawaarde gemaak om die beste raming van die bedrag van die toekomstige ekonomiese voordele wat na verwagting uit daardie bate sal voortspruit, te weerspieël en in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.**

15 Betaalbare rekeninge

Lenings en betaalbare rekeninge word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.

16 Kapitaalbates

16.1 Onroerende kapitaalbates

Onroerende bates wat in die bateregister van die Departement weerspieël word, word teen kosprys of billike waarde in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken waar die koste nie betroubaar bepaal **kan word nie. Onroerende bates wat in 'n nie-ruiltransaksie bekom is, word teen billike waarde op die datum van verkryging aangeteken.** Onroerende bates word daarna in die bateregister teen kosprys gedra en is nie onderworpe aan waardevermindering of verswakking nie.

**Daaropvolgende besteding wat van 'n kapitale aard is, vorm deel van die koste van die bestaande bate** wanneer dit gereed is vir gebruik.

Bykomende inligting oor onroerende bates wat nie in die bateregister weerspieël word nie, word in die aantekeninge tot die finansiële state verskaf.

16.2 Roerende kapitaalbates

Roerende kapitaalbates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. **Roerende kapitaalbates wat by wyse van 'n nieuitruiltransaksie bekom word, word teen billike waarde op die datum van verkryging gemeet.**

Waar die koste van roerende kapitaalbates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die roerende kapitaalbates teen billike waarde gemeet en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die roerende bates teen R1 gemeet.

**Alle bates wat voor 1 April 2002 (of 'n later datum soos deur die OG goedgekeur) bekom is, kan teen R1 aangeteken word.**

Roerende kapitaalbates word daarna teen kosprys gedra en is nie onderworpe aan waardevermindering of verswakking nie.

**Daaropvolgende besteding wat van 'n kapitale aard is, vorm deel van die bestaande bate** wanneer dit gereed is vir gebruik.

16.3 Ontasbare bates

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

**Ontasbare bates wat by wyse van 'n nieuitruiltransaksie bekom word, word teen billike waarde op die datum van verkryging gemeet.**

Intern gegeneerde ontasbare bates word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer die departement met die ontwikkelingsfase van die projek begin.

Waar die koste van ontasbare bates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die ontasbare kapitaalbates teen billike waarde gemeet en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die ontasbare bates teen

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

R1 gemeet.

Alle bates wat voor 1 April 2002 (of 'n later datum soos deur die OG goedgekeur) bekom is, kan teen R1 aangeteken word.

Ontasbare bates word daarna teen kosprys gedra en is nie onderworpe aan waardevermindering of verswakking nie.

**Daaropvolgende besteding wat van 'n kapitale aard is**, vorm deel van die bestaande bate wanneer dit gereed is vir gebruik.

16.4 Projekkkoste: Onvoltooide projekte

Besteding **van 'n kapitale aard word aanvanklik teen kosprys in die Staat van Finansiële Prestasie erken** wanneer dit betaal word.

Bedrae wat ten opsigte van kapitaalprojekte betaal is, word geskei van die bedrae wat erken word en loop op in onvoltooide werk totdat die onderliggende bate gereed is vir gebruik. Wanneer gereed vir gebruik, **word die totale opgelope betalings in 'n bateregister aangeteken. Latere** betalings om die projek te voltooi, word by die kapitaalbate in die bateregister gevoeg.

Waar die Departement nie die bewaarder van die voltooide projekbate is nie, word die bate na voltooiing na die bewaarder oorgedra.

17 Voorsienings en gebeurlikhede

17.1 Voorsienings

**Voorsienings word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n wettige of** konstruktiewe verpligting is om ekonomiese voordele as gevolg van gebeure in die verlede te verbeur en **waar dit waarskynlik is dat 'n uitvloe**i van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal **verteenwoordig, nodig sal wees om die verpligting na te kom en 'n betroubare raming van die verpligting** gemaak kan word. Die voorsiening word gemaak teen die beste raming van die fondse wat nodig sal wees om die huidige verpligting teen die verslagdatum na te kom.

17.2 Onvoorsiene laste

**Onvoorsiene laste word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike** verpligting uit gebeure in die verlede kan voortspruit, en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word wanneer een of meer onbepaalde gebeure waaroor die departement nie beheer het nie, plaasvind of nie **plaasvind nie of wanneer daar 'n verpligting is wat nie erken word nie omdat dit onwaarskynlik is dat 'n** uitvloe*i* van hulpbronne nodig sal wees om die verpligting na te kom of wanneer die bedrag van die verpligting nie betroubaar gemeet kan word nie.

17.3 Onvoorsiene bates

**Onvoorsiene bates word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike bate** uit gebeure in die verlede voortspruit, en waarvan die bestaan bevestig sal word wanneer een of meer onbepaalde gebeure buite die departement se beheer in die toekoms plaasvind of nie plaasvind nie.

17.4 Verpligtinge

Kapitaalverpligtinge word teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

18 Ongemagtigde uitgawes

Ongemagtigde uitgawes word in die staat van finansiële posisie erken tot tyd en wyl die uitgawes:

- deur die parlement of die provinsiale wetgewer met befondsing goedgekeur en die tersaaklike fondse ontvang word; of

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

- sonder befondsing deur die parlement of die provinsiale wetgewer goedgekeur word en teen die begroting in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word; of
- na ontvangbare rekeninge vir verhaling oorgedra word.

Ongemagtigde uitgawes word gemeet teen die bedrag van die bevestigde ongemagtigde uitgawe.

19 Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word, wanneer bevestig, in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die totale waarde van die vrugtelose en verkwistende uitgawe wat aangegaan is.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word uit die aantekeninge tot die finansiële state verwyder wanneer dit opgelos of na ontvangbare rekeninge vir verhaling oorgedra word.

Ontvangbare rekeninge vir vrugtelose en verkwistende uitgawes word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word teruggeskryf wanneer verhaal of wanneer dit as onverhaalbaar afgeskryf word.

20 Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes word, wanneer bevestig, in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die waarde van die onreëlmatige uitgawe wat aangegaan is, tensy dit prakties nie bepaal kan word nie, in welke geval redes daarvoor in die aantekeninge verstrekkend word.

Onreëlmatige uitgawes word uit die aantekeninge verwyder wanneer dit of deur die tersaaklike gesag gekondoneer of vir verhaling na ontvangbare rekeninge oorgedra word of nie gekondoneer en nie verhaalbaar is nie.

Ontvangbare rekeninge vir onreëlmatige uitgawes word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word teruggeskryf wanneer verhaal of wanneer dit as onverhaalbaar afgeskryf word.

21 Veranderinge aan rekeningkundige ramings en foute

Veranderinge aan rekeningkundige beramings word ooreenkomstig die aangepastekontantstandaard se vereistes vooruitwerkend aangegee.

Regstelling van foute word ooreenkomstig die vereistes van die aangepastekontantstandaard terugwerkend toegepas in die tydperk waarin die fout opgeduik het, behalwe in die mate waartoe die tydperk-spesifieke uitwerkings of kumulatiewe effek van die fout nie prakties bepaal kan word nie. In sulke gevalle sal die departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates heraangee vir die vroegste tydperk waarvoor sulke saldo's prakties terugwerkend heraangee kan word.

22 Gebeure na verslagdatum

Gebeure na die verslagdatum wat as aansuiweringsgebeure geklassifiseer word, is in die finansiële state in berekening gebring. Die gebeure na die verslagdatum wat as nie-aansuiweringsgebeure geklassifiseer word, word in die aantekeninge tot die finansiële state openbaar gemaak.

23 Prinsipaal-agent-reëlings

Die departement **tree as 'n prinsipaal op wanneer dit die mag het om voordelige beheer oor 'n aktiwiteit uit te oefen**. Die departement het voordelige beheer wanneer dit beide die mag het om die aktiwiteit te rig, en die vermoë het om by daardie mag te baat. In die openbare **sektor kan "voordele" uit ekonomiese voordele, dienspotensiaal of albei bestaan**. Aktiwiteite, in hierdie konteks, sal bestaan uit gebeure, take of prosesse **wat 'n vloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal tussen die departement en ander partye tot gevolg het**.



**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

Waar die departement as 'n **prinsipaal optree**, word die volgende as deel van die primêre finansiële inligting in die aantekeninge tot die finansiële state openbaargemaak: Die totale betalings wat aan sy agente gemaak is (waar van toepassing) gedurende die tydperk; en 'n **verduideliking** oor die aard, omstandighede en bepalinge verwant aan die ooreenkomste.

Waar 'n departement as 'n **agent vir 'n ander departement of openbaresektor-entiteit** optree, sal die volgende as deel van die primêre finansiële inligting openbaargemaak word in die aantekeninge in die **finansiële state: 'n Rekonsiliasie tussen totale agentskapsfondse ontvang en uitbetalings gemaak in die uitvoering van agentskapsdienste; 'n verduideliking van verskille tussen bedrae bestee namens die ander party**, en enige terugbetalings ontvang in die verslagtydperk; enige inkomste verdien uit die lewering van die agentskapsdiens, en die inkomstebedrag erken gegrond op kontantontvangste gedurende die **verslagtydperk; 'n narratiewe beskrywing en verduideliking van bates wat aan die ander entiteit behoort wat onder kuratorskap van die departement gehou word, en 'n verduideliking van die aard, omstandighede en voorwaardes verwant aan die reëlings.**

24 Kapitaliseringsreserwe

Die kapitaliseringsreserwe omvat **finansiële bates en/of laste wat uit 'n vorige verslagtydperk voortspruit** maar wat in die huidige verslagtydperk in die staat van finansiële posisie erken word. Bedrae word in die kapitaliseringsreserwe erken wanneer dit in die huidige tydperk erken word en word na die provinsiale inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate vervreem en die verbandhoudende fondse ontvang word.

25 Verhaalbare inkomste

**Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling wat in 'n vorige boekjaar gemaak is in die huidige boekjaar van 'n debiteur verhaalbaar is.** Bedrae word of na die provinsiale inkomstefonds oorgedra wanneer verhaal, of na die staat van finansiële prestasie wanneer afgeskryf.

26 Verwanteparty-transaksies

'n **Verwanteparty-transaksie is 'n oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die rapporterende entiteit en 'n verwante party.** Verwanteparty-transaksies binne die portefeulje van die minister/LUR word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken wanneer die transaksie nie sonder bevoorregting is nie.

Sleutelbestuurspersoneel is daardie persone wat die gesag en verantwoordelikheid het om die departement se aktiwiteite te beplan, te lei en te beheer. Die getal individue en hulle totale vergoeding word in die aantekeninge tot die finansiële state aangegee.

27 Voorrade (geldig vanaf 'n datum wat in 'n Tesourie-instruksie bepaal is)

Op die datum van verkryging word voorrade teen kosprys in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

**Waar voorraad bekom word as deel van 'n nuieuitruiltransaksie is die kosprys van voorraad die billike waarde daarvan op die datum van verkryging.**

Voorraad word daarna gemeet teen kosprys of netto realiseerbare waarde (wat ook al die laagste) of waar dit bedoel is vir verspreiding (of in die produksie van goedere vir verspreiding **verbruik word**) **teen geen of 'n nominale heffing, teen koste of huidige vervangingswaarde (wat ook al die laagste).**

Die kosprys van voorraad word met behulp van die gewoegdegemiddeldbasis bepaal.

28 Openbare-private-vennootskappe

Daar word van openbare-private-vennootskappe rekenskap gegee gegrond op die aard en/of die omvang van die vennootskap. Daar word van die transaksie rekenskap gegee in ooreenstemming met die

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

toepaslike rekeningkundige beleide.

'n Opsomming van die beduidende bepalings van die OPV-ooreenkoms, die partye tot die ooreenkoms, en die aanvangsdatum daarvan tesame met 'n beskrywing en die aard van die konsessiegelde ontvang, die unitêre gelde betaal, en die regte en verpligtinge van die departement word in die aantekeninge tot die finansiële state aangeteken.

29      **Werknemervoordele**

Die waarde van elke hoofklas werknemers se werknemervoordeleverpligtinge (opgelope bedrae, betaalbare rekeninge nie erken nie en voorsienings) word in die aantekening oor werknemervoordele openbaargemaak.

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

DEEL B: VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE

1. Jaarlikse Begroting  
1.1 Jaarlikse Toewysing  
Ingesluit is fondse waarvoor ingevolge die Begrotingswet (en die Begrotingaansuiweringswet) vir Nasionale Departemente (Bewilligde fondse) en Provinsiale Departemente:

	2019/20			2018/19		
	Finale begroting <b>R'000</b>	Werklike fondse ontvang <b>R'000</b>	Fondse nie versoek nie/ ontvang <b>R'000</b>	Finale begroting <b>R'000</b>	Werklike fondse ontvang <b>R'000</b>	Fondse nie versoek nie/ ontvang <b>R'000</b>
Administrasie	305 611	305 611	-	196 359	196 359	-
Openbare werke- infrastruktuur	2 152 964	2 152 964	-	1 919 926	1 919 926	-
Vervoerinfrastruk- tuur	3 639 441	3 639 441	-	3 529 135	3 529 135	-
Vervoerbedrywe	1 518 321	1 518 321	-	1 325 089	1 325 089	-
Vervoerregulerin- g	884 319	884 319	-	842 634	842 634	-
Gemeenskapsge- baseerde programme	56 932	56 932	-	55 878	55 878	-
<b>Totaal</b>	<b>8 557 588</b>	<b>8 557 588</b>	<b>-</b>	<b>7 869 021</b>	<b>7 869 021</b>	<b>-</b>

- 1.2 Voorwaardelike toekennings

	Aant.	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
Totale toekennings ontvang	33	<u>2 058 702</u>	<u>1 972 824</u>

2. Departementele inkomste

	Aant.	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
Belastinginkomste		1 804 408	1 684 941
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates	2.1	145 681	119 028
Boetes, strafboetes en verbeurings	2.2	3 810	2 409
Rente, dividende en verhuring van grond	2.3	281	142
Verkoop van kapitaalbates	2.4	29	6 283
Transaksies in finansiële bates en laste	2.5	14 417	15 641
Oordrag ontvang	2.6	-	7 000
Totale inkomste geïen		<u>1 968 626</u>	<u>1 835 444</u>
Min: Eie inkomste by begroting ingesluit	13	<u>(1 727 943)</u>	<u>(1 699 978)</u>
Departementele inkomste geïen		<u>240 683</u>	<u>135 466</u>

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

2.1	Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates	Aant. 2	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Verkoop van goedere en dienste deur die departement geproduseer		145 411	117 457
	Verkope deur markinstansie		84 600	82 325
	Administratiewe gelde		57 566	31 653
	Ander verkope		3 245	3 479
	Verkoop van skroot, afval en ander gebruikte goedere		270	1 571
	Totaal		145 681	119 028
2.2	Boetes, strafboetes en verbeurings	Aant. 2	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Boetes – Skutgelde		3 810	2 409
	Totaal		3 810	2 409
2.3	Rente, dividende en verhuur van grond	Aant. 2	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Rente		281	142
	Totaal		281	142
2.4	Verkoop van kapitaalbates	Aant. 2	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Tasbare bates			
	Geboue en ander vaste strukture		-	1 500
	Masjinerie en toerusting		-	4 783
	Grond en ondergrondse bates	30	29	-
	Totaal		29	6 283
2.5	Transaksies in finansiële bates en laste	Aant. 2	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Ontvangbare rekeninge		926	1 637
	Ander Ontvangste insluitend Verhaalbare Inkomste		13 491	14 004
	Totaal		14 417	15 641
2.6	Oordragte ontvang	Aant. 2	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Ander regeringseenhede		-	7 000
	Totaal		-	7 000

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

3.	Vergoeding van werknemers		
3.1	Salarisse en Lone		
		2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Basiese salaris	677 610	594 310
	Prestasietoekenning	4 739	11 146
	Diensgebaseer	1 704	1 602
	Vergoedend/omstandigheid	30 939	27 840
	Periodieke betalings	715	290
	Ander niepensioendraende toelaes	128 232	112 629
	Totaal	<u>843 939</u>	<u>747 817</u>
3.2	Maatskaplike bydraes		
		2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Werkgewerbydraes		
	Pensioen	83 104	73 326
	Medies	51 464	45 920
	Bedingingsraad	229	197
	Totaal	<u>134 797</u>	<u>119 443</u>
	Totale vergoeding van werknemers	<u>978 736</u>	<u>867 260</u>
	Gemiddelde getal werknemers	<u>2 386</u>	<u>2 236</u>

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

4.	Goedere en dienste			
		Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Administratiewe gelde		393 851	358 653
	Advertensies		19 208	24 276
	Geringe bates	4.1	5 231	4 711
	Beurse (werknemers)		3 024	2 081
	Spyseniering		3 122	2 236
	Kommunikasie		6 383	5 356
	Rekenaardienste	4.2	96 807	61 982
	Konsultante: Besigheids- en adviesdienste		452 218	390 665
	Infrastruktuur en beplanningsdienste		92 144	45 182
	Laboratoriumdienste		27	5
	Regsdienste		25 912	20 896
	Kontrakteurs		471 145	447 327
	Agentskap- en ondersteuningsdienste/uitbestede dienste		33 874	41 855
	Onthaal		29	42
	Ouditkoste – ekstern	4.3	9 553	9 307
	Vlootdienste		68 192	62 122
	Inventaris	4.4	934	2 683
	Verbruiksgoedere	4.5	43 159	54 041
	Bedryfsbruikhuurooreenkomste		206 577	177 372
	Eiendomsbetalings	4.6	552 721	522 751
	Huur en verhuring		247	16
	Vervoer word aangebied as deel van die departementele aktiwiteite		-	9
	Reis en verblyf	4.7	33 876	30 133
	Lokale en fasiliteite		1 567	1 694
	Opleiding en ontwikkeling		23 302	19 727
	Ander bedryfsuitgawes	4.8	4 729	4 571
	Totaal		<u>2 547 832</u>	<u>2 289 693</u>
4.1	Geringe bates	Aant.	2019/20	2018/19
		4	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Tasbare bates			
	Masjinerie en toerusting		5 231	4 711
	Totaal		<u>5 231</u>	<u>4 711</u>
4.2	Rekenaardienste	Aant.	2019/20	2018/19
		4	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	SITA-rekenaardienste		1 820	1 891
	Eksterne verskaffers van rekenaardienste		94 987	60 091

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

Totaal		96 807	61 982
4.3	Ouditkoste – Ekstern		
	Aant.	2019/20	2018/19
	4	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Reëlmatigheidsoudits	9 283	8 952
	Rekenaaroudits	270	355
	Totaal	<u>9 553</u>	<u>9 307</u>
4.4	Voorraad		
	Aant.	2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Ander voorrade	934	2 683
	Totaal	<u>934</u>	<u>2 683</u>
4.4.1	Ander voorrade		
	Aant.	2019/20	2018/19
	4.4	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Ammunisie en sekuriteitsvoorrade	270	-
	Bates vir verspreiding		
	Ander bates vir verspreiding	664	2 683
	Totaal	<u>934</u>	<u>2 683</u>
4.5	Verbruiksgoedere		
	Aant.	2019/20	2018/19
	4	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Verbruiksvoorraad	28 758	38 473
	Uniforms en klerasie	2 591	5 162
	Huishoudelike voorrade	3 859	2 188
	Boumateriale en -voorrade	20 552	25 843
	Kommunikasietoehore	26	3 623
	IT-verbruiksgoedere	164	231
	Ander verbruiksgoedere	1 566	1 426
	Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorrade	14 401	15 568
	Totaal	<u>43 159</u>	<u>54 041</u>
4.6	Eiendomsbetalings		
	Aant.	2019/20	2018/19
	4	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Munisipale dienste	141 822	124 633
	Eiendomsbestuursgelde	2 594	4 854
	Eiendomsinstandhouding en -herstelwerk	259 276	249 513
	Ander	149 029	143 751
	Totaal	<u>552 721</u>	<u>522 751</u>

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

4.7	Reis en verblyf	Aant. 4	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Plaaslik		33 202	29 093
	Buiteland		674	1 040
	Totaal		33 876	30 133
4.8	Ander bedryfsuitgawes	Aant. 4	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Professionele liggame, lidmaatskap en inskrywingsgelde		183	234
	Hervestigingskoste		582	380
	Ander		3 964	3 957
	Totaal		4 729	4 571
5.	Rente en huurgeld op grond	Aant.	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Rente betaal		-	23
	Totaal		-	23
6.	Betalings vir finansiële bates	Aant.	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Ander wesentliche verliese afgeskryf	6.1	996	718
	Skuld afgeskryf	6.2	-	1 149
	Totaal		996	1 867
6.1	Ander wesentliche verliese afgeskryf	Aant. 6	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
	Aard van verliese			
	Skade aan en verliese van staatsmotorvervoervoertuie (35 gevalle)		636	346
	Skade aan en verliese van padbou- en instandhoudingstoerusting (77 gevalle)		343	344
	Skade aan gehuurde voertuie (5 gevalle)		7	6
	Ander verliese (4 gevalle)		10	22
	Totaal		996	718



**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

6.2	Skuld afgeskryf		2019/20	2018/19
		Aant.	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
		6		
	Aard van skuld afgeskryf			
	Verhaalbare inkomste afgeskryf			
	Skuld: Voormalige werknemers (2 gevalle)		-	5
	Ander (17 gevalle)		-	249
	Skuld – beurse (4 gevalle)		-	671
	Totaal		<u>-</u>	<u>925</u>
	Ander skuld afgeskryf			
	Ander Skuld (37 gevalle)		-	218
	Skuld – Voormalige werknemers (4 gevalle)		-	6
	Totaal		<u>-</u>	<u>224</u>
	Totale skuld afgeskryf		<u>-</u>	<u>1 149</u>
7.	Oordragte en subsidies		2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
		Aant.		
	Provinsies en munisipaliteite	Bylae 1A	850 619	770 599
	Departementele agentskappe en rekeninge	Bylae 1B	48	49
	Openbare korporasies en private ondernemings	Bylae 1C	1 006 182	952 824
	Huishoudings	Bylae 1D	14 294	14 520
	Totaal		<u>1 871 143</u>	<u>1 737 992</u>
8.	Besteding aan kapitaalbates		2019/20	2018/19
		Aant.	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Tasbare bates		3 061 855	2 932 871
	Geboue en ander vaste strukture	30	2 903 285	2 722 520
	Masjinerie en toerusting	28	130 356	177 394
	Grond en ondergrondse bates	30	28 214	32 957
	Ontasbare bates		86 557	24 602
	Sagteware	29	86 557	24 602
	Totaal		<u>3 148 412</u>	<u>2 957 473</u>

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

8.1	Ontleding van fondse benut om kapitale bates te bekom – 2019/20	Begrote fondse	Bystandshulp	Totaal
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Tasbare bates	3 061 855	-	3 061 855
	Geboue en ander vaste strukture	2 903 285	-	2 903 285
	Masjinerie en toerusting	130 356	-	130 356
	Grond en ondergrondse bates	28 214	-	28 214
	Ontasbare bates	86 557	-	86 557
	Sagteware	86 557	-	86 557
	Totaal	3 148 412	-	3 148 412
8.2	Ontleding van fondse benut om kapitale bates te bekom – 2018/19	Begrote fondse	Bystandshulp	Totaal
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Tasbare bates	2 932 871	-	2 932 871
	Geboue en ander vaste strukture	2 722 520	-	2 722 520
	Masjinerie en toerusting	177 394	-	177 394
	Grond en ondergrondse bates	32 957	-	32 957
	Ontasbare bates	24 602	-	24 602
	Sagteware	24 602	-	24 602
	Totaal	2 957 473	-	2 957 473
8.3	Besteding aan finansieringsooreenkomste wat by besteding aan kapitaalbate ingesluit is	Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Tasbare bates			
	Masjinerie en toerusting		34 063	30 288
	Totaal		34 063	30 288
9.	Kontant en kontantekwivalente	Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Gekonsolideerde Betaalmeestergeneraalrekening		69 863	141 203
	Uitbetalings		(3 019)	(47 420)
	Kontant voorhande		5	5
	Totaal		66 849	93 788

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

10.	Vooruitbetalings en voorskotte			
		Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Reis en verblyf		159	71
	Voorskotte betaal (nie as ontkoste gehanteer nie)	10.1	28 498	17 901
	Totaal		28 657	17 972

10.1	Voorskotte betaal (nie as ontkoste gehanteer nie)			
	Aant.	Min: Bedrag as onkoste gehanteer in lopende jaar	*Tel by of min: Ander	Tel by: Voorskotte in lopende jaar
		Saldo soos op 1 April 2019		Saldo soos op 31 Maart 2020
	10	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Distriksmunisipaliteite	17 901	(5 937)	(2 650)
	Totaal	17 901	(5 937)	19 184

\* Tel by of min Ander - Terugbetalings van distriksmunisipaliteite van voorheen onbestede voorskotte ontvang.

	Aant.	Min: Bedrag as onkoste gehanteer in lopende jaar	Tel by of min: Ander	Tel by: Voorskotte in lopende jaar
		Saldo soos op 1 April 2018		Saldo soos op 31 Maart 2019
	10	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Distriksmunisipaliteite	15 694	(567)	-
	Totaal	15 694	(567)	2 774

10.2	Voorskotte betaal (as ontkoste gehanteer)			
	Aant.	Min: Bedrag as onkoste gehanteer in lopende jaar	Tel by of min: Ander	Tel by: Voorskotte in lopende jaar
		Saldo soos op 1 April 2018		Saldo soos op 31 Maart 2019
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Staatsmotorvervoer	20 000	(20 000)	-
	Totaal	20 000	(20 000)	-

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

11. Ontvangbare rekeninge

		2019/20			2018/19		
		Lopend	Nie-lopend	Totaal	Lopend	Nie-lopend	Totaal
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	Aant.						
Eise	11.1	16 660	-	16 660	23 005	-	23 005
verhaalbaar							
Verhaalbare	11.2	3 094	-	3 094	3 228	-	3 228
uitgawes							
Personeelskuld	11.3	6 283	323	6 606	4 157	366	4 523
<b>Totaal</b>		<b>26 037</b>	<b>323</b>	<b>26 360</b>	<b>30 390</b>	<b>366</b>	<b>30 756</b>

11.1 Eise verhaalbaar

		Aant.	2019/20	2018/19
		11	R'000	R'000
Nasionale departemente	Bylae 3		-	371
Provinsiale departemente	Bylae 3		8 780	7 945
Openbare entiteite	Bylae 3		7 526	3 399
Huishoudings en instansies sonder winsoogmerk			169	181
Plaaslike regerings			185	11 109
<b>Totaal</b>			<b>16 660</b>	<b>23 005</b>

11.2 Verhaalbare uitgawes (weieringsrekeninge)

		Aant.	2019/20	2018/19
		11	R'000	R'000
Weiering: Diverse			104	234
Weiering: Skade en verliese			2 990	2 994
<b>Totaal</b>			<b>3 094</b>	<b>3 228</b>

11.3 Personeelskuld

		Aant.	2019/20	2018/19
		11	R'000	R'000
Personeelskuld/voormalige werknemers/beursskuld			6 601	4 519
Belastingkuld op salarisse			1	1
Salarisse: Mediese hulpskuld			4	1
Salarisse: Pensionfonds			-	2
<b>Totaal</b>			<b>6 606</b>	<b>4 523</b>

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

11.4	Verswakking van ontvangbare rekeninge	Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Beraamde verswakking van ontvangbare rekeninge		<u>2 968</u>	<u>2 642</u>
	Totaal		<u><u>2 968</u></u>	<u><u>2 642</u></u>
	Die verswakking word gegrond op debiteure wat aan die staatsprokureur en regsdiens vir verhalings oorhandig is.			
12.	Begrote fondse wat aan die Inkomstefonds oorbetal moet word	Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Aanvangsaldo		14 713	44 968
	Oordrag vanaf Staat van Finansiële Prestasie		10 469	14 713
	Gedurende die jaar betaal		<u>(14 713)</u>	<u>(44 968)</u>
	Eindsaldo		<u><u>10 469</u></u>	<u><u>14 713</u></u>
13.	Departementele inkomste en NRF-ontvangstes wat aan die Inkomstefonds oorbetal moet word	Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Aanvangsaldo		116 788	109 355
	Oordrag vanaf Staat van Finansiële Prestasie		240 683	135 466
	Eie inkomste by begroting ingesluit		1 727 943	1 699 978
	Gedurende die jaar betaal		<u>(1 990 336)</u>	<u>(1 828 011)</u>
	Eindsaldo		<u><u>95 078</u></u>	<u><u>116 788</u></u>
14.	Betaalbare rekeninge – lopend	Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Verrekeningsrekeninge	14.1	268	285
	Ander betaalbare rekeninge	14.2	<u>12 669</u>	<u>8 316</u>
	Totaal		<u><u>12 937</u></u>	<u><u>8 601</u></u>
14.1	Verrekeningsrekeninge	Aant.	2019/20	2018/19
		14	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Salarisse: Terugbetalings van staat se werknemerbehuisingsfonds		139	121
	Salarisse: Inkomstebelasting		91	164
	Salarisse: Pensionfonds		<u>38</u>	<u>-</u>
	Totaal		<u><u>268</u></u>	<u><u>285</u></u>
14.2	Ander betaalbare rekeninge	Aant.	2019/20	2018/19
		14	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Leerlingvaardigheidsfonds		2 500	2 704
	Kontrakteurwaarborge		2 637	2 442

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

E- Natis (administratiewe gelde)	7 532	3 170
Totaal	<u>12 669</u>	<u>8 316</u>

15. Netto kontantvloeï beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	Aant.	2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Netto oorskot soos per Staat van Finansiële Prestasie		251 152	150 179
Tel nie-kontant/kontantbewegings terug wat nie as bedryfsaktiwiteite beskou word nie		2 869 281	2 769 422
*(Styging)/daling in ontvangbare rekeninge		4 353	(1 501)
(Styging)/daling in vooruitbetalings en voorskotte		(10 685)	(2 193)
Styging/(daling) in betaalbare rekeninge – lopend		4 336	(5 073)
Opbrengste uit verkoop van kapitaalbates		(29)	(6 283)
Besteding aan kapitaalbates		3 148 412	2 957 473
Oorbetalings aan inkomstefonds		(2 005 049)	(1 872 979)
Eie inkomste by begroting ingesluit		1 727 943	1 699 978
Netto kontantvloeï voortgebring deur bedryfsaktiwiteite		<u>3 120 433</u>	<u>2 919 601</u>
16. Rekonsiliasie van kontant en kontantekwivalente vir kontantvloëidoeleindes	Aant.	2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Gekonsolideerde Betaalmeestergeneraalrekening		69 863	141 203
Uitbetalings		(3 019)	(47 420)
Kontant voorhande		5	5
Totaal		<u>66 849</u>	<u>93 788</u>

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

17. Onvoorsiene laste en Onvoorsiene bates

17.1 Onvoorsiene laste

		Aant.	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
Verskuldig aan	Aard			
Waarborge vir	Werknemers	Bylae 2A	75	75
behuisingslenings				
*Ander waarborge	Waarborge vir gruisgroewe	Bylae 2A	14 749	14 749
**Private individue	Eise teen die departement	Bylae 2B	97 261	40 274
***Verskillende departemente	Interregeringsrekeninge (onbevestigde saldo's)	Bylae 4	6	2 809
Totaal			112 091	57 907

\*Ander waarborge verteenwoordig die waarborge wat die departement verskaf vir die rehabilitasie van gruisgroewe slegs as die departement nie die kontrak nakom nie.

\*\*Alle sake wat na regsdiens en die staatsprokureur verwys is, is as onvoorsiene laste ingesluit aangesien die uitkomst van alle onafgehandelde sake onseker is.

\*\*\* Alle onbevestigde saldo's op betaalbare interregeringsrekeninge is by die rekening ingesluit aangesien die departement teen jaareinde nie met die uitstaande saldo's saamgestem het nie.

17.2 Onvoorsiene bates

Daar is 29 PILIR-sake wat tans ondersoek word en, soos op 31 Maart 2020, nog nie deur die departement van die premier afgehandel is nie.

In hierdie stadium kan die departement nie die onvoorsiene bate van die individueel- gekoppelde besparingsfasiliteit (ILSF) ooreenkomstig die staat se werknemerbehuisingskema, verwant aan bedankings en beëindiging van diens, betroubaar meet nie.

18. Kapitaalverbintnisse

		Aant.	2019/20 <b>R'000</b>	2018/19 <b>R'000</b>
<u>Aard van Kapitaalbate</u>				
Geboue en ander vaste strukture			1 513 451	3 028 728
Masjinerie en toerusting			28 954	12 588
Totaal			<u>1 542 405</u>	<u>3 041 316</u>

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

Die Gewysigde Kontantstandaard is hersien ten opsigte van die openbaarmaking van verpligtinge, wat slegs verpligtinge vir kapitaalbesteding insluit. In die AFS 2018/19 het die huidige en kapitale verpligtinge R3,479,524 (R'000) beloop, wat bestaan het uit kapitaalverbintenisse van R3,041,316 (R'000) en huidige verpligtinge van R438,208 (R'000).

19. Opgelope bedrae en ander betaalbare rekeninge nie erken nie  
19.1 Opgelope bedrae

			2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Gelys per ekonomiese klassifikasie				
	30 dae	30+ dae	Totaal	Totaal
Goedere en dienste	86 637	-	86 637	89 686
Oordragte en subsidies	6 119	-	6 119	3 489
Kapitaalbates	49 752	-	49 752	51 360
Totaal		-	142 508	144 535
Aant.				
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Gelys per programvlak				
Program 1: Administrasie			12 541	5 276
Program 2: Openbare werke-infrastruktuur			14 628	23 356
Program 3: Vervoerinfrastruktuur			90 283	97 464
Program 4: Vervoerbedrywighede			7 048	222
Program 5: Vervoerregulering			17 548	18 079
Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme			460	138
Totaal			142 508	144 535

Die wesentliche opgelope bedrae verteenwoordig betalings aan eiendom, instandhouding en herstelwerk en kapitaalprojekte.



**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

19.2 Betaalbare rekeninge nie erken nie

			2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Gelys per ekonomiese klassifikasie				
	30 dae	30+ dae	Totaal	Totaal
Goedere en dienste	25 854	7	25 861	29 675
Oordragte en subsidies	78	-	78	112
Kapitaalbates	43 079	-	43 079	26 381
<b>Totaal</b>		<b>7</b>	<b>69 018</b>	<b>56 168</b>

	Aant.	2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Gelys per programvlak			
Program 1: Administrasie		1 403	85
Program 2: Openbare werke-infrastruktuur		19 996	20 006
Program 3: Vervoerinfrastruktuur		46 085	33 128
Program 4: Vervoerbedrywighede		1 097	2 057
Program 5: Vervoerregulering		-	803
Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme		437	89
<b>Totaal</b>		<b>69 018</b>	<b>56 168</b>

	Aant.	2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
Ingesluit by die bogenoemde totale is die volgende:			
<b>Bevestigde saldo's by die departemente</b>	Bylae 4	218	262
<b>Bevestigde saldo's by ander staatseenhede</b>	Bylae 4	5 239	4 232
<b>Totaal</b>		<b>5 457</b>	<b>4 494</b>

Die wesentliche opgelope bedrae verteenwoordig betalings aan eiendom, instandhouding en herstelwerk en kapitaalprojekte.

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

20. Werknemervoordele

	Aant.	2019/20	2018/19
		<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
*Reg op verlof		31 645	27 842
Diensbonus (dertiende tjek)		23 718	21 312
Prestasietoekennings		4 827	4 044
Boperkverlofverpligtinge		22 403	22 827
**Ander		6 563	5 278
Totaal		89 156	81 303

\* Negatiewe verlofbedrae vir 2019/20 van R1,783 miljoen is nie ingesluit by voorsiening vir reg op verlof nie.

\*\* Ingesluit by Ander:

Langdienstoekennings: Op hierdie stadium kan die departement nie die langtermyn-gedeelte van die langdienstoekennings betroubaar meet nie.

Oplopings: Verteenwoordig oplopings ten opsigte van vergoeding van werknemers.

Uittree-gratifikasie: 'n Voorsiening gemaak vir 'n uittree-gratifikasie van R 1,384 miljoen (2019/20) verskuldig aan Minister BS Madikizela en R1,366 miljoen (2018/19) weens Minister DAC Grant.

21. Bruikhuurverpligtinge

21.1 Besteding aan bedryfsbruikhuurooreenkomste

	Geboue en ander vaste strukture	Masjinerie en toerusting	Totaal
	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
2019/20			
Nie later as 1 jaar nie	151 251	3 069	154 320
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	221 121	1 166	222 287
Later as 5 jaar	47 872	-	47 872
Totale bruikhuurverpligtinge	420 244	4 235	424 479

	Geboue en ander vaste strukture	Masjinerie en toerusting	Totaal
	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
2018/19			
Nie later as 1 jaar nie	128 721	3 608	132 329
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	221 090	3 260	224 350
Later as 5 jaar	15 793	-	15 793
	420 244	4 235	424 479

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

Totale bruikhuurverpligtinge	365 604	6 868	372 472
------------------------------	---------	-------	---------

Bruikhuurverpligtinge vir eiendomme word bereken gegrond op 'n kontraktuele verpligting tussen die departement en die verhuurders. Die huurooreenkomste het 'n eskalاسie van tussen 0% en 10%. Die Departement huur tans 180 fasiliteite.

21.2 Verpligtinge ten opsigte van finansieringsbruikhuurooreenkomste

	Masjinerie en toerusting <b>R'000</b>	Totaal <b>R'000</b>
2019/20		
Nie later as 1 jaar nie	34 284	34 284
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	48 555	48 555
Totale bruikhuurverpligtinge	82 839	82 839

	Masjinerie en toerusting <b>R'000</b>	Totaal <b>R'000</b>
2018/19		
Nie later as 1 jaar nie	31 199	31 199
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	54 332	54 332
Totale bruikhuurverpligtinge	85 531	85 531

Masjinerie en toerusting is ten opsigte van finansiële bates vir vervoerhuurkontrakte. Die Departement het soos op 31 Maart 2020 495 voertuie van Staatsmotorvervoer (SMV) gehuur ((Maart 2019: 501 voertuie). Dagtariewe is op 'n maandelikse basis betaalbaar en dek die bedryfskoste, kapitaalkoste van die vervanging van voertuie en die implisiete finansieringskoste in hierdie tipe reëling.

Die implisiete rente word gebaseer op die provinsiale tesourie se goedgekeurde tariewe vir SMV. Die Departement gebruik die voertuie vir die grootste gedeelte van die voertuig se nuttige leeftyd. Die ooreenkoms maak nie voorsiening vir voorwaardelike huurbetalings nie en aan die einde van die nuttige leeftyd, soos bepaal deur die bruikverhuurder, word die voertuie teruggegee en op 'n veiling verkoop tot voordeel van die bruikverhuurder.

21.3 Inkomste uit bedryfshuurooreenkomste

	Geboue en ander vaste strukture <b>R'000</b>	Totaal <b>R'000</b>
2019/20		
Nie later as 1 jaar nie	51 730	51 730
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	139 848	139 848
Later as 5 jaar	159 067	159 067
Totale ontvangbare inkomste uit bruikhuurooreenkomste	350 645	350 645

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

2018/19	Geboue en ander vaste strukture R'000	Totaal R'000
Nie later as 1 jaar nie	52 002	52 002
Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie	151 004	151 004
Later as 5 jaar	195 627	195 627
Totale ontvangbare inkomste uit bruikhuurooreenkomste	398 633	398 633

Die bruikhuurverpligtinge word bereken op grond van 'n kontraktuele verpligting tussen die Departement en die bruikhuurder en toon die bedrag inkomste wat na verwagting ontvang sal word. Dit kom neer op 45 bruikhuurooreenkomste. Die bruikhuurooreenkomste het 'n jaarlikse eskalاسie van tussen 0% en 10%.

22. Opgelope departementele inkomste

	Aant.	2019/20 R'000	2018/19 R'000
Belastinginkomste		36 234	39 760
Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates		81 529	74 759
Verkoop van kapitaalbates		-	200
Totaal		117 763	114 719

Daar moet voorts kennis geneem word dat indien onwettige okkuperders van staatseiendom nie huurooreenkomste onderteken nie tot dit gevolg kan hê dat die Departement die risiko loop om R 1,518 miljoen aan huurinkomste per jaar te verloor. Kredietsaldo's ter waarde van R 8,601 miljoen is nie ingesluit by die berekening van uitstaande skuld nie.

22.1 Ontleding van opgelope departementele inkomste

	Aant.	2019/20 R'000	2018/19 R'000
Aanvangsaldo		114 719	101 036
Min: bedrae ontvang		(124 360)	(102 981)
Tel by: bedrae erken		127 604	118 159
Min: bedrae afgeskryf/omgekeer as onverhaalbaar		-	(1 495)
Min: bedrae oorgedra na debiteure om verhaal te word		(200)	-
Eindsaldo		117 763	114 719

22.2 Opgelope departementele inkomste afgeskryf

	Aant.	2019/20 R'000	2018/19 R'000
Aard van verliese			
Huurgeld – onverhaalbaar		-	1 495
Totaal		-	1 495

**WES-KAAPSE REGERING  
VERVOER EN OPENBARE WERKE  
BEGROTINGSPOS 10**

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE JAARSTATE  
vir die jaar geëindig 31 Maart 2020**

22.3	Verswakking van opgelope departementele inkomste			
		Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Beraamde verswakking van opgelope departementele inkomste		42 586	43 331
	Totaal		<u>42 586</u>	<u>43 331</u>

Die verswakking word gegrond op debiteure wat aan die staatsprokureur en regsdiens vir verhaling oorhandig is.

23. Onreëlmatige uitgawes  
23.1 Rekonsiliasie van Onreëlmatige uitgawes

		Aant.	2019/20	2018/19
			<b>R'000</b>	<b>R'000</b>
	Aanvangsaldo		-	447
	Tel by: Onreëlmatige uitgawes – verwant aan vorige jaar	23.2	118	-
	Tel by: Onreëlmatige uitgawes – verwant aan lopende jaar		-	1
	Min: Bedrae uit vorige jaar gekondoneer		-	(447)
